DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

1 Desember 1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



Polisie slaan toe in Lubowski-moord - 3

# LOTHAR SE DOEPA



Dirk Coetzee

## 'Hy het die gif aan my gegee'

Jacques Pauw

**GENERAAL Lothar Neethling het persoonlik gif aan kaptein Dirk Coetzee verskaf om twee ANC-verdagtes mee te vergiftig. By 'n ander geleentheid het die generaal 'n slaapmiddel aan Coetzee gegee om 'n ANC-lid uit Swaziland mee te ontvoer.**

Dié en nuwe onthullings oor die vergiftiging van ANC-lede is vandeesweek deur Coetzee gemaak kort nadat Neethling, hoof van die forensiese laboratorium in Pretoria en assistent-kommissaris van polisie, gedreig het om Vrye Weekblad weens beweerde laster vir R500 000 te dagvaar.

*Intussen verneem Vrye Weekblad dat die Britse polisie opnuut ondersoek instel na die bomontploffing by die Londense kantore van die ANC in 1982. Die Britse regering is baie ontsteld oor Coetzee se bewering dat die plofstof wat vir die bom gebruik is, met die diplomatieke sak na 'n SA agent gesmokkel is.*

Die Britse owerhede het reeds laat blyk dat hulle baie graag vir Coetzee wil ontmoet om verdere inligting en getuienis oor die bomontploffing in te samel. Die dossier is nog nooit gesluit nie.

Intussen is die verslag van die McNally-kommissie oor die bewerings van Coetzee en Almond Nofomela voltooi en aan Staatspresident FW de Klerk oorhandig. Na verwagting sal De Klerk onder toenemende druk plaaslik en uit die buiteland 'n

*Vervolg op bladsy 2*



Lothar Neethling

Eksklusief: 'n Polisieman bieg voor sy broer

# Nuwe lig op Mxenge-moord

Jacques Pauw

SERSANT JEFFREY BOSIGO, 'n "gedraaide" ANC-guerrilla wat die afgelope sewe jaar 'n lid van die polisie se moordbende is, het voor sy broer gebieg oor sy aandeel in die moorde op die menseregte-prokureur Victoria Mxenge en dr Fabian Ribeiro en sy vrou.

Dié nuwe getuienis oor verdere sluipmoorde deur die polisie se moordbende het vandeesweek na vore gekom nadat Bosigo se broer, Mmutle Bosigo, in 'n onderhoud aan Vrye Weekblad vertel het van sy jarelange stryd om sy jonger broer te oorreed om sy lewe van moord en geweld te stop.

Sersant Bosigo, wat sowat twee weke gelede sy huis in Soshanguve naby Pretoria verlaat het, het oor die jare sy broer in sy vertroue geneem en hom vertel van die talle operasies waaraan hy deelgeneem het. Hy het gespog oor die Russiese wapens en handgranate wat in 'n trommel onder sy bed gelê het.

Mmutle Bosigo, 'n welgestelde sakeman en boer, sê: "Ek het van baie gehoor, want Jeff het graag daaroor gepraat. Hy het my vertel hulle het daai vrou Mxenge en dokter Ribeiro doodgemaak.

"Ek ken al daai mense in die moordbende. As hulle in die wêreld op operasies gegaan het, het hulle by my aan huis kom bly. Ek ken Nufomela, Tshikalanga, Dirk Coetzee en Eugene de Kock."

Bosigo vertel dat dié familie die afgelope dertien jaar bitterlik verskeur is nadat Jeff en sy jonger broer, Godfrey, na die onluste van 1976 die land verlaat het om by die ANC aan te sluit. Jeffrey het teruggekom en lid van die moordbende geword, terwyl Godfrey nooit weer iets van hom laat hoor het nie.

Bosigo sê dit is juis Jeffrey Bosigo se vermoede dat sy broer in 'n ANC-kamp dood is, wat hom die afgelope jare so dryf na geweld en moord. Hy vertel: "As ek vir Jeff vra hoekom hy dit doen, dan huil hy en sê dit gaan oor Godfrey.

"Jeff huil baie. Hy het anderdag gehuil en vir my gesê hy kan nie uit die polisie weggaan nie, want hy weet te veel. Toe hy destyds gevang is, het hulle vir hom gesê as hy nie aansluit nie, gaan hy minstens tien jaar in die tronk sit. Hy is bang as hy nou loop, vat hulle hom weer tronk toe."

Bosigo sê hy het in 1984 die eerste keer gehoor wat Jeffrey Bosigo werklik doen toe hy hom vertel het dat sy bende Victoria Mxenge vermoor het. Haar man, Griffiths Mxenge, is in November 1981 na bewering deur die moordbende vermoor.

Kaptein Dirk Coetzee, onder wie Bosigo sy loopbaan in die moordbende begin het, het vandeesweek gesê dat hy Almond Nofomela, tans in die dodeselle vir moord, opgevolg het as die bende se belangrikste sluipmoordenaar.

"Elke bende het benewens sy twee wit offisiere wat bevel uitoefen, ook iemand wat die leiding neem. In my tyd was Nofomela daardie man, en nadat hy tronk toe is, het Jeff sy rol oorgeneem. Dis nie aldag dat 'n gewese ANC-guerrilla 'n sersant in die polisie word nie," sê Coetzee.

Jeffrey Bosigo het Suid-Afrika in 1976 op agtienjarige leeftyd verlaat nadat die polisie hom weens brandstigting gesoek het. Hy is na Botswana vanwaar hy in verskeie lande as ANC-guerrilla opgelei is.

In 1979 het Mmutle Bosigo na Botswana gegaan om Jeffrey te probeer ompraat om terug te kom na Suid-Afrika. Hy het vooraf ook met die owerhede in Bophuthatswana onderhandel om vir sy broer beskerming te probeer kry.

Nadat Bosigo hom in Bophuthatswana oorgegee het, is beide broers vir byna 'n jaar lank aangehou. Jeffrey is Vlakplaas

*Vervolg op bladsy 2*

*Vervolg van bladsy 1*

# Nog onthullings oor vergiftiging

geregtelike kommissie van ondersoek aanstel om die volle omvang van moordbendes te ondersoek.

Neethling, wat ook gedreig het om Weekly Mail vir R500 000 te dagvaar, beweer dat Coetzee se onware bewerings sy hele polisieloopbaan in gevaar gestel en hom en sy gesin se lewens bedreig het. Hy kan kwalik meer reis sonder dat sy eie lewe bedreig word, sê die generaal.

In die gewraakte berig in Vrye Weekblad vertel Coetzee dat hulle gif, voorberei deur die polisie se forensiese laboratorium, in die koeldrank en bier van twee gewese ANC-lede wat geëlimineer moes word, Vusi en Pieter, moes gooi. Coetzee verwys na die gif as "Lothar se Gif".

"Voor die operasie om Vusi en Pieter te elimineer, is ek en Koos Vermeulen deur brigadier Willem Schoon opdrag gegee om na Neethling se kantoor by die forensiese laboratorium in Jacob Maréstraat te gaan om die gif te gaan haal. In sy kantoor het 'n Oostelikes-rugbyfoto gehang en 'n sertifikaat dat hy in die Concorde of een of ander snaakse vliegtuig gevlieg het.

"Hy het eers die slaapdruppels uit sy kluis gehaal en vir ons vier tot agt druppels per volwasse man uitgemeet indien ons dit sou nodig kry. Hy het ons gewaarsku om nie te veel te gebruik nie omdat 'n oordosis fataal mag wees.

"Daarna het hy 'n gryserige poeier uitgehaal en vir ons gesê as iemand daarvan inkry, gaan hy dood aan 'n hartaanval. Hy het gesê hulle het dit op skape getoets en dit is baie effektief."

Coetzee vertel dat hulle Neethling se voorskrif noukeurig gevolg en 60 milligram van die gif in die twee slagoffers se drankies gegooi het. Nadat dit nie wou werk nie, is Vermeulen terug na Pretoria waar hy nog van die gif gaan haal het. Die tweede dosis van 120 milligram het ook nie die gewenste uitwerking gehad nie.

"Toe die gif steeds nie wou werk nie, is ek saam met Vermeulen weer terug na Pretoria waar ons vir Lothar die Sondagoggend by sy huis gaan sien het.

"Hy het in die Hatfield-omgewing naby Tukkies gebly. Ek onthou nog hy het twee verskriklike wreedaardige Dobermans of Rottweilers gehad.

"Hy het uitgekom in sy pajamas en gou 'n kortbroek en slippers aangetrek voor ons saam met hom na die forensiese laboratorium gery het. Neethling kon nie glo dat die gif nie wou werk nie.

"Hy het van sy chemiese boeke uit sy boekrak gehaal en daarin rondgeblaai.

"Hy het dieselfde gif uitgehaal en dié keer 180 milligram afgemeet. Hy het die gif self opgelos en dit in een van my insulienspuite opgetrek en mek het dit met foelie toegedraai," vertel Coetzee, wat 'n suikersiektelyer is en daagliks insulien moet inspuit.

"Neethling het gevra dat ek vir hom aantekeninge moet hou oor die uitwerking van die gif. Ek het die aantekeninge in my ondersoekboek gemaak."

Coetzee vertel dat nadat die derde dosis van 180 milligram (360 milligram altesame) nie wou werk nie, is Vusi en Pieter die slaapmiddel ingegee voor hulle uiteindelik deur die kop geskiet en verbrand is.

Coetzee vertel dat die slaapdruppels in verskeie binnelandse en buitelandse operasies gebruik is. Coetzee vertel dat hy persoonlik van die slaapdruppels by Neethling se kantoor gaan haal het.

Hy onthou 'n spesifieke operasie in Swaziland waar hy en Almond Nofomela 'n ANC-be-velvoerder met die MK-naam van General moes ontvoer. Hy het vir dié operasie agtien druppeltjies van Neethling ontvang, onthou Coetzee.

• 'n Bron van Coetzee, Dennis Gordon Lockwood, was veronderstel om die druppeltjies in General se drankies te gooi. Die druppels moes hom uitsit, waarna hy ontvoer sou word.

Die druppels is egter per abuis in General se drywer se drankie gegooi en hy is vinnig droomland toe. Coetzee en Nofomela het General in sy kamer beetgepak, maar hy het losgeruk en het deur die venster ontsnap.

Coetzee vertel van 'n verdere geval waar nog 'n gevange verdagte ANC-lid bloeding op sy brein opgedoen het nadat hy in 'n poging om te ontsnap by 'n venster uitgeduik het.

Omdat die polisie bang was vir nog 'n Biko-geval, moes die man verdwyn. Hy is na Komatipoort geneem en van die slaapdruppels ingegee voordat hy tromp-op deur sy kop geskiet en verbrand is.

Coetzee was ook betrokke by die dramatiese vergiftiging van die Oos-Kaapse Cosas-leier Siphiwe Mtimkulu in 1981. Hy is met thallium vergiftig voordat hy een dag spoorloos verdwyn het. Hy het verdwyn kort nadat hy die Minister van Polisie vir R150 000 gedagvaar het.

Kort voor hy na vyf maande se aanhouding vrygelaat is, is Coetzee aangesê dat hy dalk Mtimkulu sal moet elimineer. "In daardie stadium het die polisie nog nie geweet hoe hulle dit wil doen nie.

"Hulle het uiteindelik op vergiftiging besluit."

*Vervolg van bladsy 1*

## Griffiths Mxenge

toe gestuur waar hy ingestem het om deel van die veiligheidspolisie se teeninsurgensie-eenheid te word.

"Ek het daai tyd al vir Jeff gesê: broer, jy *maak 'n fout. As jy dan soldaat moet wees,* sterf liewer as 'n held vir die ANC as 'n lafaard vir die polisie. Sorg dat jy daar wegkom, hulle gaan jou net misbruik."

Bosigo sê dat Jeffrey in die begin vir hom gesê het dat hy "terroriste jag" en dat hy veral in Durban, Swaziland, Lesotho en die Transvaal werk. Hy het gepraat oor sy verskriklike haat vir die ANC nadat sy broer verdwyn het.

Die broers se pa, John Bosigo, is in 1982 na Botswana om na sy ander seun te gaan soek. Hy kon hom egter nie opspoor nie.

"Ek het met 'n besoek aan Jeff die handgranate en masjiengeweer onder sy bed gesien saam met twee vals paspoorte. Ek het hom gevra: broer, wat maak jy met al die goed. Hy het vir my vertel van die Mxenge-vrou.

"Ek het Jeff probeer oorreed dat ons 'n goeie, hardwerkende familie is. Hy het gehuil en gesê hy kan niks daaraan doen nie, want hy wil nie tronk toe gaan nie.

"Ek het vir Jeff 'n bakkie gekoop en sy huis laat mooimaak. Ek het vir hom gesê ek sal vir hom 'n groot huis hier in Mmabatho koop, een van my besighede gee en sy vrou universiteit toe stuur om verder te leer. Hy het net gesê hy kan nie."

Bosigo het uit sy eie vir majoor Eugene de Kock, wat Coetzee as bevelvoerder van die moordbende opgevolg het, op Vlakplaas gaan sien om hom te ooreed om Jeffrey te laat gaan. "De Kock het net gesê ek moet nie bekommerd wees nie, want Jeffrey doen goeie werk. Ek het nooit weer iets gehoor nie."

Die laaste operasie waarop Jeffrey was, sê Bosigo, was laat verlede jaar toe hy gewond is tydens 'n geveg met ANC-guerrillas "in 'n motel êrens". Volgens Bosigo is hy in sy hand, bene en skouer geskiet. Nadat Jeffrey uit die hospitaal ontslaan is, het Bosigo hom vir drie weke opgepas.

"Jeff het gevra dat ek vir hom 'n prokureur moet kry omdat die polisie gesê het hy gaan R3 000 vir dié operasie betaal word. Ek het gesê hy moet dit los want dis in elk geval bloedgeld."

Bosigo sê dat Jeffrey nooit enige besonderhede oor die moorde gegee het waarin hy



**Griffiths Mxenge**

na bewering betrokke was nie. Hy het net soms name genoem van slagoffers van die moordbende. Bosigo sê hy onthou die name van Mxenge en Ribeiro definitief.

"Toe Jeff my vertel het van Mxenge en Ribeiro, het die name vir my niks beteken nie. Dis eers nou wat ek besef dat dit belangrike mense was wat Jeff sê hy help doodmaak het."

* Victoria Mxenge, 'n tesourier van die UDF, is in 1985 geskiet en en met 'n byl doodgekap. Nufomela het in sy beëdigde verklaring gesê dat Coetzee kort na die dood van Griffiths Mxenge al die moontlikheid genoem het dat sy vrou dalk ook vermoor sal moet word. Coetzee het vandeesweek gesê dat die moontlikheid om Victoria ook te elimineer, wel na die moord op haar man genoem is.

* Ribeiro, 'n anti-apartheidsaktivis van Mamelodi net buite Pretoria, is in 1986 deur twee gemaskerde mans doodgeskiet. 'n Gewese Rhodesiese Selous Scout, James Robey, is by die moord geïmpliseer toe sy kar se registrasienommer voor Ribeiro se huis neergeskryf is. Hy is egter van alle blaam onthef. Die geregtelike ondersoek het bevind dat die egpaar deur "onbekende aanvallers" doodgeskiet is.

# Gee vir ons gif en ontgin St Lucia, sê minister

**DIE minister van Omgewingsake en Waterwese, Gert Kotze, het gister in Pretoria gesê die regering sal dit oorweeg om giftige afval van die buiteland af in te voer.**

**Dit, sê Kotze, sal slegs gedoen word om 'n toksiese afval-aanleg in Suid-Afrika finansieël lewensvatbaar te maak.**

**As die finansiële lewensvatbaarheid van so 'n aanleg van die invoer van oorsese giftige afval afhang, sal die regering dié besluit moet neem.**

**Maar op die oomblik word geen aanleg van dié aard oorweeg nie, sê hy.**

**Kotze het ontken dat die departement van Omgewingsake dit oorweeg om nou met só 'n aanleg aan die Weskus te begin.**

**Hy het bygevoeg dat die regering nooit die invoer van giftige afvalstowwe vir bergingsredes sal oorweeg nie.**

**Die regering het reeds sulke aansoeke verwerp.**

**Ten opsigte van die St Lucia-ontginningskwessie sê hy dat die regeringskomitee wat besluit oor die toekenning van ontginningsregte deur hom geadviseer sal word. Hulle sal in gedagte moet hou wat die uitwerking op die groter St Lucia-gebied sal wees en nie net die ontginde gebied nie, sê hy.**

**Hy het aangedui dat hy nie die toekenning van ontginningsregte sal teëstaan nie.**

**Kotze sê die regering sal streng beheermaatreëls instel oor die ontginning van die St Lucia-gebied en ook vir die rehabilitasie van die gebied na die tyd.**

**Hy sê dat 'n redelike klein deel van die gebied geraak gaan word deur ontginning.**

**'n Impakstudie deur die mynmaatskappy wat die gebied wil ontgin, is na hulle terugverwys, maar hy verwag binnekort weer só 'n studie van die maatskappy.**

**Die owerhede gaan aanbeveel dat die teerpaale wat in die gebied gebou gaan word van so 'n aard sal wees dat toeriste dit weer na die tyd kan gebruik.**



**Die mynprojek gaan omtrent 20 jaar duur.**

**Kotze sê die departement van Omgewingsake het talle petisies ontvang van mense wat hulle teen die ontginning van die St Lucia-duingebied uitspreek, en dat hulle nie koud teenoor openbare mening staan nie.**

**"Dit is belangrik om kennis van petisies te neem," sê Kotze, "maar petisies moet gegrond wees en sommige van dié wat hy ontvang het, was nie baie indrukwekkend nie." - Sapa**



David Webster
*(Foto: Cedric Nunn - Afrapix)*

# Verdagte vas oor Lubowski en Webster

**Anton Steenkamp**

FERDI BARNARD, 'n oud-polisieman en die seun van 'n kolonel in die SAP, word na bewering in Johannesburg aangehou in verband met die moorde op David Webster en Anton Lubowski.

Brig Leon Mellet, woordvoerder van die departement van Wet en Orde, het gisteraand bevestig dat 'n 31-jarige voormalige polisiesersant onder artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou word in verband met die moorde.

Die bestaan van 'n organisasie wat moorde op politieke aktiviste beplan, is glo deur die aangehoudene opgehaal tydens ondervraging deur die Brixtonse Moord- en Roofeenheid, volgens berigte.

Mellet het in die verklaring bevestig dat die aangehoudene aan die Wes-Randse Narkotika-tak van die SAP verbonde was. Hy is in 1984 ontslaan toe hy skuldig bevind is aan moord, poging tot moord en diefstal.

Die jongste wending in die sage rondom Webster en bewerings rondom moordbendes in die SAP het aan die lig gekom nadat die aangehoudene se pa 'n hofbevel aangevra het dat sy seun vrygelaat moet word. Die Brixtonse Moord- en Roofeenheid het die aansoek teengestaan, en dis in die Pretoriase Hooggeregshof van die hand gewys deur regter Johan Kriegler.

Regter Kriegler het beslis dat die hofdokumente, wat as "hoogs geheim" beskryf is, nie openbaar gemaak mag word nie.

Die verdagte is blykbaar 'n paar weke gelede in hegtenis geneem nadat hy op parool vrygelaat is terwyl hy ses jaar tronkstraf vir moord uitgedien het.

Die polisie het gisteraand gesê die moontlikheid dat nog mense in hegtenis geneem kan word, is nie uitgesluit nie.



Anton Lubowski
*(Foto: John Liebenberg)*

# Só het Oos-Kaapse aktivis verdwyn

**Jacques Pauw**

NUWE feite rondom die geheimsinnige vergiftiging en verdwyning van 'n opgewekte 21-jarige Oos-Kaapse aktivis sewe jaar gelede, is vandeesweek deur kaptein Dirk Coetzee bekend gemaak. Hy beweer dat Mtimkulu deur die veiligheidspolisie vermoor is.

Siphiwo Mtimkulu het op 14 April 1982 met rolstoel en al spoorloos verdwyn onderweg na die hospitaal vir mediese behandeling. Hoewel hy nie kon loop of staan nie, het die polisie gesê hulle vermoed dat hy landuit gevlug het.

Mtimkulu, wie se vergiftiging en verdwyning internasionale opslae gemaak het, is wreed aangerand terwyl hy in aanhouding was. Na bewering moes hy vir twaalf dae op regopstaande bakstene staan en is geskok indien hy afgeval het.

Met die herdenking van die dood van Steve Biko is hy in dieselfde sel as dié swart bewussynsleier aangehou en 'n veiligheidspolisieman het vir hom 'n kers gebring om hom aan Biko se lot te herhinner.

Coetzee vertel dat hy 'n ruk voor Mtimkulu se vrylating op 20 Oktober 1981 deur brig H van der Hoven aangesê is om reg te wees om Mtimkulu te elimineer. "In daardie stadium het die polisie reeds besluit dat hy geëlimineer moet word. Indien hulle sou besluit om hom te ontvoer en te skiet, sou dit ek gewees het."

Mtimkulu was reeds baie swak toe hy vrygelaat was. Dieselfde dag het hy begin kla van maag- en voetpyn. Hy is in die Livingston-hospitaal opgeneem en binne twee dae na Groote Schuur oorgeplaas. In daardie stadium kon hy nie meer loop nie, sy hare het begin uitval en hy was deurmekaar.

Prof Frances Ames het die jongman onder hande geneem en met behulp van oorsese laboratoriums is thallium-vergiftiging geïdentifiseer. Thallium is baie jare reeds in Suid-Afrika en oorsee verbode. Dit is reuk- en smaakloos en is al die "volmaakte gif" genoem.

Coetzee sê Mtimkulu het te min van die gif ingekry. "Ek is agterna vertel dat hulle die gif onder meer in vrugtesap gegooi het wat hy gedrink het, maar dat hy nie alles gedrink het nie.

Tydens sy verdwyning was 'n siviele eis van R150 000 teen die minister van Polisie hangende. Mtimkulu het die geld geëis nadat daar positief vasgestel is dat hy met thallium vergiftig is.

Met die dag van sy verdwyning het 'n dokter gesien hoe Mtimkulu die Livingston-hospitaal binnegaan. Die dokter het hom aangesê om vir hom te wag. Hy is hierna nooit weer gesien nie.

Die polisie in Lesotho het ondersoek ingestel na die bewerings dat hy na die ANC in dié land gevlug het.

Hulle hou vol dat hy nooit die land binnegegaan het nie. Sy ouers het hom ook in Lesotho gaan besoek.

Die polisie het selfs vir 'n ruk gesê dat klagtes teen Mtimkulu ondersoek word omdat hy Suid-Afrika onwettig sou verlaat het.

Met sy verdwyning was daar 11 000 vlugtelinge in Lesotho - almal geregistreer met 'n identiteitskaart, blyplek en 'n toelaag. Die Verenigde Volke het ook sy verdwyning ondersoek en bevind dat hy gewis nie vir vlugtelingstatus daar aansoek gedoen het nie.



Mangosuthu Buthelezi - "die vyand van alles wat die breë demokratiese beweging in Suid-Afrika probeer doen".

# Kloof tussen ANC en Inkatha al groter

**Max du Preez**

PARYS - Die breuk tussen die ANC en hoofman Mangosuthu Buthelezi van KwaZulu het nou 'n kloof geword wat bitter moeilik oorbrug gaan word.

'n Senior ANC-leier het tydens die besoek van die kongresgangers van die France-Liberté-konferensie oor Suid-Afrika aan die Franse parlement gesê Buthelezi is "die vyand van alles wat die breë demokratiese beweging in Suid-Afrika probeer doen".

Buthelezi is niks meer as 'n doodgewone tuislandleier nie, wat soos die ander tuislandleiers in die diens van die regering staan. Hy is 'n goeie vriend van die Pretoria-regering en doen hul werk vir hulle, het die ANC-woordvoerder gesê.

Later, tydens 'n bespreking oor onderhandeling in die konferensie self, het 'n ander senior woordvoerder van die ANC gesê Buthelezi sal wel aan die uiteindelike onderhandelinge oor 'n skikking mag deelneem.

"Maar hy sal nie deel kan wees van ons kant van die tafel nie. Hy sal deel moet wees van die regering se kant," het hy gesê.

Die gevoelens tussen Inkatha en die ANC loop juis op die oomblik hoog, weens die wegbreek van die mees senior troonopvolger van die Zoeloe-koningshuis, prins Mcwayizeni Zulu, wat hom nou by die ANC/MDM-kamp skaar. Dit is 'n uiters gevoelige slag vir Inkhata, vir Buthelezi en tradisionele Zoeloe-politiek.

# Nuwe alliansies op vooraand van 'volksparlement'

**Elsabé Wessels**

DIE vorming van nuwe alliansies tussen buiteparlementêre groepe op die vooraand van die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms voorsien die moontlikheid van 'n versterkte eenheidsfront teen apartheid.

Die anti-apartheidskonferensie, wat die karakter van 'n volksparlement kan aanneem, word op 9 Desember in Johannesburg gehou.

Daar word voorsien dat die konferensie 'n sterk boodskap na staatspresident FW de Klerk sal stuur oor eise ten opsigte van die afskaffing van apartheid en die eise vir 'n onderhandelde vrede.

Die ontwikkeling van sterker en nouer bande tussen die breë demokratiese beweging en die Black Consciousness Movement (BCM) word deur waarnemers in die vooruitsig gestel.

Die historiese bande tussen die BCM en die breë demokratiese beweging, wat dateer uit die jare sewentig, kan deur onderhandeling en gesamentlike optrede opnuut versterk word, is dié week voorspel.

Die vorming van alliansies om veral gesamentlike aksieprogramme, soos die huidge versetveldtog, van stapel te stuur, kan veral druk op die regering verhoog.

Die BCM, wat tans hoofsaaklik bestaan uit 'n klein groepie ideoloë, was verantwoordelik vir die herlewing van politieke beweging in die jare sewentig. Talle aktiviste het hulle politieke vuurdoop in die BCM gehad.

Organiseerders het beklemtoon dat daar nie van afgevaardiges verwag word om enige standpunt na te praat nie en dat elkeen die kans gegun sal word om sy/haar eie opinie te stel. Die doel is egter om so 'n sterk standpunt moontlik in te neem oor die regering se voorstelle vir swart politieke deelname.

Gemeenskaplike voorstelle vir onderhandeling en die loods van gesamentlike aksies teen apartheid sal die sukses van die konferensie bepaal.

Soveel as 3 000 verteenwoordigers van meer as 'n 1 000 organisasies word by die konferensie verwag.

Die vakbondbewegins Cosatu, Nactu en die onafhanklike vakbonde sal gesamentlik sowat 500 afgevaardigdes stuur. Sowat 200 afgevaardigdes word van kerkorganisasies verwag.

'n Sterk afvaardiging van buitelandse waarnemers het ook reeds aansoek gedoen om die verrigtinge by te woon.

Die reëlingskomitee het reeds aanduidings van die Demokratiese Party, die Seoposengwe Party van Bophuthatswana, die Inyandza-nasionale beweging waarvan KanGwane se hoofminister Enos Mabusa die president is, en verskeie ander gemeenskaps-, kerk- en vrouegroepe ontvang. Meer as 20 persent van die afgevaar[illegible] plattelandse gebiede afkomstig.




Daar kom 'n tyd in die lewe wanneer 'n mens die reg verdien het om self aan die ontvangkant te staan.

As u ál die inkomstebelasting wat u tot dusver betaal het as een groot bedrag kon kry, kon u waarskynlik vandag nog aftree.

Wel, ons kan dit ongelukkig nie vir u terugkry nie, maar ons **kan** u wel die Dynamic Life Beleggingsvoorsiener aanbied – 'n nuwe beleggingskonsep met 'n lae risiko en uitmuntende opbrengs met egte belastingvoordele.

Daar is twee optimum-opsies, na gelang van u besondere behoeftes.

Die **Kapitaalplan** is ontwerp vir die grootste moontlike opbrengs oor 10 jaar uit 'n minimum-belegging van R5 000. Dit is 'n veilige belegging en bied beskerming teen inflasie deur die maksimum-kapitaalgroei te verseker.

Vir 'n minimum-belegging van R10 000 is daar die **Inkomsteplan**, wat u kapitaal beskerm terwyl u 'n baie gunstige beleggingsinkomste geniet, deels belastingvry. Aan die einde van die 10 jaar kry u u kapitaal terug, volkome belastingvry.

DYNAMIC LIFE

As daar 'n stewige bedrag na u op pad is, dalk omdat 'n bestaande polis uitbetaal word, vul die koepon in en stuur dit aan ons ... en vind uit hoe ons **u** aan die ontvangkant kan plaas.

Stuur hierdie koepon Posvry aan:
Dynamic Life Beleggingsvoorsiener, Metropolitan Lewens Bpk., Vrypos CT 75, Kaapstad 8000.
Stuur my asseblief alles wat ek van Beleggingsvoorsiener moet weet.

Naam ______ Geboortedatum ______

Adres ______

Kode ______ Tel ______

Naam van gebruiklike Metropolitan Lewens-verteenwoordiger of makelaar. ______

METROPOLITAN LEWENS BPK.

Dinamiese antwoorde vir mense soos u.

Vrye Weekblad

Y&R 19335


## Mandela besorg oor berigte

NELSON Mandela is besorg oor berigte dat hy die gebruik van 'n faksmasjien het, sê sy mede ANC-lid, Raymond Mhlaba.

Mhlaba, 'n voormalige Oos-Kaapse leier van die ANC en een van die sewe leiers wat onlangs vrygelaat is, het Woensdag met Mandela by die Victor Verster-gevangenis in die Paarl gepraat.

Mhlaba het Mandela oor ANC-byeenkomste ingelig. Mandela het gekla oor "verkeerde propaganda" dat hy 'n faks tot sy beskikking het, en gevra dat Mhlaba die saak regstel.

Mhlaba is ook destyds tydens die Rivonia-verhoor aangekla.

Volgens Mandela se prokureur is die faks die eiendom van die gevangenis-owerhede. Mandela het geen toegang daartoe nie.

Mhlaba, wat gister na Johannesburg teruggekeer het, sê hy wil voortaan meer aandag aan streeksake bestee.

Hy wil Natal ook binnekort besoek.

Hy was in Kaapstad om die Yengeni-verhoor by te woon en om sy solidariteit met die aangeklaagdes te bevestig.

# Parys-beraad: FW is afgestof, omgedop, bevoel en bepraat

**Max du Preez**

PARYS - In Julie 1987 was dit 'n snikhete Dakar waar 'n honderd Suid-Afrikaners saamgekom het om oor hul land se toekoms te praat.

In November 1989 is daar weer 'n honderd Suid-Afrikaners wat gesels, dié keer in 'n bitter koue Parys.

En die verskil tussen die twee konferensies is so groot soos die verskil in temperatuur.

Donderdagmiddag het 'n klompie afgevaardigdes van uiters uiteenlopende agtergronde om die koffiekan staan en gesels, en oor één ding saamgestem: Noord-Ierland, Israel en Sri Lanka (almal lande met gemeenskappe in konflik) se probleme is oneindig groter as ons s'n.

Van albei kante van die politieke spektrum was daar sigbare groei en groter politieke volwassenheid en begrip.

In Dakar het die wit afgevaardigdes nie veel verder gekom as vrae te vra en te kla oor die ANC se gewapende stryd en die alliansie met die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty nie.

Die ANC weer was sterk op revolusionêre retoriek.

Dié keer - minstens tot Donderdagmiddag - is die gewapende stryd bloot opgehaal wanneer strategie en taktiek bespreek is, en het die alliansie met die SAKP nog nie een keer ter sprake gekom nie.

Van ANC-kant is daar byna geen retoriek gehoor nie. 'n Nuwe begrip vir die realiteite en die binnelandse dinamiek het duidelik deurgekom.

Nou nie dat dit 'n soort mutual admiration society was nie. Van alle kante was daar mense wat hard gepraat het.

Mense soos Ken Owen van Business Day wat deurgaans uit die heup gevuur het. Soos die ANC-historikus Pallo Jordan met sy giftige tong. Soos Jay Naidoo van Cosatu en Trevor Manuel en Cheryl Carolus van die UDF. Daar was Murray Hofmeyr van JCI, Willie Breytenbach van die Universiteit van Stellenbosch, Hennie van Deventer, redakteur van Die Volksblad. En die ANC-swaargewigte Steve Tshwete en Aziz Pahad. En 'n paar senior kommuniste. En die ANC se super-diplomaat, Thabo Mbeki.

Een ding maak Parys anders as Dakar; die binne/buite-verdeling bestaan nie hier nie. Dit is deels weens die teenwoordigheid van die sterk afvaardiging van die breë demokratiese beweging van binne Suid-Afrika wat geen geheim daarvan maak dat hulle die ANC as ook hul leidende organisasie sien nie.

Maar dit is ook deels te danke daaraan dat heelwat mense uit al die afvaardigings sedert Dakar en al die ontmoetings en Lusaka-safari's sedert 1987 reeds sterk vriendskappe oor persoonlike verskille heen opgebou het.

Die Parys-konferensie is die eerste van sy soort in dié sin dat aktiviste van binne Suid-Afrika en leiers van die UDF en Cosatu ook saam met die wit Suid-Afrikaners en die ANC om die geselstafel gesit het.

Maandag het styf en swaar begin. Sprekers van alle kante het sterk posisies ingeneem en alles was baie voorspelbaar.

Teen Dinsdagmiddag was die ys al só gesmelt dat lede van dieselfde afvaardigings met mekaar begin stry en stoei het - die ANC onder mekaar, die MDM onder mekaar, die ANC met die MDM, en die ander wat hulle



Tabo Mbeki


Frederik Van Zyl Slabbert

by die een, dan by die ander geskaar het.

Teen Woensdag was dit 'n sinvolle, ryk en insiggewende debat.

Die ongelooflike veiligheidsmaatreëls van die Franse polisie het nogal inhiberend ingewerk en die meeste konferensiegangers was baie ontevrede daarmee.

Die konferensie is by 'n kompleks in Marly-le-Roi buite Parys gehou, en niemand is toegelaat om die kompleks te verlaat nie - selfs nie vir 'n draffie nie. Dosyne veiligheidspolisie met radio's het die hele tyd deur die geboue geloop en alles verdag gevind. Op die gronde van die kompleks was polisie met masjiengewere die heeltyd sigbaar.

Afgevaardigdes is met twee busse vervoer. Elke keer is die busse vergesel met 'n dosyn lede van Frankryk se anti-terroriste eenheid. Ses mans op motorfietse met loeiende sirenes het al die verkeer in Parys van die strate gedwing sodat die busse nooit stil hoef te hou of stadig te ry en so 'n teiken word nie.

Veral lede van die MDM het dié VIP-behandeling baie amusant gevind. Een senior UDF-leier het onder gelag opgemerk: "Dit is goed so, ons moet daaraan gewoond raak. In die nuwe Suid-Afrika sal ons in elk geval só moet reis."

'n Oos-Kaapse veteraan het droogweg opgemerk dat hy dit klaar gewoond is. "Toe ek van hoogverraad aangekla is, het ek elke dag só met polisiemanne en sirenes en al van die selle na die hof gereis."

Vir die Franse regering was dit 'n belangrike geleentheid - dit is gereël deur die stigting van die presidentsvrou, Danielle Mitterand. Afgevaardigdes het die Franse parlement toegespreek en is deur die Eerste Minister, die Minister van Buitelandse Sake en die president van die parlement onthaal - elke keer in die onderskeie amptelike residensies, geskiedkundige ou plekke met skilderye van ou meesters en goud net waar jy kyk.

(Franklin Sonn van die Kaapse Technikon het al die goud in die eerste minister se onthaalkamer so gekyk en gesê: "Dit lyk soos 'n Sandtonkugel se mond.")

By die voorportaal van die premier se residensie is die besoekers se jasse geneem en opgehang.

Leon Cohen, besturende direkteur van PG Bison, het die kort mannetjie wat met uitgestrekte hand na hom aangestap gekom het, een kyk gegee en sy jas aan hom oorhandig. "Nee," sê die mannetjie, "ek wil nie jou jas hê nie. Ek is Michel Rocard, die eerste minister."

Byna al die gesprekke is oorheers deur een naam: FW de Klerk. Hy is uitgehaal en afgestof en omgedop en omgekeer en bevoel en bepraat. Wie en wat is die ware FW? Hoe werk sy kop? Is daar meer as net mooi woorde? Wat gaan hy volgende doen? Wat is sy agenda? Wat is sy swak en sterk plekke? Hoe gaan hy vaar teen die sekurokrate? Kan hy ooit van sy groepsgod afstand doen? Hoe gaan sy optrede die opposisie se strategie beïnvloed?

Die oorheersende tema van die hele konferensie was onderhandeling: hoe om daar uit te kom, hoe dit gevoer moet word, waarheen dit moet lei.

Van Zyl Slabbert het die toon al die eerste dag aangegee: Tot met die onttrekking van die Franse, Britse en Portugese kolonialiste was die konvensionele patroon vir die beëindiging van wit minderheidsoorheersing 'n onttrekking van die wit setlaars van die toneel van die misdaad.

Toe kom Rhodesië en Suidwes-Afrika aan die beurt, en daar begin 'n nuwe patroon: die wit minderheid word self betrek by die implementering van die beëindiging van wit oorheersing.

Nou is dit Suid-Afrika se beurt, en dié keer is daar 'n nuwe stel reëls en geen sprake van onttrekking nie.

Daar is geen historiese presedent voor nie, so 'n nuwe manier moet gevind word. En alle kante is dit eens: daar moet onderhandel word.

Die ANC en MDM het dadelik ingespring: jy kan nie die revolusie en die gewapende stryd van onderhandeling losmaak nie. Die twee gaan hand aan hand, want dit gaan oor *politieke mag wat na die hande van* die meerderheid moet oorgaan sonder dat wit bevoorregting verskans word.

Maar soos die debat aangegaan het, het ook dié posisie verswak. En uiteindelik is toegegee: onderhandeling is nie net 'n truuk wat as deel van die rewolusionêre strategie gebruik moet word nie. Alle gemeenskappe moet in ag geneem word, want die skikking wat onderhandel word, moet lei tot permanente vrede.

Daar was teen Donderdag konsensus oor nog 'n saak; op die groepsbe*grip kan geen skikking gebou word* nie. En of dit nou apartheid of eie en algemene sake genoem word, dit bly nou dié belangrikste struikelblok op die pad na vrede.

Die ontmoeting duur tot Saterdag. Volgende week meer oor die substansie van die debat.

IT'S YOUNG...TOUGH...HIP...& SERIOUS!

Everybody's talking about




THE STREET LAW MAGAZINE

"South Africa's hottest new magazine for young people pulls no punches... The comic strips, articles and competitions all have a gritty realism that brings the mysteries of Law right onto the street..."

"Bright...stimulating" Daily News

"Max Mboya is charming, sincere and very cool..." Sunday Tribune

Featuring MAX MBOYA the Street Lawyer

Streetwise Magazine is available from the following Booksellers:

DURBAN
Adams & Co.: Campus & West St.
Adams & Grieg: Victoria St.
Logan's: Campus, Technikon
Varsity Books: UDW
School Supply Store: Lorne St.

JOHANNESBURG
Campus Books: Braamfontein
Exclusive Books, Hyde Park: Hillbrow
Van Schaiks: Calton Centre
Juta & Co.: African Life Centre

OR DIRECT FROM THE STREET LAW PROGRAMME AT:

UWC Community Law Centre, Private Bag X17, Bellville 7535, Tel: (021) 959-2298, 959-2756
Centre for Human Rights Studies, Faculty of Law, University of Pretoria, PRETORIA, 0002
Street Law, School of Law, University of Wilwatersrand, P.O. Box Wits, 2050, Tel: (011) 716-5586
School of Law, University of Natal, King George V Ave. Durban, 4001, Tel: (031) 812358
UCT Institute for Criminology, Private Bag, Rondebosch, 7700, Tel: (021) 6502676

DEBUT ISSUE OUT NOW... DON'T MISS IT !

# 'n Jaar later, en dié man is steeds weg

Christina Scott

DIE oorlewende van 'n onsuksesvolle ontvoering het dié week, nadat hy 'n jaar lank weggekruip het, na vore gekom om te vertel hoe 'n mede-studente aktivis verdwyn het.

Phumezo Nxiweni, 'n uitvoerende lid van die South African National Students Congress (Sansco) aan die Universiteit van Natal, het op 4 November 1988 uit die koshuis vir swart studente verdwyn.

'n Mede-student, met die bynaam Mbu, het vertel hoe hy na 'n naweek by die koshuis aangekom het, onbewus dat Nxiweni drie dae tevore verdwyn het.

'n Man, geklee in 'n dik jas en 'n opgerolde balaklava - ondanks die hitte - het by die hek van die koshuis in Wentworth, 'n sogenaamde Kleurling-township, gestaan.

Dit wou voorkom of die man 'n kleurling was, maar hy het in 'n sterk Xhosa-aksent vir Mbu gesê hy is Nxiweni se broer, en hom gevra om hom dringend te roep.

Mbu het onraad gemerk en die koshuisterrein in die bak van 'n vriend se motor verlaat. Drie dae later het die "broer" by sy afgeleë ouerhuis na hom verneem.

Volgens Mbu bestaan daar geen twyfel nie dat Nxiweni deur 'n moordbende ontvoer is en dat hy self die moordbende vrygespring het.

Hy sê egter dat hy nie bereid is om homself te openbaar nie tot hy weet wat met Nxiweni gebeur het.

Die voormalige president van Sansco, Simpiwe Mgoduso, het saam met Nxiweni en Mbu in 'n afgeleë huis naby 'n olieraffinadery gewoon.

Hy het Nxiweni se "broer" in 'n wit Toyota, wat skofte met 'n rooi Toyota Corolla geruil het, en waarvan die registrasienommers na die SAP gevoer is, gesien.

Mgoduso was die laaste persoon wat Nxiweni lewend gesien het. Nxiweni was dié Vrydag haastig op pad na 'n ontmoeting met 'n man met die naam Agrippa.

"Agripppa het ook telefoonboodskappe vir Mbu gelos. Hy het 'n onbekende kodewoord gebruik en 'n telefoonnommer gelaat. Die telefoonnommer was egter vals - dit het gelei na 'n fabriek waar hulle nog nooit van so iemand gehoor het nie," het Mgoduso gesê.

Die 22-jarige Nxiweni was 'n kranige rugbyspeler en 'n gewilde mediese student. Hy het 'n gaping tussen sy tande gehad nadat hy deur 'n man in die gesig geskiet is toe hy aan 'n protesoptog teen apartheidstrande by die Bluff in Durban deelgeneem het.

Nxiweni, Phila Ndwandwe en Mbu was albei by die Maritzburg-Twaalf ANC-hofsaak betrokke.

Nxiweni het twee jaar in aanhouding deurgebring, maar is later op aanklagte van terrorisme onskuldig bevind. Ndwandwe het landuit gevlug. Sy was 'n student aan die Universiteit van Durban-Westville en is kort voor Nxiweni se verdwyning laas gesien toe sy deur twee onbekende mans in Swaziland ontvoer is.

Askari's - ANC-afvalliges wat vir die polisie werk - het 'n prominente rol in Nxiweni se lewe gespeel.

Sy broer Lindile is op die Botswana/Bophuthatswana-grens in hegtenis geneem en is ná getuienis deur 'n Askari, skuldig bevind op aanklagte van terrorisme en tot ses jaar gevangenisstraf op Robbeneiland gevonnis.

Nxiweni is self aangehou nadat hy die begrafnis van 'n beweerde Askari-moordbende-slagoffer Batandwa Ndondo, vise-president van die studenteraad van die Universiteit van die Transkei, bygewoon het.

Konst Xolelwa Virgina Shosha, 'n Askari wat na bewering by Ndondo se ontvoering betrokke was, was glo ook deel van die eenheid van vier jeugdiges van Chesterville wat onder die bevel van kapt Dirk Coetzee se beweerde opvolger, maj Eugene de Kock, opgetree het.

Volgens Nxiweni se advokaat het die polisie erken dat hulle die universiteitkoshuis monitor, maar ontken dat hulle Nxiweni aanhou. - Durbanews.

# Eerste Russe besoek Suid-Afrika



Prof Irina Filatova en Jenny Boraine tydens die Leverkusen-beraad in Oktober 1988

Elsabé Wessels

DIE eerste Sowjet-akademici om die land te besoek, kom Woensdag, 6 Desember in Suid-Afrika aan om eerstehandse inligting oor die land in te win.

Proff Irina Filatova en Apollo Davidson is albei lede van die Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee en sal sowat 'n week in Suid-Afrika deurbring.

Filatova is reeds bekend aan 'n hele aantal Suid-Afrikaners. Sy was 'n lid van die Sowjet-afvaardiging wat in Oktober 1988 'n uitgesoekte groep Suid-Afrikaners en lede van die ANC in Leverkusen, Duitsland ontmoet het.

Filatova, wat 'n besondere belangstelling in Suid-Afrika het en in besonder die Afrikaner se geskiedenis, het afgevaardigdes by Leverkusen verbaas met haar Afrikaans wat sy vir die geleentheid aangeleer het.

Verskeie akademici, politici en lede van die breë demokratiese beweging wat sedertdien besoek aan die Sowjet-Unie gebring het, het kontak gemaak met Filatova.

Filatova, wat 'n doktorsgraad in geskiedenis het, het 'n studie gedoen oor die verhouding tussen Rusland en die Boere Republieke tydens die Anglo-Boereoorlog.

Dit is die eerste keer dat lede van dié komitee, bekend vir hul ondersteuning van die bevrydingsbeweging en noue bande met die ANC, Suid-Afrika besoek.

Davidson is hoof van die instituut se departement van Afrika-geskiedenis.

Davidson en Filatova is albei verbonde aan die Staatsuniversiteit van Moskou.

Volgens ANO is die Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee een van meer as 20 openbare organisasies in die Sowjet-Unie. Dit is in 1956 gestig en bevorder vriendskap en solidariteit tussen die mense van die Sowjet-Unie en Afrika- en Asiatiese state. Meer as 2 500 studente met beurse van dié komitee studeer in Rusland.

Die twee Sowjet-akademici besoek Suid-Afrika as gaste van Idasa en die hoofdoel van die besoek is om bande tussen demokratiese organisasies wat apartheid beveg te verstewig, om die Sowjet-Unie se solidariteit met die mense van Suid-Afrika te bevestig en om inligting oor perestroika uit te dra.

Prof Davidson is professor in Afrika-geskiedenis aan die Universiteit van Moskou en prof Filatova is assistent-professor in Afrika-geskiedenis.

*DEKADE VIR EKUMENIESE VROUE*

*1988-1998*

*TRANSVAALSE STREEKSTIGTING*

*SAAMTREK*

*REGINA MUNDI, SOWETO*

*SATERDAG, 2 DESEMBER 1989*

*8 vm - 4 nm*

*Waar kom die ekumeniese vroue-dekade vandaan?*
*Die dekade is deur die Wêreldraad van Kerke vir alle kerke verklaar.*
*Die tema is "Die kerk in solidariteit met vroue".*
*Dit is in Bloemfontein in Mei 1988 geloods.*

*Wie word na die Streekstigting uitgenooi?*
*Vroue in gemeentes sowel as nie-kerkgangers wat by gemeenskapsorganisasies betrokke is.*

*Wat is die doelstellings van die Dekade wat by die streekstigting verklaar sal word?*
** Die aanmoediging van vroue om onderdrukkende strukture in die globale gemeenskap, in hulle land en in hulle kerk teë te werk;*
** Erkenning - deur gedeelde leierskap, besluitneming, teologie en geestelikheid - aan die belangrike rol van vroue in die gemeente en samelewing;*
** Om uiting te gee aan vroue se perspektiewe en dade in die stryd vir geregtigheid, vrede en integriteit van skepping;*
** Om dit vir die kerke moontlik te maak om hulself te bevry van rassisme, seksisme en klassisme; van leringe en gebruike wat teen vroue diskrimineer;*
** Om kerke aan te moedig om in solidariteit met vroue op te tree.*

*Vir meer inligting, skakel ICT: (011) 339-2513/62*

# Die wiele draai stadig vir spoorwegstakers

**Anton Steenkamp**

DIE bestuur van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (SAVD) en beamptes van die South African Railway and Harbours Workers Union (Sarhwu) het gistermiddag weer ontmoet om die geskille te probeer besleg wat aanleiding gegee het tot die geweldadige spoorwegstaking wat nou al presies 'n maand duur en die lewens van twee stakers, duisende rande se skade en beserings van stakers, spoorwegbeamptes en minstens een polisieman gekos het.

Waaroor gaan dit alles? Oor erkenning en lone, om dit kortliks saam te vat.

Die SAVD erken nie vir Sarhwu as 'n verteenwoordigende vakbond nie. Die bestuur het tot dusver nog net met die Black Trade Union (Blatu), wat op die SAVD se Arbeidsraad sitting het en deur Sarhwu as 'n hans-lam-vakbond uitgekryt word, samesprekings gevoer oor griewe soos lone en werksomstandighede.

Een van Sarhwu se eise in die huidige dispuut is 'n minimumloon van R1 500 per maand, hoewel die hoofsekretaris van Sarhwu, Martin Sabakwane, beklemtoon dat dié bedrag onderhandelbaar is. Die SAVD weier om hoegenaamd met Sarhwu oor lone te onderhandel.

Die SAVD en Blatu het in Mei vanjaar oor 'n salarisaanpassing van tien persent ooreengekom, van R452 tot R575, het W Coetzee, die Groepbestuurder: Arbeidsverhoudinge van die SAVD, gister in 'n brief aan Sarhwu geskryf. Dit het op 16 Junie vanjaar in werking getree, en die SAVD sal eers op 16 Junie volgende jaar weer bereid wees om oor lone te onderhandel.

Die toutrekkery tussen Sarhwu en die SAVD kom al van 1988 af, toe hulle 'n ooreenkoms in Natal bereik het ná 'n lang staking. Klousule 4 van die ooreenkoms bepaal dat Sarhwu en die SAVD sal onderhandel oor erkenning van die vakbond. Die twee kriteria vir erkenning sou bewys van substantiewe lidmaatskap en registrasie wees.

In Augustus vanjaar het die twee partye oor erkenning samesprekings gevoer, en die SAVD het ingestem om die bewys van aftrekorders vir Sarhwu-lidmaatskap as bewys van lidmaatskap te aanvaar.

Sarhwu wou toe substantiewe griewe oor lone en werksomstandighede ter tafel lê, maar die SAVD was net bereid om oor erkenning te praat.

Dit het gelyk na 'n dooiepunt, totdat Sarhwu-beamptes op artikel 19(4) van die Spoorwegwet afkom, wat bepaal dat 'n groep werkers oor lone en werksomstandighede kan beding. 'n Werkerskomitee is gestig om dié pad te volg, terwyl Sarhwu voortgegaan het met erkenningsamesprekings.

Nadat die SAVD geweier het om die Werkerskomitee te woord te staan, is 'n landswye staking op 1 November uitgeroep. Op 9 November het 'n ontmoeting wel plaasgevind, hoewel die SAVD steeds nie met Sarhwu wou onderhandel oor subsantiewe griewe nie.

Intussen het die staking toenemend geweldadig geword, en beskuldigings van intimidasie en aanranding is oor en weer geslinger. Sarhwu het weer gevra vir 'n vergadering met die bestuur om die krisis te besleg, en dit is uiteindelik toegestaan op 21 November.

Die SAVD was bereid om toegewings te maak, maar Sabakwane beskou dit as 'n onaanvaarbare "vat dit of los dit"-aanbod: Die SAVD sou Sarhwu in plaas van Blatu erken in Suid-Natal, maar was nie bereid om afgedankte werkers weer in diens te neem nie (sowat 5 000 van die 40 000 stakende werkers is reeds afgedank). Die SAVD sou wel bereid wees om 'n advokaat te laat beslis oor die regverdigheid van elke afdanking - maar slegs as Sarhwu hul looneis laat vaar.

Sarhwu het dit verwerp, en die onderhandelinge duur voort. Maar daarmee saam gaan die geweld ook voort, en gevegte tussen stakers en polisiemanne het Woensdag in die middestad van Johannesburg uitgebreek. 'n Polisieman is in die hospitaal opgeneem nadat hy na bewering oor die kop geslaan en met 'n mes gesteek is, en minstens twee stakers het na bewering skietwonde opgedoen toe die polisie op stakers wat geweier het om uitmekaar te gaan, losgebrand het.

Volgens Sabakwane gebruik die SAVD ook die taktiek om afgedankte werkers uit hul huise en hostelle, wat SAVD-eiendom is, te sit, in 'n poging om die staking te breek.

Woensdag het Sarhwu 'n hofbevel gekry dat A Madonsela van Pimville, Springs, weer in sy huis toegelaat moet word omdat die SAVD hom uitgesit het sonder om die korrekte prosedure te volg.

Wit werkers het reeds gedreig om die reg in hul eie hande te neem en teen stakers op te tree. "Hulle moet besin oor hul optrede," sê Sabakwane. "Sarhwu is 'n nie-rassige vakbond, en daar is meer wat ons deel as wat ons verdeel. Ons wil graag aan die wit werkers 'n uitnodiging rig om hulle eerder saam met ons te skaar, soos hulle in 1988 gemaak het in ons gesamentlike stryd teen die loonbevriesing."

# Bierdrinkersboikot - of kortweg, BDB

**Anton Steenkamp**

'N DERDE mag het sy verskyning gemaak in die geskil rondom die SAB-staking en die gepaardgaande bierboikot - die breë demokratiese beweging, wat dalk die eer vir die beslegting van die dispuut gaan kry.

Samesprekings tussen die twee partye in die dispuut was gister nog aan die gang, maar die nie-amptelike aanduidings van alle kante was dat 'n skikking ophande is - en dat die BDB heelwat druk op Fawu toegepas het om dit te bereik.

Die Food and Allied Workers Union (Fawu) het meer as 'n maand gelede 'n staking in die Suid-Afrikaanse Brouery (SAB) se bierafdeling landswyd aangekondig nadat 'n loondispuut 'n dooiepunt bereik het.

Die staking het gou-gou 'n baie groter invloed gekry toe Fawu 'n beroep op sjebeen-eienaars, drankhandelaars en bierdrinkers gedoen het om SAB-produkte te boikot in solidariteit met die stakers.

Vir baie drinkers in die townships was dit 'n gevoelige slag hier kort voor die feesseisoen, om van die sjebeen-eienaars wat wil geld maak, nie te praat nie.

Gerugte, bevestig én onbevestig, van groepe jeugdiges wat rondloop en die boikot afdwing op onortodokse wyse - soos om bierbottels stukkend te gooi - het gou die ronde begin doen, en geweld het plek-plek uitgebreek tussen voor- en teëstanders van die boikot.

Hoewel niemand dit amptelik bevestig nie, blyk dit dat leiers in die breë demokratiese beweging ernstig met Fawu én SAB gepraat het, en hulle oorreed het om in die rigting van 'n skikking te beweeg.

So nie, sou dit tot lelike dinge kon lei oor die volgende maand of wat, het 'n bron in die breë demokratiese bewging dié week aan Vrye Weekblad gesê. Die boikot was die verkeerde strategie om te volg, en Fawu het dit besef.

Krish Naidoo, bekende menseregte-prokureur en voorsitter van die National Sports Congress (NSC), 'n UDF-affiliaat, het glo 'n sentrale rol as bemiddelaar gespeel.

Dis welbekend dat die BDB nie gelukkig was oor die geweld wat tydens die staking voorgekom het nie. Die boikotstrategie word nou dringend heroorweeg.

Gerugte wil dit hê dat 'n grootkop in Cosatu wat môre trou, maar té gelukkig is met die besluit...




prices exclude gst

HILTON WEINER

# Waar is Boiki Thlapi?

Anton Steenkamp

BOIKI THLAPI, 28, 'n aktivis van Potchefstroom wat in 1986 vir ondervraging aangehou is, word nog steeds vermis. 'n Prokureursfirma van Klerksdorp het dié week bevestig dat hulle instruksies van Thlapi se pa, James Thlapi, gekry het om 'n aansoek by die Hooggeregshof in te dien wat vra dat die minister van Wet en Orde beveel word om Thlapi te voorskyn te bring.

Thlapi is laas op 20 Maart 1986 gesien toe hy by 'n padblokkade op pad na 'n begrafnis op Klerksdorp deur die Suid-Afrikaanse Polisie in hegtenis geneem is.

Toe aktiviste op 4 November vanjaar 'n protesoptog op Klerksdorp wou hou om Thlapi se vrylating of 'n verduideliking te eis, is dit deur die polisie stopgesit.

Een van Thlapi se kamerade wat twee weke lank saam met hom aangehou is, het gesê hy het Thlapi op die grond gesien lê en bloei in die Stilfontein-polisieselle.

'n Woordvoerder van die SAP se Afdeling Openbare Betrekkinge het dié week bevestig dat Thlapi gedurende Maart 1986 saam met ander persone te Stilfontein ondervra is. Die woordvoerder sê Thlapi is vrygelaat sonder dat hy in hegtenis geneem is, maar Thlapi se ouers ontken dit.

"Thlapi se skynbare verdwyning is deur die SAP ondersoek, maar tot dusver kon hy nie opgespoor word nie," sê die woordvoerder. Hy ontken dat Thlapi deur lede van die SAP aangerand is.

# SA se leiers (11): Cyril Ramaphosa



CYRIL RAMAPHOSA, hoofsekretaris van die National Union of Mineworkers (NUM), is op 17 November 1952 in Johannesburg gebore. Hy was die tweede van Erdmuth en Samuel Ramaphosa, 'n afgetrede polisieman, se drie kinders.

Ramaphosa het in Soweto grootgeword en is later kosskool toe op Sibasa in die Noord-Transvaal, waar hy in 1971 aan die Mphaphuihoërskool gematrikuleer het.

Die jaar daarop het hy vir 'n B Proc-kursus by die Universiteit van die Noorde (Turfloop) ingeskryf. Hy het dieselfde jaar by die South African Students' Organisation (Saso) aangesluit, en is in 1974 tot voorsitter verkies. Hy was ook voorsitter van die Student Christian Movement (SCM).

Nadat 'n pro-Frelimo-byeenkoms by die universiteit gehou is, is Ramaphosa elf maande lank in Pretoria Sentrale Gevangenis onder artikel 6 van die Terrorismewet aangehou.

Na sy vrylating het hy met sy klerkskap by 'n prokureursfirma in Johannesburg begin, en terselfdertyd by die Black People's Convention (BPC) betrokke geraak.

In Junie 1976, tydens die Soweto-onrus, is Ramaphosa weer ses maande lank onder die Terrorismewet by John Vorsterplein aangehou.

Ná sy vrylating het hy sy studies voortgesit, in 1981 sy klerkskap voltooi en die B Proc-graad deur Unisa verwerf.

Hy het by die Council of Unions of South Africa (Cusa) as regsadviseur begin werk, en besluit om eerder by die vakbondbeweging betrokke te raak as om te praktiseer.

Toe NUM teen die einde van 1982 gestig is, is Ramaphosa tot die eerste hoofsekretaris verkies. Vandag is dit die grootste vakbond in Suid-Afrika.

In September 1984 was Ramaphosa by die eerste wettige staking van swart mynwerkers in Suid-Afrika betrokke. Vandag speel hy 'n leidende rol, nie net in NUM nie, maar ook in die breë demokratiese beweging in sy geheel.

Die swart bewussynsideologie - wat hy op universiteit onder die invloed van Steve Biko in Saso aangehang het, het intussen plek gemaak vir die meer gematigde standpunt van die Charteriste, wat van die nie-rassige standpunt uitgaan dat Suid-Afrika aan al sy mense behoort.

Ramaphosa is ongetroud en woon in Soweto saam met sy ouers.





*prices exclude gst*

HILTON WEINER


# Joernaliste trek op na Grahamstad

Beverley Garson

STUDENTE-joernaliste van oor die hele land gaan dié naweek in Grahamstad byeenkom vir die Suid-Afrikaanse Studente-Persunie (Saspu) se algemene jaarvergadering.

Die voormalige president van die Congress of South African Students, Lulu Johnson, sal die openingstoespraak, "The State of the Nation", Vrydagaand lewer.

Die rol van die pers in sowel die huidige samelewing, as in 'n post-apartheid-Suid-Afrika, sal deur 'n paneel bekende joernaliste bespreek word.

'n Buitelandse korrespondent, John Mattison sal praat oor die manier waarop die beeld van die De Klerk-regering deur die regeringsen kommersiële pers geprojekteer word.

'n Mede-redakteur van New Nation en die algemene sekretaris van die Vereniging van Demokratiese Joernaliste, Tyrone August, sal oor die pligte van die progressiewe of alternatiewe media en die komende mediaberaad praat.

Karl van Holdt, 'n joernalis verbonde aan die Suid-Afrikaanse Arbeidsbulletin, sal die rol van die kommersiële en alternatiewe pers in 'n post-apartheid Suid-Afrika bespreek.

Die laaste dag van die kongres sal gewy word aan verskeie werkswinkels waartydens afgevaardigdes na die beginsels van nie-rassigheid, opleiding, die organisering van progressiewe joernaliste, nie-seksisme, ideologie en die demokratisering van Saspu sal kyk.

Afgevaardigdes sal ook nuwe ampsdraers vir 1990 kies. - ANA

# Polisie en weermag grom vir mekaar

**Louise Flanagan**

"DIE ANC is nou eintlik wettig in die Transkei, ons wag nog net vir die amptelike woord."

Dit is die mening van een van die 50 000 mense wat Sondag van oor die hele Transkei en die Oos-Kaap in Umtata saamgetrek het om die ANC-leiers welkom te heet.

Die saamtrek, die tweede wat deur die onlangs bevryde leiers toegespreek is, dui op 'n keerpunt in die land. Nie net was die onmiddellike uitwerking op die gebied merkwaardig nie, maar dit was ook 'n openbare aanvaarding van die militêre regering deur die mense. Dit het egter ook die konflik tussen die gebied se ou en nuwe leiers uitgelig.

Die Transkei is jare reeds bekend as 'n gewelddadig onderdrukkende plek wat selfs nie gematigde opposisie verdra nie. ANC-ondersteuners het jare in tronke deurgebring en is dikwels gemartel. Vakbondlede is sonder meer as lede van die ANC beskou, politieke teenstanders is verban, gebrutaliseer en dikwels vermoor, en geen progressiewe organisasies is toegelaat om te bestaan nie.

Ondanks die strawwe onderdrukking - of miskien juis omdat selfs gematigde organisasies nie toegelaat is nie - word die Transkei nog altyd as 'n gebied met sterk ANC-bande beskou. Politieke hofsake het dikwels aan die lig gebring dat daar uitgebreide netwerke tussen guerrillas en ANC-selle bestaan.

Selfs aan die begin van die militêre regering is opposisie verbied en aanhoudings en politieke hofsake het tot 'n paar maande gelede nog voortgeduur.

Sondag het die militêre regering se meer verligte standpunt nog duidelike geword. Duisende mense met T-hemde van die ANC, Cosatu en die UDF het in Umtata vergader.

Openlike ondersteuning was duidelik; van die grensposte, waar amptenare opgewonde vertel het van die groot toestroming van mense, tot langs die paaie waar mense vryheidsliedere gesing het. Volgelaaide taxi's op pad na Umtata het ANC-vlae oor hulle gedrapeer gehad, en in die sakesentrum van die hoofstad het diegene wat nie plek in die volgepakte stadion kon kry nie, in die taxi's na die leiers oor Radio Transkei geluister.

Die reuse-verwelkoming van Walter Sisulu, Govan Mbeki, Andrew Mlangeni, Elias Motsoaledi, Raymond Mhlaba, Wilton Mkwayi en Oscar Mpetha was 'n aanduiding van die gewildheid van die ANC in die Transkei en die Oos-Kaap - waar die meeste van die leiers oorspronklik gewoon het, maar wat nog meer belangrik is, is dat die ANC die militêre regering ondersteun.

Die voorsitter van die Militêre Raad, maj-genl Bantu Holomisa het die verhoog met ANC-leiers, Cyril Ramaphosa van NUM en etlike ander militêre leiers gedeel.

Hoewel die sprekers hulle afkeer aan die tuislandstelsels herhaal het, was daar 'n gehulde erkenning dat Transkei 'n waardevolle bydrae kan lewer en moontlik die eerste "land" in Suid-Afrika sal wees wat die ANC wettig. Transkei is besig om vinnig die voorpunt te neem in 'n veldtog teen die tuislandbeleid.

Sisulu het 'n punt daarvan gemaak om die onlangse regeringsoptrede in die gebied uit te wys - die wettiging van organisasies, vrylating van politieke gevangenes, die opheffing van die noodtoestand en die herbegrafnis van "Comrade King" Sabata Dalindyebo.

Hy het progressiewe hoofmanne in die gebied - waar ondersteuning van Contralesa besig is om toe te neem - aangemoedig, en Holomisa se beroep op 'n referendum gesteun. Hy het ook Transkei se deelname aan die landwye protesveldtog geloof.

"Die onlangse ontwikkelings in Transkei het gevolge wat ver buite die gebied strek," het hy gesê.

Mbeki, wat in Transkei skoolgehou het en wat oor die gebied geskryf het en selfs in die Transkeise Volksraad gedien het, het nog verder gegaan: "Die regering van Transkei het begin om die mense te bevry," het hy gesê. "Ons sien uit na 'n Suid-Afrika waar die mense sal regeer."

Die teenwoordigheid van die ANC-leiers in die stad het die tweespalt tussen die militêre regering en die polisiemag onderskryf.

Die dag vóór die saamtrek het die leiers ongeveer 400 mense in 'n plaaslike kerksaal toegespreek toe die polisie die saal binnegekom en beide die leiers en die ondersteuners met traanrook bestook het. Twee ondersteuners is dood en 'n polisieman is later in die township aangeval en vermoor.

Die voorval het tot groot verleentheid vir die regering gelei en Holomisa het op die saamtrek 'n verskoning voorgelees. Hy het 'n spesiale kommissie van ondersoek na die voorval gelas.

Daar bestaan lank reeds 'n geskiedenis van konflik tussen die weermag en die polisie, met die polisie wat klaarblyklik die voormalige Matanzima-regering steun.



Maj-genl Bantu Holomisa

*(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

Sedert die militêre regering in Desember 1987 aan bewind gekom het, bestaan daar 'n onverklaarde oorlog tussen die weermag en die polisie. Dit wil voorkom of die regering versigting te werk gaan, maar tog is van die Matanzima-ondersteuners in die polisie ontslae geraak, of is hulle met 'n rang verlaag.

Holomisa is besig om al hoe meer krities te raak oor polisie-geweld, wat betrokkendheid by moordbendes en beweerde nie-amptelike bande met die Suid-Afrikaanse polisie insluit.

In die jongste "skoonmaak"-proses is die minister van Polisie, eerw Benjamin Dhlamini, ontslaan.

Maar dit wil op die oomblik voorkom of die polisie vasbeslote is om die regering se nuwe "oop"-beleid te saboteur. Die voorval Saterdag was die ideale geleentheid om die leiers aan te val en om die weermag in die verleentheid te bring.

Na bewering is die voormalige staatspresident, Kaiser Matanzima, ook betrokke.

Na 'n lang stilte is Matanzima besig met pogings om 'n terugkeer na die politiek te maak. In 'n onlangse verklaring aan die pers het hy die militêre regering veroordeel en gesê dat hy nooit die huidige onrus in Transkei sou toelaat nie. Hy het ook 'n beroep gedoen op die terugkeer van 'n burgerlike regering en as 'n voorvereiste vir vrede en stabiliteit gestel.

Dit wil voorkom of die polisie sy beweringe steun deur onrus te saai. Nadat werkers hul eise aan die militêre regering oorhandig het, het die polisie die deelnemers aan die optog aangeval. Na bewering het hulle aktiviste aangehou wat 'n jeugstruktuur wou organiseer.

Holomisa het Saterdag se aanval gesien toe hy op pad kerk toe verby gery het.

"Daar was geen geweld aan die kant van die mense nie, en dit lyk of die polisie my opdrag Maandag by 'n simposium oor hoe hulle hulself by openbare vergaderings moet gedra, verontagsaam het," sê hy.

Hy het afvallige polisiemanne verantwoordelik gehou en verwys na "kolle van weerstand" binne die polisie.

Die hoof van die polisie in die Transkei, genl Leonard Kawe - een van Matanzima se manne - is beveel om om verskoning oor Radio Transkei te vra.

Terwyl die polisie poog om soveel wanorde moontlik te saai, is die weermag steeds aan beheer, en openlik aan die kant van die ANC en die breë demokratiese beweging. - ELNews

## 'ANC is nie Cosatu of UDF nie'

**LUSAKA - Die ANC het aangedui dat dié organisasie die Transkeise leier, genl Bantu Holomisa, se pleidooi om eenheid tussen swartmense van verskillende ideologiese uitgangspunte, ondersteun.**

**Maar die ANC sê egter dat hulle met Holomisa verskil as hy sê dat die ANC "in werklikheid optree as Cosatu, die UDF of die breë demokratiese beweging".**

**In 'n onderhoud dié week het Holomisa gesê dit is sinneloos dat die Suid-Afrikaanse regering steeds die ANC verbied.**

**"Ek is verras dat die Suid-Afrikaanse regering nog nie die ANC gewettig het nie. Jy kan net sowel die breë demokratiese beweging se naam met dié van die ANC vervang," het hy gesê.**

**"Wanneer die Suid-Afrikaanse regering die ANC wettig, sal hulle met dieselfde mense onderhandel wat aan die stuur van dié organisasies staan. Die optrede van dié mense sal nie verander nie, net die naam sal."**

**In 'n onderhoud dié week met ANO het 'n woordvoerder van die ANC gesê hy verskil met Holomisa. "Cosatu, die UDF en die breë demokratiese beweging is nié die ANC nie.**

**"Dié organisasies bestaan onafhanklik van die ANC, maar deel dieselfde beginsels en ideale met die ANC," sê dié woordvoerder. - ANO**


## VERANTWOORDELIKE DEMOKRASIE

*'n Konferensie oor etiek en verantwoordelikheid in die openbare lewe*

*Aangebied deur*

**IDASA**

**18 tot 20 Januarie: Kaapstad**
**Robert Leslie-gebou,**
**Middelkampus,**
**Universiteit van Kaapstad.**

**As u dié konferensie wil bywoon, skakel Christine Maritz by (021) 614051 (Faks - 021 615329) of skryf aan haar by Privaatsak X08, Clareinch 7740.**

**Daar is 'n beperkte aantal sitplekke en akkomodasie beskikbaar. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.**

**Konferensiefooi - R60,00**

*TOP-SPREKERS EN PANEELLEDE*

**Shirley Williams, Richard Neustadt, Murphy Morobe, Zwelakhe Sisulu, Paul Davis, John Dugard, Trevor Manuel, Stephen Mulholland, Philip van Niekerk, Glenn Moss, Ken Owen en nog baie ander.**

*FOKUS OP TOEREKENBAARHEID*

**Dit is dringend noodsaaklik dat 'n kultuur van demokratiese toerekenbaarheid in die huidige Suid-Afrika gebou word, beide op die vlak van nasionale politiek en in die verskillende velde van sake, arbeid, beroepe en die pers. Leiersfigure sal op die konferensie die kritiese probleme van demokratiese toerekenbaarheid in hulle verskeie velde diagnoseer en probeer om konstruktiewe maniere te vind waarvolgens 'n kultuur van demokratiese toerekenbaarheid saam gebou kan word.**

# Peelton se mense jubel...

DAAR het Woensdagaand 'n feestelike atmosfeer in King William's Town geheers toe die vlugtelinge van Oos-Peelton gehoor het 'n gebied in Suid-Afrika is vir die hervestiging van dié ontwortelde gemeenskap opsygesit.

Die adjunk-minister van Buitelandse Sake, Leon Wessels, het die gemeenskap die keuse gegee om hul op 'n gebied wat aan die munisipaliteit behoort, te vestig, en gesê die regering sal korttermyn-hulp aan hulle verskaf.

Die gebied wat aan die gemeenskap afgestaan is, is tussen Ginsberg en die Ciskeise grens geleë en beslaan sowat 120 hektaar.

'n Woordvoerder van Wessels het gesê dat die adjunk-minister en die voorsitter van die Grens se Raad van Kerke, eerw Bongani Finca, 'n prokureur wat die gemeenskap verteenwoordig, John Smith, en die LP vir King William's Town, Ray Radue, die gebied Woensdag besoek het.

Volgens die woordvoerder kon Wessels nie 'n ontmoeting met die president van Ciskei, Lennox Sebe, nakom nie aangesien die president te besig is.

Wessels is volgens die woordvoerder gelukkig met die besluit omdat die inwoners van Peelton tevrede is daarmee en omdat hulle welstand die hoofdoel van die onderhandelings was.

Smith het by die Sacred Heartkerksaal, waar meer as 800 vlugtelinge die afgelope ses weke gewoon het, gesê dat hulle daarvan verwittig is en dat die inwoners dit in beginsel aanvaar het, maar dat daar nog baie besonderhede was wat uitgewerk moet word.




Oos-Peelton - toe daar nog geprotesteer is

(Foto: Stan Goodenough - Afrapix)

Volgens Smith verskaf die gebied goeie weiding. Die meeste van die inwoners van Nkqonkqweni het beeste besit voordat hulle verlede maand uit Ciskei gevlug het.

Die ooreenkoms is 'n oorwinning vir die gemeenskap wat vasbeslote was om die kwessie tot die einde toe deur te voer, het Smith gesê.

Wessels en Radue het hard gewerk om die probleem op te los, het hy gesê. Radue het Woensdag gesê: "Dit was bevredigend om deel te wees van die onderhandelingspan en om tot 'n aanvaarbare oplossing te kom."

Die ooreenkoms het gevolg op weke se onderhandelings en indringende samesprekings die afgelope week het hy gesê.

Radue sê die owerhede van die provinsiale administrasie sal 'n noodkamp op die toegekende gebied oprig.

Die burgemeester van King William's Town, Charles Webber, het bevestig dat die stadsraad die gebied "as tydelike maatreël in dié stadium" aangebied het. - Sapa

RACING
DIGEST
SA SE ENIGSTE WEEKLIKSE NASIONALE KOERANT VIR PERDEWEDRENNE
SKAKEL ONS BY (011) 435 1180

IDASA
OPENBARE VERGADERING
PERESTROIKA: WAT BETEKEN DIT VIR DIE SOWJET-UNIE?
WATTER IMPLIKASIES HOU DIT VIR SUID-AFRIKA IN?
*Akademici van die Sowjet-Unie:*
*Professor Davidson Apollon*
*Professor Irina I Filatova*
*van Staatsuniversiteit van Moskou*
*sal die sprekers wees*
Plek: Senate House nr 6
Universiteit van die Witwatersrand
Tyd: 7.30 nm
Datum: Donderdag, 7 Desember

# ...maar hier gaan dit nie so goed nie

**Christina Scott**

SIMON Shabangu woon die afgelope jaar en 'n half in 'n tent op die plaas Rietvlei buite Hlobane in Noord-Natal. Hy woon nie in die tent omdat hy na aan die natuur wil wees nie. Hy is 'n gesinsman, 'n witboordjiewerker by die steenkoolmyn en hy het nêrens anders om te woon nie.

"As dit reën, lek die tent," sê die vader van agt.

Shabangu se huis was een van dié op 'n onbenutte plaas wat in September 1988 op bevel van die nuwe eienaar, Luna Taljaard, gesloop is, nadat die gemeenskap van steenkoolwerkers drie jaar lank geteister is deur middernagtelike inhegtenisnemings weens "oortredings" en hulle geweier het om pad te gee.

Die meeste van die mynwerkers het, nadat hulle van plase in Noord-Natal gegooi is, na Rietvlei verhuis, waar die vorige eienaar, Lockhardt Simpson, huise teen R35 per maand verhuur het.

Die Natalse Provinsiale Administrasie (NPA) het aan die 95 gesinne op die plaas belowe dat hulle net ses maande in die tente sal woon totdat daar ander verblyf gereël is.

"Niemand het na die arme mense omgesien nie, toe het ons ingegryp," sê Vic de Klerk, die vise-direkteur van grondsake in die afdeling gemeenskapsdienste van die NPA in Pietermaritzburg.

Hy het oënskynlik vergeet dat die NPA eers ingegryp het nadat 65 vroue en kinders vir bykans 'n week langs die Enyati-hoofpad gekamp het.

De Klerk het onlangs gesê dat behuising "hopelik" voor Kersfees aan die mense verskaf sal word, maar dat daar 'n paar "klein probleempies" is.

Hy het gesinspeel dat moontlike landbougebied in 'n township omskep sal word, maar wou niks bevestig oor die toekoms van die steenkoolwerkers nie en het net gesê "ons weet nie eers nie - ek sal vir hulle sê sodra die tyd reg is.

"Onderhandelings aangaande die gebied moet eers deur die regering en landbouverenigings polities goedgekeur word. Jy kan nie sommer net 'n township ontwikkel nie."

Die NPA se verknorsing in Hlobane is besig om homself elders in Natal te herhaal met ongeveer 250 000 werkers en plaaswerkers wat op wit landbougebied woon.

Plaasdorpies is hulle jongste oplossing.

"Ek weet nie wat hulle gaan doen nie. Die NPA is stadsbeplanners, nie landelike beplanners nie. Hulle het opleiding in stadsbeplanning," sê Mandla Msomi van die Vereniging vir Landelike Ontwikkeling (Afra).

"Die probleem in die platteland is regeringstrukture: wie gaan wat regeer? watter soort administrasie gaan die gebied beheer?" sê Msomi.

"In die stad is daar stadsraadslede, maar in die platteland kry jy te doen met hoofmanne. As jy probeer om een struktuur te implementeer, wat gaan die rol van die beplanners wees?"

Afra se stryd teen gedwonge verskuiwings op die platteland het 'n nuwe wending geneem nadat die regering aangekondig het dat dié verskuiwings nie meer gaan plaasvind nie. Die woord wat nou gebruik word is "vrywillige hervestigings".

In Boshoek, buite Estcourt is 1000 mense van wit plase na 'n nabygeleë "swart woonbuurt" hervestig.

Vrywillig.

"Dit is nie vrywillig nie," sê Msomi. "Elke keer as hulle wil hê die mense moet hervestig word, maak hulle groot beloftes: nuwe skole, water, weiding vir hulle vee...

"Hulle weier om gebiede waar die mense reeds woon, te ontwikkel; die mense word wanhopig."

Msomi is van mening dat Boshoek die ideale voorbeeld is: mense word hervestig sonder die stedelike/landelike verdeeldheid. Boshoek is ook naby KwaZulu.

"Na 'n jaar sal hulle dit by KwaZulu inlyf," voorspel Msomi. Intussen sal die aantal werkers wat "hervestig" word, toeneem.

Die verskonings wat gegee word, verskil. Party keer is dit om die gebied te bewaar.

Eienaars wat nie op die plase woon nie," sê hulle word met die Wet op Omgewingsbewaring gedreig omdat die grond oorbewei word en hulle daarom die mense van hulle grond af jaag," sê Msomi.

'n Meer algemene rede is die ekonomie. Boere gebruik gemeganiseerde toerusting en het nie meer handearbeid nodig nie, selfs al het die arbeiders se grootouers eerste die gebied bewoon.

Boere wat wel arbeiders nodig het, betaal die arbeiders net genoeg vir basiese behoeftes en voer aan dat hulle aan die arbeiders verblyf verskaf en dat die gebied wat bewei en bewerk word 'n beloning is.

Die jongste manier waarop mense gedwing word om te verhuis, is om op hulle lewende hawe beslag te lê.

Ndimande Nquindi, 'n uitgesette plaaswerker van Weenen, het sy bokke na die tentedorp gebring nadat hy R2 654,36 moes betaal om sy 60 bokke terug te kry.

'n Winkeleienaar het hom R1 540 gegee in ruil vir drie koeie, het Nquindi vertel. Msomi het dit so opgesom: "Mense wat geld het, maak geld." - Durbanews

# Stryd in die skadu van stootskrapers

**Lawaaikamp en die George Civic Association het dié week as oorwinnaars uit die stryd getree. Na vier jaar van voortgesette pogings om dié Oos-Kaapse gemeenskap te verskuif, het die regering sy standpunt onverwags hersien. ELSABé WESSELS kyk terug oor die lang en bitter stryd wat dié Oos-Kaapse gemeenskap teen George se munisipaliteit, die Kaapse Provinsiale Administrasie en die regering geloods het in hul onwrikbare verset teen gedwonge verskuiwing.**




**Só is die mense se wense bewaarheid**

*(Foto: Adil Bradlow - Afrapix)*

'N KORT verklaring deur die Buro van Inligting namens min Hernus Kriel het Lawaaikamp verlede Donderdag van die gevaarlys van gedwonge verskuiwing gehaal.

Die regering se aankondiging was bondig: Die huidige inwoners van Lawaaikamp word toegelaat om te bly en vorige inwoners kan aansoek doen om hervestig te word nadat 'n nuwe infrastruktuur geskep is.

Die LP vir George, Hennie Smit, het ook bekend gemaak dat die sentrale regering besluit het om 'n rentevrye lening van R2,7 miljoen aan die munisipaliteit van George beskikbaar te stel vir die ontwikkeling van Lawaaikamp wat tot voordeel van die swart gemeenskap sal wees. Die lening sal oor 'n tydperk van 30 jaar terugbetaalbaar wees.

Dis nou finaal. Lawaaikamp kan oorleef.

Nêrens in dié amptelike verklaring is daar egter verwys na die verbete stryd wat die inwoners van dié klein nedersetting aan die buitewyke van George vier jaar lank gevoer het nie.

Nêrens is dáar verwys na die onwrikbaarheid van George se stadsklerk, Carel du Plessis, en die onbehulpsaamheid van George se LP, Hennie Smit, teenoor die noodkrete uit die gemeenskap nie.

Nêrens is daar verwys na die verlies van lewens, die verlies van besittings, die intimidasie, die vervolging en swaarkry wat Lawaaikampers in dié vier jaar van verset getref het nie.

In die proses het Lawaaikamp nóg 'n slagoffer van apartheid, die Groepsgebiedewet en gedwonge verskuiwing geword.

"Ons is bly oor die uitslag van ons stryd om Lawaaikamp te spaar - ons wens die regering geluk," was die beskeie reaksie van Melford Notshokuvu, woordvoerder van die George Civic Association (GVA), Lawaaikamp se demokraties verkose gemeenskapsvereniging.

Notshokuvu het namens die 176 gesinne gepraat wat hulle enduit teen 'n verskuiwing, wat hul net so wat drie kilometer verder sou laat hervestig het, verset het. Met die begin van die staat se aanslag was die gemeenskap sowat 4 000 sterk.

Enige besoek aan Lawaaikamp sou egter bevestig het dat die argument hier nie net oor afstand of beter lewensomstandighede gegaan het nie. Dit was 'n klein groepie mense se verset teen burokratiese kragdadigheid, die onmenslikheid van apartheid en 'n geloof in geregtigheid.

In die proses is politici binne en buite Suid-Afrika, kerklui, regslui en diplomate betrek. Vir dié mense het Lawaaikamp die getuienis geword dat die NP se beleid van gedwonge verskuiwing nog lank nie dood is nie.

"Ons stryd het vier jaar geduur en dit was nie maklik nie, veral nie vir die komitee van die GVA nie," sê Notshokuvu terugskouend.

Koerantopskrifte oor die laaste vier jaar skilder die prentjie: "Angstige gesig, onsekere toekoms." Met dié woorde is Lawaaikamp se lot in Janaurie 1986 aangekondig.

In die proses is boekdele oor die gemeenskap se oorlewingstryd geskryf. Die koerantuitknipsels het stap vir stap die kragmeting gevolg: Township nog gespanne na geweld; Boesak red spioen van woedende massa; Skaakmat oor Lawaaikamp; Verskuiwings versuur goeie bedoelings; Lawaai se mense bang; Lawaai lewe in die skadu van 'n stootskraper; Lawaaikamp vra PW Botha se hulp; George-LP vra opruiming van swart woonbuurt; Mense ontevrede oor nuwe lokasie; 31 Mei D-dag vir Lawaaikamp; Verskuiwing word uitgestel; VSA-ambassade by Lawaaikamp; Finale spertyd vir Lawaaikamp; Lawaai staan vas; Hier sal ons bly; St Pauls in Amerika neem Lawaaikamp aan.

Sowat 'n maand gelede het die opskrifte van toon verander: Lawaaikamp besin oor gevolge van vrye vestiging; Lawaaikamp gespaar; Inwoners optimisties oor Lawaaikamp se toekoms; Lawaaikamp 'n tweede lewe gegun.

Geen opskrif kan egter die menslike drama beskryf wat hom oor vier jaar hier afgespeel het nie.

"Die stryd het lewens geëis. 'n Groot hoeveelheid huise is sonder waarskuwing met huisraad en al sonder waarskuwing platgestoot," sê Notshokuvu.

"In April 1986 is al die munisipale werkers wat in Lawaaikamp woon in die pad gesteek en die manshostelle gesloop.

"Met die aanvang van die noodtoestand is 150 lede van die gemeenskap, *insluitende* leiers, in aanhouding geneem sonder dat enige aanklag *ooit* teen hul ingebring is.

"Ons is blootgestel aan voortgesette teistering deur die veiligheidspolisie. Talle dreigoproepe is ontvang. Selfs ons prokureur het deurgeloop.

"In die aande is huise op geheimsinnige maniere afgebrand. Die intimidasie en vervolging het 'n groot aantal Lawaaikampers teen hul wil Sandkraal toe gedwing," sê Notshokuvu.

Hoewel geen Lawaaikamper sonder bitterheid kan terugkyk na die laaste vier jaar nie, het Notshokuvu dié week vorentoe gekyk. "Die inwoners van Lawaaikamp werk nou saam met 'n groep stadsbeplanners en ingenieurs in 'n poging om die gemeenskap in 'n self-doen opgraderingsaksie te betrek.

***'Ek het eers in Blikkiesdorp gebly toe sê hulle ons moet trek. Toe trek ons Maraiskamp toe. Ons was 'n paar jaar in Maraiskamp toe sê die owerhede weer ons moet trek. Toe trek ons Lawaaikamp toe. Nou wil hulle weer hê ons moet trek.' - Vuzu Ncamazana, inwoner van Lawaaikamp.***


**VAKANTE BETREKKING:**
**VELDWERKER: ORGANISATORIESE ONTWIKKELING**

**Dié betrekking bied die geleentheid om deel te hê aan die totale bediening van die Weskus Raad van Kerke.**

*Die suksesvolle aansoeker sal deel vorm van 'n span en sal verantwoordelik wees vir:*
** die opbou van 'n netwerkstelsel tussen organisasies met 'n gemeenskapsbasis en lidgemeentes van die Raad.*
** om dmv werkswinkels organisasies, sowel as die mense betrokke, te ontwikkel.*
** gereelde konsultasies met organisasies in die streek*
** befondsing fasiliteer*

Vereistes:
Die suksesvolle persoon sal beskik oor:
Ondervinding in bestuur en koördinering.
Ondervinding in die prosesse van organisatoriese ontwikkeling is 'n wesenlike voordeel.
Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans.
Verbind tot sosiale geregtigheid in Suid-Afrika.

**Slegs persone wie verbind is tot die ekumene kan aansoek doen by:**
Die Organiserende Sekretaris, Weskus Raad van Kerke, Posbus 20, DIAZVILLE, 7397

Salaris: Onderhandelbaar binne die skale van die WRK afhangende van die ondervinding van die aansoeker.
Alle aansoeke moet die kantoor bereik voor 18 Januarie 1990.
Sluit asseblief 'n volle CV in met twee bereikbare verwysings asook 'n kort opstel van ongeveer 500 woorde oor u perspektief van Organisatoriese Ontwikkeling.
Tel (02281) 41984 Faks (02281) 41269

# Siek en sat van siek en sat wees

**Die Konserwatiewe Party het reggekry om 'n konserwatiewe township soos Reigerpark in Boksburg in 'n progressiewe en georganiseerde gemeenskap te omskep. Dit het alles begin toe die KP op 26 Oktober verlede jaar die septer in Boksburg begin swaai het. Die Red Boksburg-komitee verduidelik aan ELSABé WESSELS hoe die ommeswaai plaasgevind het.**

'N HANDVOL yuppies wat siek en sat was om siek en sat te wees: In baie Reigerparkers se gemoed was dít die begin van die Red Boksburg-komitee.

Die yuppies was professionele mense - regslui, dokters, sakemense. "Lighties" wat in BMW's rondry en loopbaan-gerig is. Maar ook onder die dorp se werkersklas het die keelvol-faktor soos 'n veldbrand versprei.

In Reigerpark het Mohammed Navsa, George du Plessis, Danny Cassell, Eric van Staade en Ronny Franklin, bestuurslede van die Red Boksburg-komitee, dié week teruggekyk oor die jaar se gebeure.

Die KP se besluit om Boksburg wit te maak, was die laaste strooi. "Dit het nie net om die meer gegaan nie. Ons het net genoeg gehad," verduidelik Navsa.

Die yuppies het die Red Boksburg-komitee op die been gebring, die ou mense en die jeug het by hulle aangesluit, R700 is in 'n hoed ingesamel om ses busse te huur, en 'n sluimerende gemeenskap het wakker geskrik.

Maar niemand het verwag dié konserwatiewe Afrikaanse gemeenskap sou met soveel mening teen apartheid optree nie.

"Rasse-vooroordele, en veral vrees van swartmense, het voor die boikot net so sterk gegeld as in enige ander konserwatiewe gemeenskap," sê Navsa, voorsitter van die Red Boksburg-komitee.

Die bruin boere van Reigerpark was dan juis bekend vir hul geesdriftige deelname aan driekamerparlement-verkiesings. Ná Eersterus in Pretoria het Reigerpark die tweede hoogste stemsyfer behaal. Partyswerwer Jac Rabie was jare lank hul man in die politiek.

Stadig het die wiel ook nie gedraai nie. Ses weke na die munisipale verkiesing op 26 Oktober 1986 het Reigerparkers in konvooi verby Boksburg se slegs-blanke bordjies gery en koers gekies na naburige dorpe met oop sakegebiede. Dit was die eerste sny in Boksburg se finansiële slagaar wat binne maande wit gebloei het.

Wat praktiese politiek betref, is 'n Praagse Lente beleef. Die buiteparlementêre politiek het oornag inslag gevind. Gassprekers soos Jakes Gerwel en Franklin Sonn het Rabie in die skaduwee gestel. Na vergaderings het die jeug Goeie Hoopstraat afgetoyi-toyi - 'n buitengewone gesig vir die konserwatiewe inwoners. Die veldtogte teen die driekamer-verkiesing het die kiessyfer op 6 September met 20 persent tot 31 laat daal.

Dit alles binne minder as 'n jaar.

Volgens Navsa het hul veldtog voor en tydens die verkiesing 'n hoogtepunt behaal. Nog nooit was daar soveel eensgesindheid in die gemeenskap nie.

Twee weke gelede is die verbruikersboikot op dramatiese wyse beëindig. Dieselfde konvooi busse het dié Saterdag weer vanuit Reigerpark vertrek.

Maar dié keer was dit soos 'n karnaval, vertel Red Boksburg-bestuurslid Eric Van Staade. Swartmagsalute is vanuit die busvensters gewys, 'n geslote toilet is sonder seremonie oop verklaar en die verkeersinspekteur wat sy kombi voor die biblioteek se deur getrek het om ingang van "nie-blankes" te verhoed, is tromp-op geloop.

"Die besluit om die boikot op te skort was eenstemmig. Ons het president FW de Klerk se aankondiging van die uitwissing van die Wet op die Aanwysing van Afsonderlike Geriewe as 'n persoonlike oorwinning vir onsself beskou. Ons het geglo die mense het die reg om aanspraak te maak op die oorwinning. Dit moet egter nie as die einde gesien word nie. Dit kan ook weer enige tyd uitgeroep word," sê Navsa.

Kritici was van mening dat die opskorting van die boikot te vroeg gelas is. Boksburg, soos die bogenoemnde gevalle bewys, is nog steeds nie vry van apartheid nie.

Navsa waarsku: Indien die sakegemeenskap nie sy kant bring nie, gaan Reigerparkers gou weer in die buurdorpe koop. En die hele dorp weet die boikot het Boksburg se winkeleienaars miljoene gekos. Dit het wit Boksburg ook belaglik gemaak in die oë van die internasionale gemeenskap. Die KP het neandertal-status bereik en die NP het Suid-Afrikaanse politieke skisofrenie vervolmaak deur verontwaardiging oor sy eie diskriminerende wetgewing uit te spreek.

In politieke terme het net een groep gewen: Die Red Boksburg-komitee en die inwoners van Reigerpark en Vosloorus.

Maar veral Reigerpark het hiermee 'n waterskeiding in sy gemeenskapslewe beleef.

Die dae van driekamerparlement-politiek verby is verby. Buiteparlementêre alliansies is stewig gevorm. Toyi-toyi in Goeie Hoopstraat is nou 'n algemene gesig. Vryheidsliedere word gesing en vergaderings word met die sing van Nkosi Sikelel'i Afrika afgesluit.

Vir die buitewêreld is die nuwe gees van politieke bewustheid duidelik. By die ANC-saamtrek by Soccer City het 250 aktiviste van dié Oos-Randse township opgeruk. Verlede naweek het honderde as 'n groep opgedaag om na die ANC-leier Kathy Kathrada in KwaThema te luister.

Vir die buitestaander is dié besonderhede miskien onbelangrik. Maar vir stoere Reigerparkers is dit die simboliese dade van 'n onomkeerbare politieke bewuswording.



Lede van die Red Boksburg-komitee aan die begin van die boikot



Inwoners van Reigerpark in Boksburg se sakesentrum



Johann Coetzee, die stadsklerk van Boksburg



Die mense koop weer



Loop hulle aan die "regte" kant van die meer?

# Boksburg is ver van die see af

**Hoe lyk Boksburg noudat apartheid in dié berugte industriële dorp "dood" is? CHARLES LEONARD en fotograaf CEDRIC NUNN het dié week gaan kyk**

TOE ons by die ruim biblioteek op Boksburg instap, het die vier bibliotekaresses ongemaklik begin rondskuif na die oorkant van die toonbank. Net een dapper vrou het bly staan en geluister na my vraag of hul boekeparadys oop is vir álle inwoners van Boksburg.

"Nee," het sy skerp geantwoord, maar my na die adjunk-bibliotekaresse verwys, omdat hulle nie met die pers mag praat nie. Ons is uit die biblioteek, waar enkele witmense tussen die rakke rondsnuffel, na die adjunk toe.

In haar kantoor het sy bevestig wat die bibliotekaresse gesê het. Nee en nee.

Van hier is ons verwys na die stadsklerk wat eers 'n bietjie later sal terugwees omdat hy en sy sekretaresse vir middagete uit is.

'n Wandeling langs die berugte meer het laat blyk dat ons soortgelyke antwoorde op vrae soos "is die meer oop vir alle rasse?" en "mag hulle van die geriewe gebruik maak langs die meer?" sou kry.

Daar is twee kante van die meer. Aan die een kant ontspan swartmense sonder vrees vir verjaging. Ons gaan gesels met hulle.

Een van hulle, 'n vrou wat nie haar naam wou gee nie, sê dat sy onlangs by die munisipaliteit bedank het.

"Hulle het my goed betaal. Dit was nie die probleem nie. They treated me shit," sê sy.

In die dorp, sê sy, het niks verander nie.

"Daai Sondag na die boikot gestop is, het ons 'n braai daar oorkant gehou. Die polisie het gekom en ons braai en biere omgeskop en ons weggejaag," vertel sy.

Die Sondag waarna sy verwys, was die dag nadat die mense van die omliggende townships besluit het om hul verbruikersboikot te verbreek. Die mense het dié Saterdag, twee weke gelede, weer teruggegaan na die dorp wat hulle met hul boikot lamgelê het.

Die "oorkant" waarvan sy praat, is die anderkant van die meer wat omhein is met 'n sekerheidsheining en vir "net-blankes" bedoel is. Dáár is al die geriewe wat 'n mens gewoonlik in 'n park kry. Dit sluit stamdans-vertonings elke Sondag in.

Van die witmense is ongelukkig dat swartmense nou weer dieselfde geldlaaie as hulle vul.

"Hulle is naar nou," sê die gewese munisipale werknemer, "maar 'n klomp witmense is bly om ons terug te hê.

"Ek voel ongelukkig dat hulle die boikot beëindig het," sê sy.

Nie almal was so bereid om met 'n joernalis en 'n fotograaf te gesels nie. 'n Swart verpleegster aan die "verkeerde" kant van die meer was baie wantrouig, amper skrikkerig. Sy wou geen vrae beantwoord nie.

Ander mense aan die "oop" kant het ook rondgekyk en gesê dat hulle liewer nie met ons wil gesels nie.

Johann Coetzee, Boksburg se stadsklerk, het ons vriendelik in sy indrukwekkende kantoor op die tweede verdieping van die Burgersentrum ontvang.

Hy het die eufo[illegible] 'n "oop" Boksburg baie dui[illegible] opgeklaar. Staatspresident FW de Klerk se aankondiging dat Boksburg nou 'n vrye handelsgebied is, beteken dat swartmense nou sonder 'n tussenganger in die sentrale sakekern van die dorp mag handeldryf. Hulle kan ook dié besighede besit.

"Maar die eiendomme is slegs vir die bedryf van sake en nié om in te woon nie," sê hy. "Tot tyd en wyl die Wet op Afsonderlike Geriewe afgeskaf word, bly alles nog toe," verduidelik hy voordat ons groet.

'n Mens besef: die werklikheid - volgens De Klerk se onlangse aankondiging - is dat slegs die strande vir alle rasse oop is (en Boksburg is ver van die see af).

Die KP-stadsraad gebruik steeds dié wet om hul toe-heid op die dorp te laat geld. Buite in die sakegebied het elke winkel die Kersgety met geblikte Kersliedjies aangekondig en mense van alle rasse het geskenke in die seisoen van welwillendheid aangekoop. Bewaar egter dié swartmense wat van die dorp se geriewe wil gebruik maak. Vir húlle is dit nog steeds toe.

**Foto's: Cedric Nunn - Afrapix**

## Die boikot is verby, die versetveldtog nie

**Elsabé Wessels**

EEN stad een stadsraad: dit is die nuwe slagspreuk van die Red Boksburg-komitee.

Die komitee het dié week "'n nuwe fokus" aangekondig: die uitwissing van die groepsgebiedewet en die samevoeging van die hele Boksburg onder een plaaslike bestuur met 'n gemeenskaplike belastingbasis en die toekenning van hulpbronne.

"Ons het seker gemaak dat ons die gemeenskap agter ons het," sê Navsa.

Die Red Boksburg-komitee is een van die min buite-parlementêre groepe op die Oos-Rand wat werklik georganiseerd is.

"Ons versetveldtog het in Desember verlede jaar begin - lank voordat die breë demokratiese beweging hul landwye veldtog van geweldlose verset afgekondig het," sê hy.

Die sukses van die komitee kan toegeskryf word aan die ontwikkelingswerk wat hulle aangepak het. Daar was nie net 'n politieke agenda nie.

"In die winter is daar komberse uitgedeel. Tydens die boikot is gratis vervoer na Benoni aangebied. "Ons het ons beloftes gestand gedoen."

"Dissipline was deurgaans 'n kenmerk van ons veldtog. Sedert die begin het ons geglo dat as duisende aan 'n veldtog deelneem, ons duisende moet kan beheer. Dit geld steeds.

"Ons het hoë eise aan die gemeenksap gestel. Maar die opskorting van die boikot beteken nie ons kan nou gaan rus nie.

"Daar is baie werk wat in die gemeenskap gedoen moet word. Ons veldtog gaan voort.

"Maar die belangrikste fokuspunt nou is die groepsgebiedewet," sê Navsa.

# Gaan die Skrywersgilde skeur?

**Die skrywer se rol in demokratisering is die tema van die Afrikaanse Skrywersgilde-beraad wat nog tot môre by die Alpha-sentrum by Broederstroom gehou word. KOOS PRINSLOO neem 'n paar feite oor die Gilde in oënskou.**

TOE Johannesburg se werkgemeenskap van die Afrikaanse Skrywerskring in Januarie 1974 'n protesverklaring uitreik oor die verbod op André P Brink se roman, "Kennis van die aand", en eis dat twee vooraanstaande letterkundiges uit die Publikasieraad bedank, was die moederliggaam in Pretoria woedend. Die nasionale voorsitter van die Kring, Jac J Brits, het gevoel skrywers moet liewer nie in die openbaar dinge sê nie. Dis toe dat John Miles, Bartho Smit, Ampie Coetzee en Chris Barnard uit die Kring bedank en die Afrikaanse Skrywersgilde stig.

En vandag, vyftien jaar later, lyk dit of party lede van die Gilde met Jac J saamstem. Sedert 'n groep van hoofsaaklik Afrikaanse skrywers (waaronder lede van die Gilde-bestuur) vroeër vanjaar by die Victoriaval in Zimbabwe met die ANC gaan praat het en die meer genuanseerde kulturele boikot van die ANC teen Suid-Afrika verwelkom het, het reeds twee lede - Dot Serfontein en Daniel Hugo - weens "politieke redes" uit die Gilde bedank. En dis duidelik dat die hare oor die politiek nog vandag en môre by die beraad gaan waai. Party gildelede voorspel selfs 'n skeuring...

Asof dit nie uit die staanspoor duidelik was die Gilde sien "politiek" as deel van die skrywer se belange nie.

Reeds met die eerste Gildeberaad in 1975 op Broederstroom het Jan Rabie daarop gewys dat die swart gemeenskap Afrikaans as die taal van die onderdrukker sien, en by implikasie dat die Gilde iets daadwerkliks sou moes doen. Jakes Gerwel het in 1976 by die tweede beraad die waarskuwing herhaal: "Die beeld van die Afrikaner wat die meeste na buite geprojekteer word, is dié van 'n eng Nasionaal-stemmende, Afrikaans-biddende broederskap van rassiste." (Dit was 'n paar weke voor 16 Junie en die opstand in Soweto oor onder andere skoolonderrig in Afrikaans.)

John Miles se voorstel by dieselfde beraad, dat die Gilde toeganklik moet wees vir Suid-Afrikaanse skrywers ("Ons kan die SA van die toekoms nie meer in geïsoleerde bane ingaan nie"), het hewige debat uitgelok maar is afgestem. 'n Jaar later, met die beraad op Gordonsbaai, is 'n kompromis-voorstel egter aanvaar: dat die benaming Afrikaanse Skrywersgilde behou word, maar dat lidmaatskap uitgebrei word na alle Suid-Afrikaanse skrywers en letterkundiges, ongeag die taal waarin hulle skryf.



Jeanette Ferreira, voorsitter van die ASG

## JM Coetzee bedank uit Gilde

**NÓG twee lede het verlede maand uit die Afrikaanse Skrywersgilde bedank, maar om persoonlike en nie "politieke" redes (soos Dot Serfontein en Daniel Hugo) nie. Die internasionaal-bekende romanskrywer en Booker-pryswenner JM Coetzee en Wium van Zyl van Kaapstad het verlede maand hul bedankings ingedien, het die voorsitter van die Gilde, dr Jeanette Ferreira, gesê.**

**"Dit is geheel en al 'n persoonlike saak," het Coetzee uit Kaapstad bevestig.**

**Skrywers wat 'n paar jaar gelede uit die ASG bedank het, party weens 'n mosie van Daniel Hugo wat in 1986 in Windhoek aanvaar is waarin die Gilde dit kondoneer dat twee van hul lede op komitees van die publikasieraad dien, het hulle weer vanjaar by die vereniging aangesluit. Hulle is Jeanne Goosen, André P Brink, Fanie Olivier en Welma Odendaal.**

**Die Gilde, wat met die laaste beraad 80 lede gehad het, het 30 nuwe lede bygekry en 5 het bedank. (Ook Verna Vels om persoonlike redes.)**

Genoeg bewys dat die Gilde van die begin af ook 'n "politieke" rol wou speel, tante Dot en jonge Daniel?

En deur die jare het die Gilde mosies met 'n politieke kleur aanvaar, uitsprake gemaak, gepleit vir 'n oop Akademie vir Wetenskap en Kuns. Swart sprekers is na Gilde-berade genooi, skrywers het met swart onderwysers kontak gemaak in die Kaap, 'n projek is begin om Afrikaanse boeke en tydskrifte in swart skole te versprei.

Toe kom Hein Willemse en sê by die beraad op Gordonsbaai in 1984 dat naas die Afrikaner-letterkunde bestaan daar 'n vegtende stem, en die waardes van dié stem is totaal anders as die hoofstroom in die Afrikanerletterkunde. Hul poësie "is 'n poging tot die integrasie van opstand, stryd en menslikheid". En die wit skrywers teenwoordig behoort tot daardie hoofstroom en hy nié.

Die gevestigde wit Gilde-skrywers was ontsteld, veral Chris Barnard.

Dis ook by dié beraad dat 'n mosie aanvaar is waarin die Gilde hom distansieer van 'n brief wat Jan Rabie, toe voorsitter, geskryf het aan die Skotaville-groep van swart skrywers omdat "ongelukkige interpretasies" aan die brief (wat onder andere verwys het na 'n "makietie") geheg kon word. Die tweede deel van die mosie lui egter, "Ons herbevestig ons oortuiging dat die Gilde daarna moet streef om al hoe meer verteenwoordigend van alle skrywers in die land te word, en dra dit aan die nuwe bestuur op om indringend die moontlikheid in dié verband te ondersoek."

En die volgende jaar het die meeste van die genooide swart skrywers nie by die beraad in Johannesburg opgedaag nie. Dit was Julie 1985, toe die eerste gedeeltelike noodtoestand afgekondig is.

By die beraad die daaropvolgende jaar in Windhoek - waar een van die sprekers die binnelandse Swapo-leier, Daniël Tjongarero was - is besluit om by die destydse staatspresident, PW Botha, ten sterkste beswaar te maak oor die noodtoestand. Brink se ope brief aan Botha is ook as beraadstuk aanvaar. Die voorsitter, George Weideman, het dit onomwonde gestel, die Gilde moet òf die heersende ideologie aanval, òf swyg, en só die "groot stilmaak" kondoneer.

En Breyten Breytenbach het laat weet: "Ek dink julle het 'n selfperpetuerende en dalk ook 'n selftevrede klub geword. En 'n ding wat nie oopmaak nie (of bréék nie) verstewig slegs die huidige stelsel."

Desember daardie jaar verklaar die Gilde hulle kan die "nuwe regulasies wat die media muilband" nie aanvaar nie en by die '87-beraad sê hulle hul steun toe aan Van Zyl Slabbert se Dakar-safari. Waarop Anna M Louw haar van die mosie distansieer, oom Frans Venter summier bedank en WA de Klerk 'n eiertjie lê.

En na dié herrie besluit die Gilde om homself te hervorm om sy eie voortbestaan te regverdig, soos André le Roux dit gestel het.

By verlede jaar se beraad op Broederstroom besluit die Gilde om hul grondwet te hersien en die moontlikheid te ondersoek van samewerking met ander organisasies wat hulle vir die afskaffing van apartheid beywer.

Sedertdien het lede van die Gilde infomeel met lede van die Congress of South African Writers (Cosaw) geskakel en informeel met die ANC gaan praat. Toe het hulle die kulturele boikot verwelkom en dis waar WA de Klerk toe weer 'n eier lê en oom Barend Toerien ook.)

'n Láng politieke geskiedenis dus, Dot "dese en gene knapies uit die bosse" en Kie.

(Nie dat dit nie vreeslik ruik na "strategie", dat 'n klomp van die skrywers wat by die Waterval was skielik opgekommandeer is om by die Gilde aan te sluit nie, nè? "Skrywer" Johannes Kerkorrel boonop. Wonder wat dink Anton Goosen daarvan?)

Oor die verwelkoming van die nuwe kulturele boikot gaan die hare waai, én oor lidmaatskap. Van die Kaapse skrywers is glo glad nie lekker nie.

En sê nou die Gilde skeur vandag of môre?

Wel, die een helfte kan terug na oom Jac J se moederliggaam. Het dié geskiedkundige vereniging dan nie in 1985 sy lidmaatskap vir alle Afrikaanssprekendes oopgestel en selfs verlede jaar drie Gilde-lede, ook die voorsitter, saam met Joan Hambidge genooi om hulle toe te spreek nie?! Die ander helfte (dis nou te sê as hulle nie reeds lede is nie) kan by Cosaw aansluit.

En die ASG dan?

Dis eenvoudig, die ASG verdwyn.


COSAW and the Theatre Alliance present

"77 Years"

the history of the struggle

Poetry, prose and song, performed by

Ramalao Makhene, Jacqui Singer, Patrick Shai, John Ledwaba, Craig Friedmont, Nandi Nyembe, Irene Stephanou, Jennie Reznek, Lourens Sileye, Marcel van Heerden, Robert Colman, Vanessa Cooke, Dan Robbertse, Jeanette Ginslov, The Handspring Puppet Company, and others.

*1 p.m. Saturday 2nd December*
*The Warehouse at the Market*
*Entrance Free*


## Cosaw en Akademie om een vuur

UITEENLOPENDE sprekers en kunstenaars is genooi om aan die beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde by die Alpha-sentrum deel te neem.

So byvoorbeeld tree vier lede van die uitvoerende komitee van die Congress of South African Writers (Cosaw), Nadine Gordimer (wat 'n paar jaar gelede ná 'n onderonsie met Dan Roodt uit die vereniging bedank het), Achmat Dangor, Junaid Ahmed en Mzwakhe Mbuli, op.

Maar ook die voorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, prof Elize Botha - en redakteur van die Tydskrif vir Letterkunde, die "amptelike orgaan" van die Afrikaanse Skrywerskring (wat weens struweling oor sensuur in 1974 aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Gilde) - maak vanjaar die eerste keer haar opwagting by die ASG.

'n Ander ou bekende, die skrywer en 'n stigterslid van die Gilde, John Miles (wat 'n paar jaar gelede uit die Gilde bedank het), praat op vanjaar se beraad.

### Vandag en môre se program:

**Vrydag 1 Desember**

**9.00** Chris Barnard, Jeanne Goosen (Wat is die rol van die skrywer as kulturele werker?)
**10.30** Ledevergadering
**13.00** Middagete
**14.00** Prof Ampie Coetzee, John Miles, prof Elize Botha (Wat behels die huidige produksiestrategieë?)
**16.00** Ledevergadering
**19.00** Aandete
**20.30** Musiek deur Johannes Kerkorrel

**Saterdag 2 Desember**

**8.30** Dr Charles Malan, prof Michael Chapman (Wat is die implikasie van 'n Suid-Afrikaanse literatuur?)
**10.00** Wilhelm Liebenberg (Wat is die rol van die skrywer as kulturele werker?)
**10.30** Junaid Ahmed (Die kulturele boikot)
**12.45** Ledevergadering
**13.00** Middagete
**15.00** Oorhandiging van Ingrid Jonker-prys vir poësie
**16.00** Boekeveiling
**19.00** Aandete
**21.00** Orkes: Koos



Marcel van Heerden van Koos

## Kulturele boikot

**EEN van die omstrede mosies wat op die beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde ingedien gaan word, handel oor die kulturele boikot van die ANC. Volgens die mosie moet die ASG standpunt inneem oor die kulturele boikot omdat die boikot strydig is met die ASG se beleid oor die bevegting van sensuur.**

**'n Ander mosie wat opslae kan maak, lui dat net skrywers wat al een boek gepubliseer het volle stemgeregtigde lede van die ASG mag wees. Belangstellendes (joernaliste, akademici, uitgewers, ensovoorts) kan nie-stemgeregtigde bylede wees.**

# Kraletjies om mee te speel

**KOMMERKRALE**
*Deur Hennie Aucamp*
*Tafelberg, R24,95 + AVB.*

**Ena Jansen**

KOMMERKRALE is natuurlik daardie bont kraletjies aan 'n leertoutjie of kettinkie wat Grieke so nimmereindigend kan aftel, deur hulle vingers laat gly - soms vinnig aaneen, dan hortend en weer op 'n ander plek tussen die krale vervattend. Worry beads. Om jou senuwees te kalmeer, jou sondes op af te tel, jou hande besig en tuis te hou, of om as meditatiewe hulpmiddel te gebruik. Kenmerkend is die aaneengeryg de opeenvolging van die krale wat saamkom in die knoop, maar ook die moontlikheid weens die speling tussen die krale om in een greep 'n paar oor te slaan en willekeurig êrens anders weer in die beperkte verband te begin.

Hennie Aucamp se heel openbarende boekie met die titel "Kommerkrale" word in die ondertitel "'n ABjap vir akoliete" genoem. Dus 'n leerboek vir non-spesialiste, "novices" in kerksake oftewel lewenskwessies - soos die meeste van ons maar is.

Die ordenende beginsel in so 'n boek is natuurlik die alfabet. Elke letter word met een of soms twee woorde (bv. Dissipel én Duiwel by D, Engel(e) en Erbarme by E) verteenwoordig. Dit dien as vertrekpunt vir 'n anekdote, 'n gelykenis, grap of prekie - in ieder geval bâie kort kortverhale met titels soos Anachoreet (wat my na 'n HAT AB-jap laat gryp!), Bedelary en Crossroads. Bladsynommers wat liniêre opeenvolging sou beklemtoon, word doelbewus weggelaat om 'n ander "chronologie" aan te moedig.

Volgens tipiese woordeboek- en ensiklopediestyl word kruisverwysings deur die skrywer/samesteller aanbeveel. Dís hoe ek gelees het en die ronspringery in die boekie het onverwagte insigte en plesiere verskaf. Verbande word gelê tussen die vreemdste karakters in allerlei eksotiese situasies: 'n woestynheilige wil sy laaste testament opstel, maar al perkament beskikbaar, is sy eie liggaam; 'n filmster wat duisende mense aan haar beeld verslaaf het, word met gelyke munte betaal; 'n mooi meisie met 'n grief teen die lewe besoek 'n fortuinverteller en word pynlik aan haarself blootgestel; in die Seminarium vir Nederigheid peins 'n eenvoudige skoonmaker oor ons laaste Groot Versoeking.

By Anachoreet staan "Sien ook: Hoerery, Nederigheid, Ydelheid". Hoerery en Nederigheid verwys self net terug na die oorspronklike Avertrekpunt, maar Ydelheid vat jou verder na Insig, Openbaring en Pandora-sindroom wat wéér ander openinge maak. Met die kruisverwysings kom jy dan uit by Tuiskoms en Rust-mijn-ziel. Ná die gesofistikeerde geskerts en ironiese aweregse stories wat daaraan voorafgegaan het, is die emosionele impak van dié twee stukkies teks oorweldigend. Min reservarings het my onlangs so ontroer as die feit dat jy weens die verwystegniek Rust-mijn-ziel en Tuiskoms ook direk na mekaar lees - en albei stories is presies eenders! Hulle is 'n dooiepunt wat verwysings verder betref sodat jy letterlik daar stil kan bly - om later weer vooraan by B en die aftel van ander kralekringe te begin.

Die onverwagte skakels van betekenisse wat deur "Kommerkrale" gelê word, laat mens dink aan die taalfilosoof Lacan se "signifying chains". Volgens Lacan het taal áltyd die verwarrende effek van 'n woordeboek: elke woord, definisie op definisie, verwys na weer ander woorde deur reekse ekwivalente. Elke sinonieme substitusie veroorsaak dat alle woorde mekaar later eggo in een groot betekenende ketting. Êrens is dit die effek wat "Kommerkrale" op 'n mens het. Aucamp demonstreer op 'n onortodokse manier hoe een woord oneindiglik kan oopmaak na 'n alfabet van betekenisse.

Lacan illustreer dié soort verskynsel met sy teorie van *points de capitons* - reekse knopspykers wat vir die stoffering van meubels gebruik word. Hierdie spykertjies word as analogie gebruik vir die voorlopige indam van betekenaars in die voortstromende gang van betekening. Woorde wat in die ABC-opskrifposisie staan, is by Aucamp die bevoorregte punte van waaruit die rigting of aard van die betekenende ketting vasgestel kan word. Een *point* of spyker is op sigself nie in staat om die bekleding van die werklikheid vas te pen nie en almal saam is ook slegs punte van voorlopige vaslegging in 'n *poging* om sin te maak van die wêreld.

Aucamp se "Kommerkrale" is so 'n poging tot betekening - ás jy die game speel as leser. Want dit is beslis nie 'n boek wat van voor tot agter deurgelees moet word nie - al is die losstaande stories hoe vermaaklik. Maak spronge, vat 'n kraaltjie op sy voorgestelde tyd raak, slaan soms oor en soek na nuwe kombinasies. Die boek is nie verniet opgedra aan Johan Degenaar "wat ernstig hou van speel" nie!

Alhoewel lesers uiters gesjar-meer sal raak deur die spel, is daar belangrike vrae wat gestel sal kan word by die plesierig-verhullende seleksie van indamming, die ekwivalensies van engele, duiwels, Crossroads, woestynheiliges en private kommer. Waardeur nóg behalwe deur die taal word hierdie naasmekaarstelling in ABC-verband bepaal? Dié vraag kan Degenaar dalk help antwoord!

*Ena Jansen doseer Afrikaans en Nederlands by Wits*

boeke-blad

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

# Heldersiende in 'n lang someraand

**In sy reeks oor wêreldskrywers bespreek MARTIN STEGMAN die Argentyn Jorge Luis Borges.**



DIE skrywers van Suid-Amerika het hulle voorregte en probleme. Die meeste van hulle skryf in Spaans - die taal wat van Cervantes tot vandag 'n skatkis van letterkunde opgebou het.

Die voordeel is dat die Suid-Amerikaner van buite na Europa kan kyk. Hy kan saamvat, dissekteer, opsom en orden.

Die nadeel is dat hy met 'n Europese verwysingsveld en herkoms leef in 'n nuwe wêreld met 'n eie aard. Daarom is hy voortdurend op soek na 'n nuwe fokuspunt, 'n nuwe middelpunt vir sy bestaan.

Jorge Luis Borges het in Argentinië die brokke van 'n Europese tradisie opgetel en daaraan 'n vorm eie aan sy habitat gegee. Daarom word dié meester van die kortverhaal onthou as die grondlegger van die moderne Suid-Amerikaanse letterkunde.

Borges is in 1898 in Argentinië gebore. Onder sy voorouers was nie net Spanjaarde nie, maar ook Engelse. Aanvanklik wou hy graag glo hy het grootgeword in 'n voorstad van Buenos Aires, "a suburb of dangerous streets and showy sunsets."

Die waarheid is egter dat hy 'n streng Edwardiaanse opvoeding gehad het - in albei tale en kulture van sy voorgeslagte. Sy kinderwêreld was eintlik 'n tuin agter 'n ysterheining en 'n oneindige biblioteek van Engelse boeke, soos hy dit veel later sou stel.

Van kleintyd het sy leeswerk die eienskappe gehad wat later die grondslag vir sy skryfstyl sou vorm. Hy het wyd gelees, klassiek gelees en 'n voorliefde gehad vir fantasie. Van die vroegste boeke wat hy onthou het, was Stevenson se vertaling van die Arabiese nagte, "Alice in Wonderland", die Ilias en die Odusseia. Hy het ook gou kennis gemaak met die fantasieë van HG Wells.

Dan was daar volgens hom die grootste van romanskrywers, Joseph Conrad, en die verhale van Edgar Alan Poe.

'n Skrywer het nie voorgangers nie, het Borges geglo. Elke skrywer se werk bepaal sy invloede. Borges het ontsaglik baie gelees, maar nie noodwendig altyd indringend nie. Hy het skeppend gelees: altyd op soek na 'n fragment, 'n sin of 'n idee wat boustof kon wees vir 'n verhaal van sy eie.

Hy was baie lief vir die "musiek" van die Engelse taal, waardeur hy onder meer filosofie leer ken het. Dié taal het ook sy styl beïnvloed. Spaans is geneig om te omslagtig te wees, terwyl Engels kort bly. Dit het hom geleer om homself bondig uit te druk, het hy gesê.

Borges het in die dertigers begin met sy stryd teen die erg koloniale realisme van prosa op sy kontinent. Vir hom was realisme gelyk aan nasionalisme. Hy het dit beveg, soos enige ander denkrigting wat voorbarig genoeg was om 'n geheelbeeld van die wêreld te probeer gee.

Sy groot wapen teen realisme was speurverhale soos die Father Brown-stories van GK Chesterton, vir wie hy groot bewondering gehad het.

Die realistiese teks probeer volgens Borges ontken dat hy net 'n woordelikse namaaksel is van die werklikheid. Die fantasie of avontuurverhaal - soos dié van Chesterton - gee nie voor om 'n transkripsie van die werklikheid te wees nie. Dit is 'n kunsmatige voorwerp waarvan geen deel regverdig hoef te word nie.

Volgens sy vriend Bioy Casares het Borges voorsien in die behoefte aan 'n letterkunde wat praat oor letterkunde en abstrakte denke. Sy onderwerpe het hy gaan haal uit die filosofie en logika. Sy styl was om gedagtes uit elke denkbare bron te lig en hulle langs of teenoor mekaar te plaas. Hy ondersoek die wydste denkbare onderwerpe. Omdat hy so eenvoudig en deurdag skryf, onthou 'n mens agterna elkeen van hulle. Hy maak van intellektuele en filosofiese speletjies 'n avontuur.

Dié voorliefde vir fantasie mag lyk na ontvlugting en onbetrokkenheid. Maar Borges was op sy produktiefste in die veertigers, toe Argentinië gebuk gegaan het onder die korrupte regering van Peron. Vir Borges het dit gelyk asof die wêreld by die dag meer chaoties en kranksinnig word.

Sy fiksies is dus 'n ontsnapping na die kalm ruimte van logika, waar denke nie besoedel word deur opdringerige ideologie en rasegire retoriek nie..

As mens was Borges baie nederig. Al sy boeke begin met 'n voorwoord waarin hy half verskonend verduidelik wat hy met sy stories probeer doen. Sy wysheid en insig het hom ook gehelp om te berus toe hy begin blind word weens 'n oorerflike siekte. Om blind te word, is bloot om in 'n lang someraand te leef, het hy gesê. En: nou kan ek alles binne myself, sonder steuring en daarom helderder sien. 'n Mens kan enige boek van Borges optel en verdiep raak in die oneindige landskap van sy denke. Sy gedagtes is helder soos daglig. Die skrywers wat hy aanhaal of bespreek, kry nuwe betekenis.

Byna ongemerk is daar agter al die grootsheid 'n liriese digter aan die werk. Hy maak sy beelde uit onmerkwaardige woorde. Maar dié beelde bly staan as 'n unieke mitologie, so groots en onuitputlik soos die skepper daarvan.

Wat Borges waarderend gesê het van Valéry, is ook waar van homself: "A man whose admirable texts do not exhaust, do not define, their all-embracing possibilities... a man who, in an age that worships the chaotic idols of blood, earth and passion, preferred always the lucid pleasures of thought and the secret adventures of order."

black green and gold black red and yellow red and yellow the people toyi-toying cheering so the stands shake viva and you know who the real leaders are viva and you know the past is nearly over and it's like a glimpse down a long tunnel and into a much brighter future viva

CAROLINE CULLINAN'S CALENDAR FOR 1990 - PICTURING AFRICA IN A MUCH BRIGHTER LIGHT

Special offer to Vrye Weekblad readers - Send R16 (inc postage and GST) to:
Weekly Mail
Caroline Cullinan Calendar
P O Box 260425
Excom 2023
or call: (011) 331-3321 for more details

DIE WEEK IN DIE NUUS

# Suid-Afrika

**Staatspresident FW** de Klerk kondig aan dat die Nasionale Gesamentlike Bestuurstelsel afgeskaf gaan word en dat die Kabinet as "hoogste beleidmakende en koördinerende gesag" bevestig sal word.
**Die mediaregulasies,** wat die vryheid van die pers erg aan bande lê, geniet die dringende aandag van die regering, sê pres De Klerk by die Johannesburgse Persklub.
**Die McNally-kommissie** se verslag oor Almond Nofomela se bewerings oor sy deelname aan 'n polisie-moordbende word aan die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, en die minister van Justisie, Kobie Coetsee, oorhandig. Die kabinet skenk dringend aandag aan die bewerings, sê pres De Klerk.
**Die Kerkbode** vra in 'n hoofartikel dat 'n geregtelike kommissie van ondersoek ingestel word om die bewerings van SAP-moordbendes te ondersoek.
**Senior polisie-offisiere** in KwaNdebele het openlik geweld gebruik en toegelaat teen plaaslike inwoners, getuig Nic de Villiers van die Regshulpsentrum in Pretoria voor die Parsons-kommissie van ondersoek na onrus in dié tuisland in 1983.
**Eerw Arnold** Stofile en Samkuzi Somyo sal môre (Saterdag) vrygelaat word na meer as 'n jaar in aanhouding, kondig die Ciskeise regering aan. Die twee is skuldig bevind aan oortredings van Ciskei se veiligheidswetgewing. Eerw Stofile is die Grens-streeksekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en voorsitter van die Grens Rugby-unie.
**Oos-Peelton** se inwoners kry verlof om hulle in Suid-Afrika in plaas van Ciskei te vestig ná samesprekings tussen die adjunk-minister van Buitelandse Sake, Leon Wessels, en die voorsitter van die Grensstreek van die Raad van Kerke, eerw Bongani Finca.
**Dr Tinus** Stühlinger, 'n tandarts van Oudtshoorn, word in die Kaapse Hooggeregshof onskuldig bevind weens poging tot moord nadat 'n Swellendamse prokureur, Chris Taylor, en sy sekretaresse, Jeanette de Jong, met sjokolade vergiftig is. Stühlinger is wel skuldig aan dwarsboming van die gereg.
**Kobus Roets** bedank ná net agt maande as besturende direkteur van Trust Bank te midde van gerugte van ongerymdhede in persoonlike transaksies. Dr Chris van Wyk neem Roets se plek in.
**Vier mans** en 'n verwagtende vrou word in Venda as Aids-slagoffers gediagnoseer.
**Biskoppe** van die Anglikaanse Kerk sê op hul sinode pres FW de Klerk se stappe tot dusver is bemoedigend, maar spreek terselfdertyd hul kommer uit oor die gevolge as die regering nie aan die verwagtinge sou voldoen nie. Dit lyk volgens hulle asof De Klerk op 'n ad hoc-grondslag toegewings maak, eerder as om volgens 'n omvattende plan te werk om apartheid af takel.
**Die Johannesburg** High School for Girls sal voortbestaan as 'n nie-rassige skool - maar sonder staatshulp. Nadat die minister van Opvoeding, Piet Clase, geweier het dat die staatskool oopgestel word vir alle rasse, is dit omskep in 'n nie-rassige private skool vir dogters én seuns wat as Barnato Park High School sal bekend staan.
**Andrew Oliver,** 25, wat sy huismaat, Justin Smith, doodgeskiet het, word skuldig bevind weens moord met versagtende omstandighede en tot agt jaar gevangenisstraf gevonnis in die Randse Hooggeregshof.
**Pres FW** de Klerk besoek die Ivoorkus vir samesprekings met pres Felix Houphouet-Boigny.
**'n Stuk** grond van sowat vier hektaar word in die Qunu-gebied van die Transkei, waar Nelson Mandela gebore is, opsygesit sodat hy ná sy vrylating daar kan gaan woon as hy wil.
**Radcliffe Cadman,** administrateur van Natal, dien 'n wysiging op 'n provinsiale ordonnansie in wat daarvoor voorsiening maak dat wilddiewe van swartrenosters 'n R10 000 boete of tien jaar gevangenisstraf opgelê kan word, in plaas van die huidige R2 000 of twee jaar.
**Hoofminister Mangosuthu** Buthelezi van KwaZulu beskuldig die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke van openlike sameswering met die UDF, ANC en Cosatu en sê dis 'n belediging vir Christene.
**Pres FW** de Klerk wys die Vryheid van Verwoerdburg van die hand.
**Willem Doman** van die NP wen die tussenverkiesing vir die Volksraad in Vasco teen kandidate van die KP en die HNP, en Melt van Schoor Hamman behou die Ceres-setel vir die NP in die tussenverkiesing teen die KP.

## Wêreld

**Rajiv Gandhi** bedank as eerste minister van Indië nadat sy party die algemene verkiesing verloor het, maar bly aan as waarnemende eerste minister totdat 'n nuwe leier aangestel word.
**Mikhail Gorbatsjof,** president van die Sowjet-Unie, besoek Italië.
**Michel Aoun,** Christelike leier van Lebanon, bied aan om met Sirië te skik, terwyl duisende van sy ondersteuners sy hoofkwartier omring.
**'n Gesangeboek** wat in 1893 in die slag van Hornkranz tussen die Duitsers en die Namas deur 'n Duitse soldaat gebuit is en aan Hendrik Witbooi, die seun van die beroemde Nama-leier, behoort het, word in Windhoek terugbesorg aan sy kleinseun, ook Hendrik Witbooi, onderleier van Swapo en pastoor in die AME Kerk.
**Die Tsjeggo-Slowaakse** parlement begin moontlike grondwetlike veranderinge ondersoek ten einde van streng Kommunistiese heerskappy weg te beweeg en die weg te baan vir vrye verkiesings.
**Pres Ahmed** Abdallah van die Comoro-eilande word doodgeskiet, na bewering deur 'n groep huursoldate onder sy eie bevel.
**Simon Petrus,** 'n manskap van die SWA Gebiedsmag wat in Angola gevange gehou is, word in Luanda vrygelaat en keer terug na Namibië.
**Nadia Comaneci,** die Roemeense gimnas wat in die Olimpiese Spele van 1976 as 14-jarige byna volmaakte vertonings gelewer het, verruil haar geboorteland, Roemenië, vir die meer gemaklike atmosfeer van Hongarye.
**Studente uit** Suid-Afrika, Zimbabwe, Namibia, Nigerië en Gambië begin die Universiteit van Sierra Leone in Freetown verlaat nadat die universiteit weens studente-onrus gesluit is.
**Swaziland** se eerste minister, Obed Dlamini, besoek Nairobi, Kenia vir 'n spitsberaad van die Preferential Trade Area Countries (PTA).
**Ses mense** wat noue bande met 'n opposisiegroep het, word in Guinee aangehou sonder verhoor, sê Amnestie Internasionaal in 'n verslag.
**Egon Krenz,** president van Oos-Duitsland, sê hy is bereid om saam te werk met die Weste, maar dis te gou om van 'n hereniging van Duitsland te praat.
**'n Japanse** sakeman koop Picasso se skildery La Maternite vir R28,5 miljoen.

# China hou 'n les vir Suid-Afrika in

Onder redaksie van Charles Leonard

**Die beeld wat die wêreld van China het, is die een van 4 Junie waar 'n onverbiddelike staat bloediglik op sy onderdane toegeslaan en talle mense gesterf het. Tog het daar dramatiese ekonomiese hervormings in dié land plaasgevind, waaruit Suid-Afrikaners lesse kan leer, sê Dr GAVIN LEWIS, die Johannesburgse direkteur van die Suid-Afrika Stigting, wat pas van 'n feitesending na China teruggekeer het**



'n Student word verhoed om 'n klip te gooi

DIE Verre Ooste het die afgelope paar jaar al hoe nader aan Suid-Afrika gekom en dit was veral vanweë handel.

Veral Japan en Taiwan se spiere word groot gebult as handelsvennote. Ons kontakte met die Volksrepubliek van China, die grootste van hul almal met sy 1,2 biljoen mense, is egter minimaal.

China is nie net belangrik vanweë sy grootte, en die ooreenstemmende reuse-potensiële markte wat hy verteenwoordig nie, maar ook oor die ekonomiese bevrydingsprogramme wat na 1978 in werking gestel is. Dié hervormings gaan dié wat onder Mikhail Gorbatsjof in die Sowjet-unie ingestel is, vooruit. Die welslae (of gebrek daaraan) en hul lot ná die toeslag wat gevolg het op die Tiananmenplein-skietery van 4 Junie vanjaar, behoort van groot belang te wees vir Suid-Afrikaners terwyl hulle wonder oor die aard van 'n post-apartheid Suid-Afrika en die rol van sentrale beplanning daarin.

Die eerste ding om te onthou oor China se ekonomiese hervorming, is dat dit net gedeeltelik is, en dat dit as ondergeskik aan sosialisme en die leierskap van die Chinese Kommunistiese Party beskou word. Die gebeure van 4 Junie het die werklikheid onderstreep dat China nog steeds 'n harde en onvergeeflike maatskappy is en dat die heersers nie van plan is om hul eiesoortige kommunisme prys te gee nie.

Nietemin, ondanks dié beperkings, is dit duidelik dat ekonomiese hervorming 'n dramatiese impak gehad het in dié stede en dorpe waar dit vrye teuels gegee is. Deur groter vryheid vir kleinboere om produksie en mark-oorskotte te beheer, te kombineer met 'n verslapping van beheer oor gesamentlike ondernemings van stede en selfs individuele fabrieke met buitelandse kapitaal, en in die algemeen deur 'n hele klomp maatreëls waarvan die kern groter vryheid vir die rol van die mark eerder as die staat is, het die ekonomiese hervorming 'n opbloei tot gevolg gehad waar dit vantevore nie toegelaat is om te gebeur nie.

Party naburige streke en stede van Hongkong en langs die kus is toegelaat om deel te neem aan die beleid van "openheid" tot buitelandse handel en kapitaal, saam met ekonomiese bevryding; hulle het in so 'n mate daarby gebaat dat hulle nou in die volksmond saamgegooi word as die "gouekus".

Die syfers weerspieël die voordele van die herstel van 'n mark-gegronde ekonomie. Regdeur die tagtigerjare het China se BNP met 'n gemiddeld van 10 persent per jaar gegroei. Die netto per kapita-inkomste van landelike mense het in dieselfde tydperk met 12 persent per jaar gegroei, en vir stedelinge met 7 persent.

Sowat 70 miljoen nuwe werksgeleenthede is in die stede geskep, en in die dorpe het 85 miljoen kleinboere werk in ligte nywerhede gekry. Lewenstandaarde het duidelik verhoog in materiële terme, en huishoudelike besparing het toegeneem van 21 biljoen jen in 1987 tot 380 biljoen jen vandag (1 jen = 55c).

Buitelandse handel het ook sedert 1979 viervoudig toegeneem. In die Guangdong-provinsie, waar die impak van ekonomiese hervorming dramaties sigbaar is, het nywerheidsproduksie in 1988 met 30 persent toegeneem - en dit volg op 'n 70 persent-toename in 1987.

Dié provinsie het al buitelandse beleggings van sowat R15 biljoen gelok; in 1987 was die waarde van sy buitelandse handel R14 biljoen. Sowat twee miljoen mense in die provinsie werk regstreeks of onregstreeks vir fabrieke in Hongkong.

Die algehele gevolg is 'n private sektor in China van omtrent 14,5 miljoen private ondernemings in individuele besit, en 'n ekonomie wat teen 2030 die grootste ter wêreld sal wees as wêreldekonomieë teen die huidige koers aanhou groei. Ondanks amptelike beperkings groei handel met Suid-Afrika, meestal deur Hongkong, en China word al hoe toegankliker vir Suid-Afrikaanse toeriste.

Soos die Junie-toeslag egter bewys het, is dit nie 'n maklike pad nie. Jaloesie tussen streke wat toegelaat is om deel te neem aan dié en die ander hervormings, toenemende korrupsie in die staatsdiens, stygende inflasie, die produksie van minderwaardige produkte, en swak vervoer- en kommunikasiestelsels het hul tol geëis.

Maar die grootste probleem is steeds staatsbeplanning en 'n dubbele prysstelsel, met staatsbeheerde pryse wat langs markpryse bly voortbestaan. Dan is daar ook nog die herverskyning van die geharde kommuniste ná die brutale hantering van die protes op Tiananmen-plein, in dieselfde tyd toe ekonomiese hervorming die eise vir politieke demokratisering begin stimuleer het, net soos in Oos-Europa.

China is nou weer by die kruispad. Dis nie onmoontlik dat sy leiers weer sal besluit om hul rûe op die wêreld te draai en in verarmde ideologiese suiwerheid te lewe nie.

Aan die ander kant is China se begeerte om hom as 'n wêreldmag te vestig, en die feit dat soveel mense en streke voordeel geput het uit ekonomiese hervorming dat hulle dit nie sal wil prysgee nie, rede tot hoop.

Daar sal nog heelwat meer dramatiese verandering in die rigting van vrye onderneming moet wees as die Chinese ekonomie so sterk wil groei soos sy bure in die Stille Oseaan, en die noodsaaklikheid van groter politieke hervorming sal erken moet word soos wat die groeiende ekonomie meer mag aan individuele Chinese verleen.

Sonder dié twee sleutelbestanddele sal die Chinese Volksrepubliek, soos Suid-Afrika, nie sy regmatige plek in die internasionale ekonomiese en politieke arena kan inneem nie.

# Rajiv Gandhi: Euforie van korte duur

Narayan Swamy

NIEU-DELHI - Twee persoonlike tragedies het Rajiv Gandhi van die kajuitstoel van 'n kommersiële vliegtuig na die troebel wêreld van die politiek en uiteindelik na die hoogste politieke stoel van Indië met 'n ongeëwenaarde mandaat, laat styg.

Maar 5 jaar later, toe hy agter die stuur van 'n grys Mercedes-Benz na die presidensiële paleis ry om as eerste minister te gaan bedank, het die euforie wat hom in die heel voorste gestoelte gekry het, heeltemal verdwyn.

Gandhi, wie se party deur die kiesers verwerp is, is besmet met alles wat as die slegste in die gewone oes van Indiese politici beskou word. Min Indiese leiers se gewildheid was nog so laag soos syne.

Sy eerste huiwerige treë in die politieke arena word steeds onthou vir die jeugdige onskuld waarmee dit gepaard gegaan het en juis dit het hom die kits-liefling van miljoene in dié grootste demokrasie ter wêreld gemaak.

Gandhi, nou 45, was 'n stil gesinsman, getroud met 'n Italiaanse vrou wat politiek verag. Toe verongeluk sy polities-ambisieuse en heerssugtige jonger broer, Sanjay, in 'n vliegtuigvertoning in Nieu-Delhi in Junie 1980.

Dit was 'n geweldige slag vir hul moeder Indira - toe Indiese eerste minister - omdat sy Sanjay grootgemaak het vir haar pos. Sy het haar dadelik tot die skoorvoetende Rajiv gewend om sy broer se plek vol te staan.

Gandhi het onder die druk geswig, ondanks uitroepe van verontwaardiging dat sy ma besig was om 'n vorstehuis te bewerkstellig. Haar pa, Jawaharlal Nehru, was vanaf 1947 vir 17 jaar lank Indië se premier.

Gandhi is in 1981 tot die parlement verkies in sy broer, Sanjay, se vakante setel in Amethi en is tot hoofsekretaris van die regerende Kongres Party verkies. Hy het dadelik begin om 'n beeld van sy eie op te bou.

Sy eerste groot taak was die organisasie van die Negende Asiatiese Spele in die Indiese hoofstad. Dit het sy beeld van 'n hardwerkende persoon wat 'n wrewel aan burokrasie en ondoeltreffendheid het, versterk.



Rajiv Gandhi
*(Foto: AP)*

Maar hy was egter nog ver van die eerste ministerskantoor toe sy moeder deur twee Sikh-lyfwagte op 31 Oktober 1984 vermoor is.

Sy smart was duidelik aan die miljoene wat hom by haar begrafnis gesien het. Die spontane simpatie wat toe op hom uitgestort is, het hom 'n rekord van 400 setels in die parlementêre verkiesing van Desember 1984 besorg.

Dié mandaat het verkiesingswaarnemers verstom omdat nie eens Nehru daarin kon slaag om 48 persent van die steun agter die Kongres Party, die oudste in die land, te verenig nie.

Gandhi is beskou as iemand wat dinge kon verander, 'n politieke ontsmettingsmiddel om die korrupte Indiese politiek skoon te maak, bande met sy kleiner buurstate te versterk en, soos hy gereeld gesê het, Indië in die 21e eeu te loods.

Hy het sy woord gehou, en rekenaars het die tydlose Indië begin binnestroom. Op die politieke front het hy almal verstom deur leiers van sy Kongres Party as "agente van mag en invloed" te beskuldig.

Die pers was gou om vir Gandhi "Mnr Skoon" te noem en amper net so gou het dinge begin verkeerd loop.

Gandhi se afkeer in tradisionele Indiese politiek en politici het veroorsaak dat hy getroue leiers van die Kongres verwerp het en op vriende vertrou het wat as politieke nuwelinge beskou is.

Hy is stadig maar seker beskou as iemand wat nie begrip het vir Indië en sy probleme nie en wat hou van vinnige motors en plesierritte.

Kongreswerkers het begin kla dat hulle geïgnoreer word en dat hul leier net tuis gevoel het met 'n Westerse groep.

Maar miskien was dit natuurlik vir 'n jong man met sy opvoeding.

Hy is op 20 Augustus 1944 in Bombaai gebore en het sy vroeë kinderjare saam met sy eerste minister oupa by Nieu-Delhi se indrukwekkende Teen Murti-huis deurgebring, waar sy ma die eerste minister se gasvrou was.

Hy het skoolgegaan in Deehradoen, 'n bergoord in Noord-Indië, en het aan 'n ingenieurskollege in Engeland studeer waar hy sy vrou Sonia ontmoet het.

Hy het met sy terugkeer na Indië by die Delhi-vliegklub aangesluit en uiteindelik 'n vlieënier vir die staatsbeheerde Indian Airlines geword.

Sy familielewe was nie juis opspraakwekkend nie, ondanks sy ma se mag en sy broer se berugtheid, totdat hyself eerste minister geword en sy verkiesingsnederlae en skandale hom ingehaal het.

Gandhi het in 1986 twee groot staatsverkiesings verloor. Die daaropvolgende jaar was 'n tragedie met die ergste droogte in 'n eeu en die multi-miljoen rand Boforswapenskandaal in April.

Terwyl Indië se grootste korrupsie-skandaal voortgewoed het, het dié eerste minister nog drie beslissende verkiesings in 1987 verloor.

Gandhi het ook in 1987 Colombo toe gevlieg om 'n omstrede vredesooreenkoms - om Tamil-separatisme in Sri Lanka te beëindig - te onderteken. Dié ooreenkoms het die lewens van meer as 'n 1 000 Indiese soldate gekos.

Uiteindelik was dit die Boforstransaksie wat aan die lewe gehou is deur openbaringe in die Indiese pers wat die "skoon" beeld uitgewis en Gandhi se politieke graf gegrawe het.

Die premier het ontken dat hy of sy gesin ooit omkoopgeld van Bofors ontvang het om aan dié Sweedse wapenvervaardiger 'n R1,3 biljoen-tender toe te ken, maar het homself aanhoudend weerspreek.

Toe 'n algemene verkiesing uitgeroep is, het baie Kongres-kandidate glo gehuiwer om Gandhi-plakkate in hul kiesafdelings op te sit omdat hulle bang was hulle sou verloor.

Plakkate of te nie, dié week was dit duidelik dat niks meer sou help nie. - AFP

# Die wêreld se oë môre op Malta

Boris Krivsov

MOSKOU - Die klein eilandstaat in die Middellandse See, Malta, gaan môre in die internasionale kalklig wees. Van sy kus af gaan die Sowjet-kruiser, Slava, en die Amerikaanse oorlogskip, Belknap, 'n rendezvous hê en op hulle gaan die Sowjet-president, Mikhail Gorbatsjof en sy Amerikaanse eweknie, George Bush, op 2 en 3 Desember samesprekings voer.

Dié ontmoeting vind drie maande na die negende jaarlikse Onverbonde Lande Beweging (NAM)-beraad, wat in die Joego-Slaafse hoofstad, Belgrado, gehou is, plaas. Hoewel die Maltese beraad geen duidelik afgebakende agenda het nie, kan 'n mens seker wees dat daar op ontwapening gefokus gaan word - kernwapens, ekonomiese probleme en omgewingsbeskerming.

Die Sowjet-Amerikaanse toenadering stem ooreen met die Onverbonde Lande se benadering tot wêreldprobleme.

Daar is 'n verskuiwing van konfrontasie na dialoog in die nuwe politieke denke en van die oorwinning van gesonde verstand oor die Koue Oorlog-stereotipes.

Dié toenadering tussen die twee wêreldreuse het reeds tot een belangrike stap in ontwapening gelei: die uitskakeling van kort- en middelafstandmissiele. NAM het dié IMF-verdrag geprys en beskou dit as 'n positiewe reaksie op NAM se Harare-versoek wat in 1986 deur dié lande gemaak is.

Die twee kante gaan ongetwyfeld verder gaan tydens die Malta-beraad en 50 persent verminderings in strategiese kernbewapening bespreek. Dié doelwit was op die voorgrond in Belgrado-resolusie oor "internasionale veiligheid en ontwapening" wat die onverbonde leiers se hoop, dat daar vroeg reeds tot 'n vergelyk gekom gaan word, onderstreep.

Die politieke oplosssing van streekskonflik was ook onder bespreking by die Belgrado-konferensie.

Dieselfde doelwit word deur sowel die super-moondhede as Afrika nagestreef.

Soos bekend is, is die implementering van Resolusie 435 in Namibia 10 jaar lank uitgestel, grootliks as gevolg van Sowjet-Amerikaanse konfrontasie. Maar toe dié twee lande hul magte saamgesnoer het, het dit slegs 'n paar maande se samesprekings gekos om 'n ooreenkoms tussen Angola, Kuba en Suid-Afrika te kry.

Die gevolg was dat - met die bemiddeling van die Sowjet-Unie en Amerika - die toestand aan die sub-kontinent na normaal begin terugkeer het. Suid-Afrikaanse troepe het die besette Suid-Angola, en uiteindelik Namibia ook, verlaat.

Stabiliteit het in 'n groot mate teruggekeer en militêre aggressie is polities aan bande gelê.

Sowjet-Amerikaanse begrip en interaksie is ook van lewensbelang vir versoening in Mosambiek, Angola en Ethiopië, en was belangrik om die geskille tussen Somalië en Ethiopië, en Tsjaad en Libië, op te los.

Niemand moet natuurlik dink dat die super-moondhede Afrika se probleme namens dié kontinent se inwoners oplos. Tog, geoordeel aan onlangse ervarings, word gehoop dat verdere Sowjet-Amerikaanse toenadering 'n soortgelyke politieke klimaat sal help skep en dat dit 'n klimaat van goedgesindheid sal wees waarin dié probleme opgelos kan word.

Dit sal die belange van die Afrika-lande, die Sowjet-Unie en Amerika, en die onverbonde lande, voorop stel. - ANO

# Eet saam met die vyand, en jy los dalk die oorlog op

TOE honderde witmense verlede week deur die strate van Port Elizabeth na die swart township, New Brighton, geloop het om 'n boodskap van hoop aan leiers en duisende ondersteuners van die breë demokratiese beweging te oorhandig, was die Nasionale Party-LP vir Newtonpark tussen hulle.

Sakkie Louw sê hy vereenselwig hom ten volle met die boodskap waarin die deelnemers aan die optog hulle verbind het tot "'n nuwe Suid-Afrika... gegrond op vryheid, geregtigheid en gelykheid, waarin menseregte beskerm word".

Die inperkings van 'n stuk of 20 aktiviste van Port Elizabeth, onder wie die streekspresident van die United Democratic Front, Edgar Ngoyi, is verlede maand opgehef ná vertoë aan die minister van Wet en Orde deur Louw en sy kollega, Frans Smit van Algoa.

"Hoe kan 'n mens met die leiers van die gemeenskap gesels om probleme op te los as hulle in die tronk sit of ingeperk is?" vra Louw.

En oor apartheid is hy beslis: "Daar is geen manier waarop ek enige apartheidsmaatreël of wet kan aanvaar nie, op morele of op Bybelse gronde."

Maar dis nie 'n skielike ommeswaai dié nie. Sakkie Louw se gesselsery met buite-parlementêre leiers kom al 'n ver pad, selfs van die PW Botha-era af; maar toe was dit 'n ander storie.

"In Desember 1985, toe die verbruikersboikot in die Oos-Kaap sterk aan die gang was, het ek saam met Mkhuseli Jack en ander gemeenskapsleiers gaan eet om oor dié dinge te gesels," vertel Louw. Jack was die president van die UDF-geaffilieerde Port Elizabeth Youth Congress (Peyco) en een van die hoof-organiseerders van die boikot.

"Ons het verslae oor die mense se griewe aan pres PW Botha en aan Chris Heunis (toe nog minister van Staatkundige Beplanning en Ontwikkeling) gestuur en die gesprekke voortgesit. Net toe ons nou begin om wedersydse vertroue te skep, toe word die hele klomp weer toegesluit en alles is daarmee heen."

Louw is geen nuweling in die politiek nie. Hy is 'n boorling van die Noordweste, Upington se wêreld, en het in 1970 al vir die NP begin werk as voltydse organiseerder vir Kaapland.

In 1981 is hy tot Volksraadslid vir Algoa verkies, en in 1985 in 'n tussenverkiesing tot LP vir Newtonpark.

"Jong, dit was 'n moeilike verkiesing. Dit het agt maande lank geduur, van Oktober 1984 tot Maart 1985, en die onluste in die Oos-Kaap het tydens die verkiesing begin."

Die skietery in Uitenhage, toe die polisie deelnemers aan 'n optog doodgeskiet het, het in Maart 1985 plaasgevind. Louw se betrokkenheid in die ondersoek na die skietery het veroorsaak dat hy redelik bekend geword het in die gebied.

En toe, kort na die verkiesing, word 'n referendum oor die oopstelling van Port Elizabeth se strande gehou - en Louw stem VIR oopstelling, lank voordat FW de Klerk besluit het dis nou regeringsbeleid, en in dieselfde tyd toe PW Botha nog vir Allan Hendrickse uitgeskel het omdat hy dit op Koningstrand in die einste PE gewaag het!

"Dit het nogal daartoe bygedra om die swartmense in die omgewing te oortuig van my eerbaarheid, en dat ek my sogenaamde 'verligte' standpunte ernstig bedoel."

Hy het oorspronklik met swart sakelui soos die leiers van die Eastern Cape African Chamber of Commerce (Eacoc) begin gesels toe die verbruikersboikot sake-ondernemings in Port Elizabeth tref, maar dit was nie lank voordat hy besef het wie die werklike akteurs in die spel was nie. Dit het uitgeloop op sy samesprekings met Mkhuseli Jack en ander gemeenskapsleiers in die UDF.




(Foto: Peter auf der Heyde -Afrapix)

**Duisende inwoners van New Brighton in Port Elizabeth het verlede Saterdag 'n groep van sowat 800 blanke inwoners, onder wie die NP-LP Sakkie Louw, verwelkom ná 'n vredesoptog deur die stad.**

**'n Nasionale Party-LP wat gereeld met UDF-leiers gesels, gesprek met die ANC voorstaan en apartheid in al sy vorme verwerp - en selfs deur die strate marsjeer om aan dié beginsels uitdrukking te gee? Dis niks snaaks nie, sê Sakkie Louw, NP-LP vir Newtonpark, Port Elizabeth, in 'n gesprek met ANTON STEENKAMP**

Nadat Jack en sy kamerade tronk toe gestuur is, het Louw nog gereeld navraag gedoen oor sy welstand, "maar 'n tydperk van politieke stagnasie het gevolg".

Toe, na FW de Klerk se bewindsaanvaarding, is 'n nuwe klimaat vir gesprekvoering geskep, sê Louw.

"Die tyd was ryp om weer in te klim. Natuurlik was daar 'n groot mate van agterdog, maar die UDF-leiers het my pogings van vroeër onthou en was bereid om my te vertrou."

Sedertdien vind daar weer gereelde gesprekke tussen Louw, Smit en die leierskap van die breë demokratiese beweging plaas oor die griewe in die gemeenskap.

"Ons maak werk daarvan om die lewensomstandighede van die mense in die township te verbeter - ons sit nie maar net en praat nie."

Die aktiviste wat vrygelaat is ná Louw en Smit se vertoë, het intussen ook paspoorte gekry en reis in die buiteland. "Party sit nou in Parys (by die indaba), party in Antwerpen, ek weet nie waar oral nie. Ons is in 'n proses om dinge oop te maak."

Louw is vol lof vir FW de Klerk se nuwe leierskap. "Met alle respek aan die ou staatspresident, daar is 'n totale nuwe proses aan die gang. Ek lig my hoed hoog vir FW de Klerk. Hy is besig om 'n klimaat te skep waarin ons gesprek kan voer, soos wat ons moet."

Maar wat van die sekurokrate, wil ek weet - daar is aanduidings dat hulle nie so gelukkig is met die optogte, die gesprekke, die oopstelling, die afskaffing van Gesamentlike Monitorkommissies nie?

"Wat die proses hier betref, het ek nog net volle samewerking van die polisie en die minister van Wet en Orde gekry," sê Louw. "Ook die Kaapse leier van die NP, dr Dawie de Villiers, staan agter my en ondersteun ons pogings.

"Die NP van vandag is nie vergelykbaar met die NP van gister nie. Die probleem is nou net om die normale staatsadministrasie ook te aktiveer om aan te pas by die nuwe proses wat aan die gang is."

Louw is veral opgewonde omdat gesprekke met buite-parlementêre leiers juis in die Oos-Kaap, die tradisionele vesting van die ANC, aan die gang kom.

"Jy kan maar sê die Oos-Kaap is die baarmoeder van politieke ontwikkeling in Suid-Afrika. Die historiese agtergrond is baie belangrik."

Dat die regering op die ou end met die ANC sal moet onderhandel oor 'n nuwe grondwetlike bedeling, is by hom nie eens 'n kwessie nie.

"Enigiemand wat vandag nog die sentrale rol van die ANC wil ignoreer, hou eenvoudig nie tred met die werklikheid nie. Natuurlik moet ons met mekaar praat.

"Hier gesels ons nou gereeld met Edgar Ngoyi, die streekspresident van die UDF. Nou, dis net so goed soos die streekspresident van die ANC.

"Deur gesprekvoering word beter begrip vir mekaar gekweek, en so stadigaan begin die werklikhede van Suid-Afrika tot my kiesers en ander blankes ook deurdring.

"Toe ek en my kollega, Frans Smit, die eerste keer in die townships ingegaan het, kon ek nie glo hoe die mense lewe nie. Natuurlik is daar onrus, hoewel Port Elizabeth nou rustiger as in baie jare is. Die lewensomstandighede in die townships is só haglik dat dit tot onrus móét aanleiding gee.

"Dáái goed moet reggemaak word, en daarom sit ons koppe bymekaar."

Louw voer juis volgende week weer samesprekings met gemeenskapsleiers oor die voorsiening van elektrisiteit aan die townships.

Soortgelyke pogings is aan die posvat op ander dorpe ook, sê Louw. "Ryno King, die LP vir Worcester, is reeds aan die gesels. En hier het ons nou net gehoor dat Lawaaikamp se mense kan bly, en dié keer was dit nie maar net die witmense wat gesê het ons bewys julle 'n guns nie, dit was 'n gesamentlike poging om die ding op te los."

Hy vertel die storie van 'n soldaat wat in die loopgrawe geveg het en toe so lus geword het vir die vyand se kos as die reuk elke aand van die loopgrawe aan die ander kant af oorgewaai kom.

"Hy was maar 'n slegte soldaat, en was meer lus vir die ander kant se kos as vir veg. Op die ou end het hy sy moed bymekaargeskraap en een aand, toe die dag se gevegte verby was, oorgestap na die ander kant toe en hulle kos gaan proe. Hulle het begin gesels en die oorlog is opgelos."

# Neem kennis DP, Namibia het 'n les te leer

**Jan Brand, skuilnaam van 'n bekende teoloog van Namibia**

DIE verkiesing in Namibia is verby en hoewel min politieke waarnemers deur Swapo se gemaklike oorwinning verras is, het die uitslag die land se blankes soos 'n doodstyding getref. Bittermin blankes wou selfs oor 'n moontlike Swapo-oorwinning praat. "Dit is so onmoontlik dat ek dit nie eers oorweeg nie", "DTA en NPF het elkeen meer as dertigduisend mense in Owamboland as partylede geregistreer en sonder Owamboland het Swapo geen kans nie", "So sal die Here ons nie in die steek laat nie", is antwoorde wat ek gereeld gehoor het.

Die Maandagaand was die Suidwesters (soos die meeste blankes hulself steeds met trots noem) in ekstase. Met 21 van die 23 kiesdistrikte se uitslae in die sakkie het die DTA steeds sowat 46 persent van die stemme gehad en Swapo net meer as 30 persent. As die hele land met enkele uitsonderings (Tsumeb, Lüderitz, Swakopmund) na DTA swaai, waarom sal dit elders anders wees? Vir die fyn waarnemer was dit egter reeds duidelik dat alle plekke met groot konsentrasies Wambo-kiesers in groot getalle teen DTA stem. Toe die SWAUK uiteindelik die uitslag van Owamboland aankondig, het vriend en vyand verras van hul stoele afgeval. Uit sowat 230 000 stemme kon die DTA net 9 000 trek!

Terwyl die Namibiane Dinsdagmiddag in die strate gedans en getoyitoyi het en Suidwesters hulle wonde gelek het - party woedend, andere vreesbevange, ander verslae, het ek onwillekeurig aan die land anderkant

**'As hulle regtig deel van die meerderheid wil wees, sal hulle vreesloos deel van die "struggle" moet word - nie noodwendig deel van die ANC nie, maar beslis 'n integrale deel van die anti-apartheidsbeweging.'**

die Oranjerivier gedink en gewonder hoe sal 'n een-mens-een-stem daar verloop. Ek het ook aan Denis Worrall se verkiesingslagspreuk gedink: Die blankes moet hulself nie as 'n minderheid definieer nie, maar deel van die meerderheid word.

Hy het ook by geleentheid die Demokratiese Party met Dirk Mudge se DTA en FW de Klerk met Ian Smith se Rhodesian Front vergelyk. Ná die verkiesing kan 'n mens vra hoe relevant die Mudge-voorbeeld nog vir Suid-Afrika is en wat die blankes van Suid-Afrika uit die lesse van die DTA kan leer.

Toe Dirk Mudge in 1977 uit die Nasionale Party gestap het en met sy Republikeinse Party die pas vir 'n alliansie van gematigdes aangegee het, het hy, uit Afrikaneroog gesien, 'n reuse-tree gegee. Hoewel die DTA aanvanklik nog baie sterk klem op die alliansiepartye gelê het, het dit mettertyd al hoe onbelangriker geword. Tydens die huidige verkiesingsveldtog het die groepe egter finaal in vergetelheid verdwyn. 'n Mens kan met redelike sekerheid aanneem dat die etniese partye se dae getel is en dat die DTA voortaan as 'n geïntegreerde groep sonder sy onderafdelings sal werk.

Dirk Mudge het ook daarin geslaag om die oorgrote meerderheid blanke kiesers aan hulle kant te kry. Die groot getal stemme wat ACN in Karasburg en Windhoek getrek het (die twee kiesdistrikte waar die Suid-Afrikaanse stemgeregtigdes gestem het), was waarskynlik die enigste rede waarom die regses nog meer as twintigduisend stemme kon kry. Minder as 'n kwart van Namibia se blanke kiesers het waarskynlik vir die ACN gestem.

In Swapokringe is daar min waardering vir Dirk Mudge as politikus. 'n Satirikus van die Swapogesinde Namibian, verwys na hom as Ian Mudge of Dirk Smith. Die groot graffito op 'n muur in Katatura vertel die res van die storie: Ons eet by DTA en stem vir Swapo!

Wat het Dirk Mudge verkeerd gedoen? Waarom kon sy party nie die harte van Owamboland wen nie? Sonder om Mudge se positiewe rol te probeer verkleineer, sal die progressiewe blankes in Suid-Afrika beslis van Mudge se foute kennis moet neem as ons nie ook eendag in die Sowetan van Ian Worral, Wynand Smith of Zac Mudge wil lees nie.

Dirk Mudge het tydens die verkiesing hard probeer om hom en sy party binne die "struggle" te plaas. Die Administrateur-Generaal is dikwels in dié tyd deur hom en sy partylede aangeval en Suid-Afrika se apartheid kras verwerp. Maar ek vreeds Mudge het nooit regtig sy Suid-Afrikaanse beeld afgeskud nie. Hy was eers teen Swapo en daarna teen apartheid. Toe daar geskinder word dat Jannie de Wet van ACN saam met Swapo tee drink, het Dirk Mudge dit as 'n instrument gebruik om die regses mee by te kom. Met Swapo word nie gepraat nie. Die publisiteit wat Mudge aan die teedrinkery gegee het, het ACN heelwat stemme gekos.

Maar in baie mense se gemoed het dit ook vrae gebring. Hoe is dit moontlik dat Mudge bereid is om in die AG se tussentydse regering te dien en gereeld met die "probleem van Namibia", Suid-Afrika praat, maar weier om met Swapo te praat, het swart ondersteuners begin vra.

Niemand kon van Dirk Mudge verwag om die pad van Anton Lubowski te loop nie. Dan sou hy hom van die Afrikaners vervreem het en geen volgelinge oorgehad het om die nuwe bedeling in te lei nie. Maar 'n beter verhouding met Swapo - al het hy nooit by Swapo aangesluit nie - sou sy beeld tog goed gedoen het.

Die Demokratiese Party in Suid-Afrika staan voor dieselfde uitdaging. As hulle regtig deel van die meerderheid wil wees, sal hulle vreesloos deel van die "struggle" moet word - nie noodwendig deel van die ANC nie, maar beslis 'n integrale deel van die anti-apartheidsbeweging.

Tydens die verkiesingsveldtog het 'n Swapo-ondersteuner by geleentheid na die DTA verwys as FW se span in ballingskap. Hoewel baie mense Swapo se oorwinning al beskryf het as 'n etniese oorwinning van die Wambo's, was die Wambo's ook die mense wat die weermag se optrede aan hul lywe gevoel het.

Die Demokratiese Party staan voor baie van die versoekings wat die DTA toe nie deel van die meerderheid gemaak het nie. Om die foute van Namibia te verhoed, sal die Demokratiese Party veral sy regtervleuel baie goed moet dophou. Harry Schwartz se vurige ondersteuning van die Weermag, kan dalk net die verkeerde seine aan die mense deurgee wat met die Casspirs in hul townships grootgeword het.

Die DP sal ook die grense tussen die party en die tradisionele Engelse Pers baie duidelik moet trek. Die Engelse Pers is maar al te geneig om eers anti-ANC en dan anti-apartheid te wees. Die DP moet gereeld en duidelik teen apartheid standpunt inneem. Jan van Eck mag vir baie blankes 'n aanstoot wees, maar dit is mense soos hy wat op die lang duur die DP deel van die meerderheid kan maak - selfs al laat hy hulle nou hier en daar 'n paar stemme verloor.

Die Suid-Afrikaanse verkiesing het reeds die gevaar van verkeerde alliansies vir die DP uitgewys. Min dinge het die party in die swart gemeenskappe gediskrediteer as sy betrokkenheid by die Huis van Afgevaardigdes. Nog so 'N blaps en die DP sit vir ewig in die koue.

Die DP-lede wat so opgewonde raak oor 'n "hung parliament" en dan 'n koalisie met die Nasionale Party wil sluit, wees gewaarsku: 'n mens kan nie deel van die establishment word en dan in 'n een-mens-een-stem-verkiesing heel anderkant uitkom nie. Dit het Dirk Mudge se lot in Owamboland duidelik uitgewys. Al het die DTA onophoudelik gewys op al die die goeie dinge wat hulle in die oorgangSregering gedoen het en al die diskriminerende wette wat hulle afgeskaf het, kon dit alles nie die Suid-Afrikaanse smet skoonwas nie.

'n Koalisie sal net op die heel kort termyn vrugte afwerp. Op die lang termyn sal dit die DP buite die kragveld van die politiek plaas.

Dirk Mudge en sy DTA het twaalf jaar as 'n veelrassige alliansie saamgewerk en kon tog nie die knoop deurhak nie. Die DP is, met uitsondering van die gediskrediteerde LP's en kiesers in die Huis van Afgevaardigdes, nog melkwit. En aanduidings is dat die party nie twaalf jaar oor het nie.

Die blankes in die DTA wou deel van die meerderheid word, en het net deels daarin geslaag omdat hulle wou kies met watter "meerderheid" hulle wil identifiseer. Daar is niks verkeerd met Denis Worrall se liefde vir die Natalse indaba nie, maar as Wynand Malan nie terselfdertyd die ruimte en ondersteuning gegun word om 'n sterk werksverhouding met die breë demokratiese beweging en die ANC op te bou nie, sal hulle ook nooit deel wees van die meerderheid ná 'n demokratiese verkiesing nie.

Dit is nogal jammer dat Eben van Zyl so laat op die demokratiese pad in Namibia gekom het. Hy en sy Nasionale Patriotiese Front van Namibia het iets van Afrika geleer wat die DTA nie verstaan het nie. 'n Swart leier skep vertroue in 'n land wat onder Blanke verdrukking gely het. As die DTA vir vier of vyf jaar deur 'n Wambo gelei is, sou hulle waarskynlik ook meer as 9 000 stemme in Owamboland gekry het.

Vrye Weekblad het kort ná die totstandkoming van die DP 'n artikel geplaas waarin die simboliese waarde van 'n swart leier uitgespel is. Daar is selfs 'n kandidaat genoem. Maar sover my kennis strek, is daar nooit ernstige voelers na Enos Mabuza uitgesteek nie. Inteendeel, die party het verkies om by Willem de Klerk aan te klop. Die stem van die minderheid het skynbaar veel swaarder geweeg as die uiteindelike steun van die meerderheid.

Die DP staan voor 'n groot uitdaging. Maar die tyd om deel van die meerderheid te word is bittermin. As die party nie die uitdagings aanvaar nie, kan Denis Worrall se "profesie" dat FW de Klerk die Ian Smith van Suid-Afrika gaan word, nog in sy gesig ontplof. Of hoe, Dirk Worrall?

## Boetie, dié twee boeke is 'n perskebom...

DIS moeilik om te glo, maar dis veertien jaar gelede wat ek op die Europese televisie beelde van Suid-Afrikaanse soldate in Angola gesien het. Aan die noordekant skaars 'n klipgooi van Luanda af.

Ek onthou nog dat ek met heelwat ontsteltenis daaroor my ouers in Durban gebel het, net om by hulle die "versekering" te kry dat dit nie die geval is nie.

Binne 'n paar weke was die "ligte mistykie" egter ook in Suid-Afrika bekend en het die tekens van 'n regering wat sy kiesers bedrieg, duidelik geword. Met daardie inval destyds het Suid-Afrika ook laat blyk dat hy die soewereine grondgebied van ander nie so onaantasbaar ag nie.

Verder het die regering onomstootlike emosionele skietgoed gegee vir diegene wat Suid-Afrika wou koppel aan die Amerikaanse komplot in die dae toe die Oos-Wes-konflik nog in die nadraai van Viëtnam gestaan het.

Geen wonder nie dat die bevrydings in Mosambiek en Angola, hoe ongeraffineerd en ondemokraties hulle ookal verloop het, die rotse geword het waarop die plaaslike onrus na 1976 gebou is.




'n Deel van die waarheid rondom die Angolese offensief van 1975/76 het skielik opgeduik in twee publikasies. Die een is amptelik uitgegee deur die weermag self (nie geweet hulle het 'n uitgewery nie!) met die gestroopte en "korrekte" titel "Operasie Savannah Angola 1975-1976", geskryf deur dr FJ du Toit Spies. (Nogal 'n lekker van vir iemand wat oor oorlogvoering skryf!)

Hierdie boek kon ek nog nie op die rak sien nie.

Maar by JL van Schaik het 'n poplulêrder weergawe verskyn wat in sy titel nader aan die waarheid kom: "Avontuur in Angola", met as subtitel "Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angola 1975-1976".

Die skrywer hiervan is Sophia du Preez, 'n krygshistorikus verbonde aan die Suid-Afrikaanse weermag, wat ook 'n medewerker was aan Spies se boek.

Boetie, dis 'n perskebom, hierdie boeke!

Natuurlik is dit waar dat die Suid-Afrikaanse weermag nooit betrokke was by daardie veldtog nie, vertel 'n jong man langs my in die vliegtuig nadat hy oor my skouer geloer en 'n foto in die boek herken het. Hulle was almal vrywilligers, amptelik gedokumenteerd as huursoldate uitgerus met vreemde uniforms en met opdrag om nie Afrikaans te gebruik nie. Tweedeklas Amerikaners, of iets.

Dat dié "avontuur" net 35 lewens gekos het, is die verstommendste aspek by die lees van dié stuk eietydse geskiedenis. Soveel knoeiery en onsekerhede oor wat hulle veronderstel is om te doen, het geen weermagsbevel seker nog geken nie.

Die rede daarvoor word veral uit Spies se boek duidelik: die weermag was nooit eintlik in bevel van die operasie nie.

In 'n resensie van Spies se boek klaar die Pretoriase historikus die raaisel dadelik vir die ongeduldige leser op.

"Die finale beslissing hieroor - die lewering van R20 miljoen se toerusting - is geneem deur premier Vorster op 'n jagtog in Wes-Transvaal nadat hy haastig per helikopter deur Lang Hendrik van der Bergh van die Buro vir Staatsveiligheid besoek en voorgelig is.

"Eers drie dae later, op 17 Julie 1975, is die Minister van Verdediging, PW Botha, en die Hoof van die Weermag, adml Biermann, daarvan verwittig."

En so word die een kinkel na die ander gemaak en wanneer die Suid-Afrikaners uiteindelik aan die begin van 1976 onttrek, is daar min gewen, behalwe die talle heldhaftige optredes van gewone troepies, skielik vasgevang in 'n oorlog wat regtig is.

Oorloë oor "just causes" sal seker altyd gevoer word, maar dié geskiedenis, en die daaropvolgende gebeurtenisse in Zimbabwe, laat mens twyfel oor die goeie oordeel van regeerders.

Die publikasie van die boeke is belangrik omdat hulle ons help om so effens nader aan die waarheid rondom 'n regering te kom wat vir baie jare oor baie dinge vir ons gelieg het.

En 'n waarskuwing, weer eens, dat ons op prinse nie moet vertrou nie.

VRYE Weekblad

# Ondersoek

DIT is nou twee weke sedert Vrye Weekblad die skokkende getuienis van moordbendes in die polisie onthul het. En steeds is daar geen sprake van 'n onafhanklike regterlike kommissie van ondersoek nie.

Soos Vrye Weekblad verlede week aangetoon het, is die McNally-verslag, wat dié week aan twee ministers oorhandig is, onvoldoende. As 'n interne, departementele ondersoek deur senior staatsamptenare het dit geen status nie.

Staatspresident FW de Klerk het aan buitelandse joernaliste onderneem om die aanklagte teen die Veiligheidspolisie tot op die been oop te vlek en al die feite op die tafel te plaas.

Volgens De Klerk kan die moorde nie aan sy regering gekoppel word nie omdat dit jare gelede gepleeg is.

Tyd kan nie langer verkwis word nie. Ons het geen bewyse dat die brutale en koelbloedige dade nie vandag nog beplan en gepleeg word nie. Daar is nog te veel onopgeloste politieke moorde.

Agterdog sal egter net deur 'n deurtastende ondersoek en 'n onafhanklike geregtelike ondersoek opgeklaar word. Hoe langer die besluit uitgestel word, hoe skerper val die soeklig op die regering.

Die getuienis van moordbendes wat terreurdade teen leiersfigure binne- en buitelands gepleeg het, is besig om toe te neem. Nuwe onthullings kom byna daagliks aan die lig.

Wat begin het as een man se getuienis oor die polisie se terreurbendes, is nou 'n vlaag van getuienis van koelbloedige moorde, vergiftigings en bomaanvalle op leiersfigure in die swart gemeenskap en politieke bannelinge.

Die wrede en onmenslike gedrag waaraan slagoffers onderwerp is, is 'n nuwe klad op Suid-Afrika se reeds besmette menseregte-rekord.

Tensy die skuldiges aan die kaak gestel word, is daar geen versekering dat die barbaarse optrede en growwe vergryp aan mag en blatante minagting van basiese menseregte tot die verlede behoort nie.

## Intimidasie

VRYE Weekblad is dié week in kennis gestel dat 'n lastereis van R500 000 teen ons ingestel sal word indien ons nie teen vandag sekere aantygings terugtrek nie.

Ons verwerp die waarskuwing. Inteendeel, meer besonderhede oor genoemde wandade word vandag gepubliseer.

Vrye Weekblad sal nie geïntimideer word deur dreigemente of lastereise nie.

Ons glo dat Suid-Afrikaners nie kan bekostig om langer in die donker gehou te word nie.

Die vryheid van die pers is nie net 'n voorreg vir joernaliste nie. Elke burger het die reg om te weet. Elke burger het ook die verantwoordelikheid om seker te maak dat daar nie gesê kan word: ons het nie geweet nie. Nou is die tyd.

Vrye Weekblad sal voortgaan om bekentenisse rondom die gruwelike moorde op mede-Suid-Afrikansers te ondersoek en getuienis te plaas. Ons glo dat dit in die belang van almal is.

Soos ons in die eerste uitgawe van Vrye Weekblad gesê het: ons enigste lojaliteit is teenoor 'n vreedsame, voorspoedige Suid-Afrika en al sy mense.

## Vra ons

'n Personeellid van Vrye Weekblad is vandeesweek agtervolg. Ons is seker ons telefone word ook meegeluister.

Tog het niemand tot dusver, nie die McNally-kommissie en nie die polisie nie, ons kom vra vir enige getuienis oor die bestaan van moordbendes nie.

Ons wil graag saamwerk om hierdie gruwel op te los. Kom vra ons net. Moenie agterbaks wees nie.

# So sê hulle . . .

**"Dis soos 'n troue waar die bruid nie opgedaag hét nie."** - 'n Franse waarnemer oor die afwesigheid van verteenwoordigers van die SA regering, wat nie die uitnodiging aanvaar het om die indaba oor Suid-Afrika in Parys saam met verteenwoordigers van die ANC en ander Suid-Afrikaners by te woon nie.

**"Dit help nie om te spekuleer nie, want wat julle ook al spekuleer, julle gaan verkeerd wees."** - Staatspresident FW de Klerk voor die Johannesburgse Persklub oor 'n "verrassingsaankondiging" wat hy gaan maak voordat hy met Kersverlof gaan.

**"Jy kon nie die bos uit hom kry nie. Hy was baie aggressief, ek weet nie hoekom nie."** - Johan Kloppers oor sy vriend, Mervin Malan, wat beweer hy het as lid van die recce's (5 Verkenningskommando) van die SAW, burgerlikes in Angola en Namibia vermoor.

**"Transkei is mnr Mandela se tuiste. Hy word steeds as 'n burger van Transkei beskou omdat hy hier gebore is."** - Gilbert Swakala, woordvoerder van die Transkeise regering.




**Jabulani van M skryf:**
Liewe Baas du Preez,
Ek vra askies vir die baas, want ek hoor die baas hy hou nie van die baas-storie nie, baas, maar baas, die Here weet baas, ek moet nou vir baas my hart oop maak baas. Ekskuus baas.

Ek het problems baas. Makhulu problems baas. Truus bop.

Dis nou hierdie ding van die Skrywersgilde.

Soos ek hoor, die manne en vroue van die Gilde, hulle gaan hou weer die Groot Makietie hierdie jaar. (Skies Baas Jan, ek weet Baas André hy hou nie van die woord nie, maar julle gaan mos hou die Groot Makietie regardless?)

Nou, soos julle hou die groot Stokvel in die Noorde, julle vra: "To be Political, or not to be Political...?"

Nou ekke, (hy of sy, want ek wil be obscure), ekke vra...

"To be honest, or not to be honest."

Skies baas, maar hy is die Groot Vraag.

Julle se Groot Indoena, sy praat van "Verkoop die Bee-em-wobbeljoe!" en julle se ringkoppe, hulle sê, "Ons skryf oor die natuur!"

En die Poto-pap, hy val tussen dit op die grond.

Maar ekke, (hy of sy) sê, "Wie is die NP van Wyk Hoesenaam hulle druk in onse kele af? En die FA Venter wat skryf oor hoe die Boere die Zoeloes platloop?"

Ja, ekke sê... wat van die Regte Lewe? Waar is die mense wat moet skryf oor die dinge? Die bietjie wat is, hy's alles Engels. Ons bietjie Afrikaans, hy's alles geldmaak vir die mense oor die see. Waar is die Afrikaanse Lanies?

Julle praat, julle stry, julle fight, en dan julle gaan kaia toe. Maar wie van julle wat wil bou die brug, is die ingenieur?

En ken julle rêrig van die mense wat moet mix die sement? Soos, ek vra maar.

## Hartseer dag

**Interim Committee: Hottentots Holland Support Group van die Strand skryf:**
We would like to inform your readers of the following events in the Strand, a place well-known for its petty apartheid.

On 6 September 1989, the day of the election for the House of Representatives, 11 high school pupils were charged under the Internal Security Act because they sang freedom songs at the polling station. They were kept in custody overnight and appeared in court on 7 September 1989. Seven of the accused were released on bail of R200 each while the four minors were released in the custody of their parents.

The case was postponed to 26 September 1989 and they were to appear in court at 8h00. However, on this occasion the accused and their parents were forced to wait outside the court in the hot sun until 10h30. Concerned teachers, community leaders and friends were summarily dispersed by the police after having waited for more than two hours for the proceedings to start.

The court hearings have been postponed twice since then and the next hearing has been set for 8 December 1989. The uncertainty brought about by the continuous postponement of the trial has proved to be traumatic for the accused and their immediate families. They are experiencing anxiety which makes it very difficult for them to prepare properly for the final examinations as they are unable to concentrate on their schoolwork.

The anger and frustration which they are harbouring have a negative effect on their academic performance.

The parents have also been distressed and inconvenienced by the events thus far as they had to stay away from work on all the aforementioned occasions. They have been puzzled and disillusioned by the workings of the whole judiciary system.

It is indeed a sad day for the South African judiciary system when people have to appear in court no less than five times for singing outside a polling station. It would appear that the accused are being used by the state to prove that they are still in power.

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# En êrens val die pap op die grond...

## Sies!

**E Venter van Bloemfontein skryf:**
SIES!! GA!!! Vat asseblief terug hierdie vieslike stuk. Dit stink so dat g'n mens dit




daarnaby kan uithou nie.

Wat sou die mentaliteit van 'n rubriekskrywer wees om so 'n persoonlike aanval op iemand van integriteit, soos mev de Klerk se uiterlike voorkoms, te doen? En 'n redakteur wat dit toelaat?!!

Dis nou werklik die laakbaarste stuk "joernalistiek" wat ek in 'n lang tyd gelees het.

## Ervarings nagevors

**Dr Karen Batley van Posbus 37189, Faerie Glen, Pretoria 0043 skryf:**
Ek doen op die oomblik navorsing oor die lewes van troepies en hulle gesinne gedurende die Angolese- en grensoorloë en hoop om 'n persoonlike geskiedenis van dié ervarings saam te stel.

Hiervoor benodig ek materiaal van diegene wat betrokke was - briewe, foto's, gedigte of versies, persoonlike kommentaar - enigiets wat betrekking het.

Alles wat aan my gestuur word, sal met die grootste sorg hanteer word in die wete dat dit vir die eienaars daarvan kosbaar is. Fotokopieë van briewe of briefuittreksels sal verseker dat u nie afstand hoef te doen van die oorspronklikes nie. Foto's sal so gou as moontlik teruggestuur word.

Skryf u naam en adres agterop sulke items om te verseker dat dit nie verlore raak nie. Alles sal as vertroulik beskou word en geen name sal sonder toestemming gebruik word nie.

Oud-troepies, skryf asseblief aan my oor julle ervarings. Hoe het jy gedink en gevoel tydens gevegte en patrollies? Wat het deur jou gedagtes gegaan onder vuur? Ek stel belang in die verhaal van vriendskappe, vrye tyd, troepie-taal en -uitdrukkings. Boweal: wat onthou jy as jy terugdink?

Ek is heeltemal afhanklik van julle en julle gesinne vir enige materiaal of inligting en enigiets sal met groot dankbaarheid ontvang word.

# It takes two to toyi-toyi, comrade Marike

Daar staan en dans Madame de Klerk toe, hoedjie en al, saam met die inwoners van Kagiso buite Krugersdorp - in kleur op die voorblad van ons mees geliefde Afrikaanse dagblad!

Wat Brolloks nou ontstel, is daardie regterhand wat wil-wil lyk of hy op die punt is om 'n vuis te vorm, met die duim na bo, só soos die ou ANC-kamerade hul eenheidsteken gemaak het.

* Watch maar, as die De Klerk-egpaar so aangaan, dans Marike een van die dae die toyi-toyi in Soweto se strate!

## Change is pain; groot geld is plesier

Mzwakhe Mbuli, die volksdigter, trek dié week by monde van die South African Musicians Alliance (Sama) te velde teen sy verspreider, Shifty Records, omdat hy glo nog geen betaling ontvang het uit die opbrengs van sy twee plate nie.

Bog, snert en onsin, is Shifty se reaksie. Vir sy eerste plaat, "Change is Pain", het kameraad Mbuli al die geld gekry wat uit verkope gemaak is, en al die royalties uit plateverkope in die buiteland.

Die tweede een, "Unbroken Spirit", is eers in Julie vanjaar uitgereik, en volgens 'n "mondelinge ooreenkoms" word Shifty se musikante net twee keer 'n jaar betaal, sê hulle. Eintlik moet Mzwakhe eers in Maart volgende jaar sy geld te wagte wees.

In elk geval het die besturende direkteur van Shifty Records, Lloyd Ross, intussen vir Mzwakhe jammer gekry en 'n persoonlike lening belowe - maar toe hy Woensdag die tjek moes gaan haal, daag Mzwakhe nie op nie en daar's geen taal of tyding van hom nie.

Maar die lekkerste van Shifty se verklaring oor die song and dance is dié stukkie: "We had realised that a problem existed between Mr Mbuli and Shifty as regards his understanding of the record indusrty and have made several attempts to explain things to him."

Klink dit nie al te veel na Hennie "Flinkdink" Smit se uitlatings oor die gedagteprosesse van swartmense destyds nie?

* Ag nee, kamerade! Dat geld, of dit nou small change of grootgeld is, dan nou soveel pyn kan veroorsaak dat dit lyk of dit die gees van die struggle wil breek!

## Tot die dood ons skei...

Selfs Nasionale Pers se koerante vra nou al vir 'n geregtelike kommissie van ondersoek na die beweerde moordbende(s) van die SAP.

Maar kom ons kyk 'n bietjie watter deuntjie het dié getroue Party-mondstukke 'n jaar of wat gelede gesing:

"Toe mev Joe Slovo, beter bekend as Ruth First, in Maputo deur 'n briefbom gedood is, is wyd en syd verkondig dat dit Suid-Afrika se werk is, hoewel in die internasionale veiligheidsgemeenskap redelik algemeen aanvaar word dat dit kol Slovo se KGB-metode was om 'n huwelik te beëindig."

Dié besonderse insig in die werkinge van die "internasionale veiligheidsgemeenskap" en die huweliksle we van die Slovo's kom uit Die Volksblad se hoofartikel van 8 April 1988.

Die Bloemfonteinse blad gaan voort om sommer "interne geskille" ook te verkwalik vir die aanvalle op Albie Sachs en Dulcie September, maar is darem so half trots ook op Suid-Afrika se manier van dinge doen:

"Want daar word aanvaar dat as Suid-Afrika so iets wil doen, hy dit doeltreffend sal doen. Dit spruit uit respek vir die manier waarop Suid-Afrika presiese inligting insamel en akkuraat toeslaan in buurstate (hoewel kol Slovo by een geleentheid misgeloop is)."

Hoe "Suid-Afrika" (lees: SAP) inligting insamel en hóé akkuraat hulle "toeslaan in buurlande", is pas weer aan die lig gebring deur kapt Dirk Coetzee, Almond Nofomela en ander se bekentenisse.

Maar het die Broeders in Bloemfontein al ooit enige oorweging gegee aan die onwettigheid daarvan, onder internasionale volkereg, om sommer "in buurstate toe te slaan" en sodoende die soewereiniteit van dié state willens en wetens te misken?

(Dis nou te sê die kere wanneer ons daarvan weet; die veiligheidsmagte het darem al genoeg gelieg oor hul teenwoordigheid in buurstate dat 'n mens nooit eintlik seker is wanneer doen ons Manne diens in die buiteland nie).

Om van die wettigheid van koelbloedige moord nie te praat nie.

## Burger-mag

Maar die suidelike suster staan darem nie ver terug nie.

Toe Jeanette Schoon en haar dogter, Katryn, in 1984 in 'n briefbom-aanval in Angola sterf, is Die Burger gereed om antwoorde te verskaf:

"Die ANC kon die briefbom beplan het in 'n poging om in die buiteland simpatie te kry ná sy talle terugslae die laaste tyd," word glo "in ingeligte kringe gegis," volgens die Kaapse verligtes se verkrampte koerant.

## Broeders en susters

Hans Strydom, Johannesburgse uitgewer en kenner van die Broederbond, gesels nou die aand op 'n plaaslike radiostasie oor sy gunstelingonderwerp.

En hoekom, dink hy, het daar nog nooit 'n Afrikaner-Susterbond tot stand gekom nie? wil die onderhoudvoerder weet.

Nee, seg Strydom, hulle skinder te veel en kan nie 'n geheim hou nie!

* Broer, broer... genoeg om te sê dat Brolloks se feministiese kollega dit nie snaaks gevind het nie.




## Vrydag hier op straat

Brolloks se ander feministiese kollega is ook nie seker of sy geaffronteerd of geamuseerd is nie.

Nou is dit waar dat Vrye Weekblad se kantore nie in die spogbuurte van Johannesburg geleë is nie (ons het nie eens geld vir lastereise nie), en minstens een besoeker het al sonder sy beursie en met 'n bebloede gesig weggestap nadat van die stadsbewoners hier in die omtrek sy rykdom op hulle manier wou herverdeel.

Maar toe die kollega darem vroegoggend op pad werk toe genader word met die belofte van R50 vir haar dienste (en dit was nie skryfwerk nie), was sy ontsteld.

* Bittergal, wat self bietjie van 'n seksis is, wou weet of dit was oor die voorval of oor die bedrag.

## Liberale rassisme

Die Financial Mail, vlagskip van liberale joernalistiek, kom met dié juweeltjie vorendag: Wat is wit en het 'n IK van 20? 'n Onluspolisieman. En 'n IK van 120? 'n Onluspolisieman en sy Alsatian. En 'n IK van 121? 'n Veiligheidspolisieman en sy Alsatian wat 'n oproerige gevang het.

* Nou ja, dit hang seker maar af van waar jou simpatie lê. Country's going to the dogs anyway, sê Bittergal.

# Berig in Koeksistersgilde Gazette: Oswald eis R500 000




Egbertus Klaagvoort

STEEK weg die Griffier, vrinde, Oswald is op die litigasie-pad. Dit het 'n verterende inspirasie geput uit onlangse virusse wat andersins flegmatiese mense die deure van die howe laat stormloop het.

Oswald is tevrede met nie 'n sent minder nie as R500 000, en hy aanvaar net R2-muntstukke as legal tender, die goed laat glo die aspersies te pragtig uitswel, klaarblyklik soos hul koppies rek om die verskil tussen die waardige munt en die 20c-stuk klein te kry.

Waaroor onse Oswald so verneder voel, is 'n foto wat in die Koeksistergilde Gazette verskyn het met die onderskrif "Oswald die Tuinier". Probleem is net, die foto was van 'n pampoen. Ligte mistykie.

Die berig praat van Oswald se gif, maar daarvan weet ons darem al lank. Seg Oswald hy gaan sy damages aanwend om 'n nuwe laboratorium te bou waar hy met die aspersies kan eksperimenteer.

## Heilige vrieskoeie

So tussen die lastereise deur kuier dié liewe siel in die vreemde, dis nou te sê oorkant die Hexrivierberge. Daar vind blykbaar die eienaardigste hofsakie plaas in die bakermat van die Afrikanerdom, daar waar staatshoofde uitgekarring word soos vanuit 'n dorsmasjien.

Sien, in die ganse Kaap word geen siel meer verhoor weens deelname aan 'n optog nie. Dit geld ou sake en nuwe sake, die gees van die nuwe Suid-Afrika spoel soos handy andy oor ons hofkultuur, dinge sal nooit weer dieselfde wees nie.

Vraag Moeder of mens dít nou juis van Stellenbosch kan sê, dinge moet juis daar dieselfde bly?

Dis glo dáárom dat studente wat die astrantheid het om ook te wil optog hou, nie van die gevolge kwytgeskel word nie.

Behalwe as die optog losbandig is, soos met intervarsity, of ontwrigtend, soos met karnaval, of oproerig, soos wanneer die verkramptes die andersdenkendes met klippe bestook.

En deur dit alles slaap heilige vrieskoeie in die behaaglike wete dat vryheid van uitdrukking hoogty vier op die walle van die Eersteklasburgerrivier.

## Hoe affer, hoe beter

Egbertus moet hierdie week 'n bietjie uithelp met die kosblad, dit lyk of die stomme Koos Coetzee deur 'n tsetsevlieg gesteek is terwyl hy 'n slymerige forel probeer vang het.

Moet wees, die man raak dan aan die slaap in die middel van die sous. Gelukkig kon die meeste huisvrouens toe 'n week wag vir die resep, want wildsvleis is mos glo beter hoe affer hy is. Ongeskik.

Uit Parys berig Egbertus se cordon bleu-konneksie dat Paul Bocuse, meestersjef, in ere herstel is deur die geskrifte wat tel.

Hy het glo in onguns verval omdat hy tweemaal dieselfde dis voorgesit het, ek meen te sê geen regdenkende mens kan dít duld nie. Onse Bocuse, synde 'n Fransman met 'n welgeoefende proe-orgaan, is nie op sy bek geval nie. Toe hy van sy glitter verloor het, het hy die redakteur van die geskrif wat tel daarvan beskuldig dat hy sy hond saambring restaurant toe en nooit die rekening aanvra nie. Sies.

## Slow food

Intussen spring daar 'n nuwe gedoente, genaamd slow food outlets, oral soos kitssampioene op. Die gedagte is glo om krediet te gee waar dit toekom: die draers van die goue slak heg hoë waarde aan stadige diens. Dalk sal Suid-Afrikaanse restaurante nou ook erkenning kry. Eat your heart out, Koos!

On second thoughts, moet asseblief nie probeer nie, ek is seker jy het 'n resep dáárvoor ook.

## Vlakplasie

As julle dink dis maklik om Egbertus te wees, think again. Moeder is besig met die salwe, dis 'n afgryslike ritueel van kookpotjies en flenniedoeke, hou gewis bose geeste weg, niemand sal die reuk uitstaan nie.

Seker dié dat die kroep en die politiek nie aan haar kan vatkry nie. Maar die formidabele Miesies Klaagvoort is knaend. Uit sulke beproewings word wysheid gebore, maar dit kry ook nie juis kans om veel verder as geboorte te vorder nie. Dit het nou 'n plasie aangeskaf, as julle maar die kyk in Oswald se oge kon sien, dit was soos die aanskoue van 'n instant retribution of wealth, behoort die grond dan nie aan dié wat dit bewerk nie?

Seg Moeder dan sal Egbertus seker nooit grond hê nie. Sien julle wat ek bedoel? Praat 'n mens dan so met jou eie vlees en bloed?

Iedergeval, seg Miesies Klaagvoort, hy moet sy stroper en dorsmasjien vir die ertjiebedding hou, die plaas is nie vir boere nie. Dis waar sy eintlik Boere van ander materiaal wil maak: dis haar eie Vlakplasie waar sy die antichris gaan draai, totdat hulle erken hulle is Boere.

Het julle al ooit gewonder hoe dit moontlik is om hoogs opgeleide vegters, wat boonop 'n vaste ideologie aanhang, te "draai" sodat hulle skielik apartheid wil verdedig? Seker heeltemal vrywillig, seg Moeder, die Minister sê dan altyd hoe graag onderdruktes van die buurlande hier by ons wil kom woon. Moenie glo nie, geliefdes, hulle word gedraai onder die uiterste marteling, gaan kyk maar na Miesies Klaagvoort: jy maak glo 'n Boer van 'n antichris deur hom van oggend tot aand koeksisters te voer.

So vinnig as wat sy 'n koeksister kan draai, twist sy die ganse lewensuitkyk van so 'n volksvreemde. Dit laat 'n hol gevoel op 'n mens se maag.

## Amorfiese reus

Nog 'n dierbare met 'n hol gevoel op die maag is die stomme Magnus PI, one time soldier en tot onlangs nog na bewering aan die hoof van die oorlogsministerie. Dié amorfiese reus van 'n departement het natuurlik sy gevoelens tot in onse binnekamers, tot in die stopsels in onse kiestande uitgestrek. En nou word die doppie geklink, en die gesamentlike, afsonderlike en gelykluidende bestuurstelsels se tandjies word al te netjies getrek.

Madam de Klerk se man het juis die geheimsinnige smile van 'n tandarts. Maar wat maak 'n mens nou as jou oorloë jou ontneem word, en jou radioberigte word gediskrediteer, en nou word jou geliefkoosde ou bestuurstelseltjies van jou af weggeneem?

Bedank kan jy nie, want waar sal ons óóit weer 'n PI kry soos Magnus?

## Askari's in die oond

Vrinde, drank is inderdaad 'n sosiale euwel. Die skepper van 'n bekende Stellenbosse graffito oor kerkorrels en gevriesde miere vertel plegtig aan Egbertus dat twee vlooie nou die aand tot laat sit en drink en glo besope geraak het. Toe hulle wil huis toe gaan, ontdek hulle dat hul hond gesteel is. Seg Moeder I suppose they had to flea the premises.

'n Vreeslike euwel, Moeder is tog so bly dat onse kabinet daar niks mee te doen sal hê nie. Behalwe miskien daardie een met die helende hande. 'n Vreeslike gil uit die kombuis kan net een ding beteken: Miesies Klaagvoort sit nou haar nuwe Askari's saam met die koeksisters in die oond. Sy draai hulle saam, en sy bak hulle saam.

Ons benodig dringend 'n kommissie van ondersoek, as dit so aanhou sal Moeder nooit haar middagslapie inkry nie, en dan kan jy weer nie met haar huishou nie. Niks te onafhanklik nie, meen Oswald, onafhanklike kommissies is te onvoorspelbaar.

Miskien kan Moeder 'n eenmanskommissie wees, die land het immers dringend ligte vermaak nodig. Miesies Klaagvoort.win regsadvies in.

# Ná 60 jaar beier Rostov se klokke weer



KLOKKE was nog altyd deel van die lewe in Rusland. Hul kragtige gelui het mense kerk toe genooi of hulle byeengebring om belangrike besluite te neem, hul aangemoedig in die stryd teen buitelandse indringing of as waarskuwing wanneer vure woed.

Russiese vakmanne was vaardig in die maak van klokke en beiaardiers het dié musiekvorm vervolmaak. Elke stad en elke kerk het 'n eie, unieke stem gehad. Die Assumption-katedraal in die antieke stadjie Rostov Veliky het almal egter oortref. Die kloktoring was sowel 'n argitektoniese wonder as 'n oorspronklike musiekinstrument. Dit het vyftien klokke gehad.

Die klok genaamd Sysoi van 32 ton het die diepste stem gehad en kon myle ver gehoor word. Die basklok, Poliyelei, van 16 ton en Lebed (wat swaan beteken) van 8 ton het saamgesing.

Mense het spesiaal na Rostov Veliky gereis om die klokkespel aan te hoor. 'n Anti-godsdiensveldtog is in die twintigerjare in die Sowjet-Unie geloods, en vandale het op die klokke toegeslaan. Kerke is gesluit of vernietig, terwyl die klokke uit die torings gegooi is. Talle meesterwerke deur Russiese vakmanne is in smeltoonde gegooi.

Die klokke van die Assumption-katedraal het dit gelukkig oorleef, maar was 60 jaar doodstil. Werk om die klokke te herstel het in 1987 begin toe die stad sy 1 125e verjaardag gevier het. Die katedraal en kloktoring is herstel en in 1987 is die eerste Rostov-klokkefees gehou. Die fees word jaarliks aangebied. Verlede somer het Rostov Veliky die tweede klokkefees aangebied en meer as 30 verteenwoordigers van verskillende Sowjetstede het die antieke Russiese kuns laat herleef toe dié beiaardiers teen mekaar meegeding het. - Novosti

## KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Laetitia (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

### PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê nag generaal

Te hel met "Gee FW 'n kans"! Gee my 'n kans - YWB

FLIPPIE: Ek flip nog steeds oor jou, hoor!

### WERK

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria. Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography. Teaching through the medium of English. Please phone Jenny (011) 339 2392

Interessante gemeenskapsplaas naby Grahamstad soek nuwe lede. 'n Sterk klem op omgewingsbewaring. As jy bereid is om hard te werk en toegewyd is, skryf aan ons en stel jouself voor:
Posbus 644, Grahamstad 6140

### WOONPLEK

KAAPSTAD : **Vakansieverblyf.**
Ruim tweeslaapkamerwoonstel (met ekstra beddens) beskikbaar van 26 Desember tot 4 Januarie. R100 per dag. Skakel Magda of Cila (021) 461 7876

Stil persoon vir 'n nie-rassige, nie-seksistiese huis met 'n swembad in Orange Grove. Twee vertrekke met 'n private badkamer. R400 per maand. Skakel Gwynne (w) 836 2151

Ons soek 'n derde person om 'n huis met ons te deel op 'n kleinhoewe 15km vanaf Sandton. Pragtige uitsig asook swembad en tennisbaan. Skakel (011) 464 1003 na-ure

Gemeubileerde huis met swembad in Kensington (JHB) te deel. Slegs gays. Skakel (011) 614 8854 na ure

Ons goeie en liewe tuinier Jeffry soek verblyf. Hy kan 'n dag werk vir 'n kamer. As iemand dalk kan help, skakel Amalie by (011) 648-4596

Johannesburg: tuinwoonstel te huur vanaf 4 Desember tot 8 Januarie. R300. Skakel (011) 646-9870

Melville: beautiful state-of-the-art home with consent to use for business to let from February 1990. Rent R2 000 per month. Phone Josie (w) 234466 or (h) 726 6774

LINDEN, JHB:
Gemeubileerde tuinwoonstel vir vakansiegangers/besoekers. Swembad, telefoon ens. Geskik vir twee saamslapers: net een dubbelbed. R25,00 per dag; langer tydperk onderhandelbaar. Skakel (011) 782 1132

### DIENSTE

Yoga Class - A garland posture. Ashtanga. Iyengar. Hatha. Tantra. Kundalini. Private tuition available. Special classes for pregnant women. Please call Ushke at (011) 614 5398

TAROT readings
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614 5398

Diensplig Adviesdiens.
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021)689 1194 (5.30nm-7.30nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 561483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642 4345

**Spesiale Aanbod:**
Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 7240784

### GEBEURE

Woensdag 6 Desember - U word uitgenooi om u wegneemete om 1 nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's

Kaapstad
CADRE D'ESPRIT
Hardy Botha, Theresa Naudé, Jan Vermeieren, Nina Romm en Etienne de Kock stal uit. Sondag 10 Desember in Kampsbaai agter die nuwe Pick n' Pay.

### MARK

VW Beetle 1300. Tiptop, een eienaar. Bel Sarita 0151-2723 na 2 nm of (011) 4749475/6 kantoorure


JACOB REGO

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG



Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!



Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: __________
Adres: __________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566

Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

# WP kry weer slae

TINUS HORN

DIE krieketspan van die Westelike Provinsie se treurmare duur voort.

Woensdagaand op Nuweland was dit weer die OP wat met Lawrence Seeff se span gemors het, dié keer in Benson & Hedges se aandreeks. Dit was die derde keer agtereenvolgens dat die OP lelik met die WP mors.

Van die Kuiper-faktor, waarop die WP se hoop gevestig was, is daar deesdae geen sprake nie. Hy behaal dubbelsyfers slegs by wyse van uitsondering - en dit nadat hy die seisoen met twee onvergeetlike honderdtalle afgesit het.

Die OP het met sy oorwinning sy aanspraak op die aandreeks verstewig en sal waarskynlik later sake met Natal en die Vrystaat uitspook.

Laasgenoemde span is die aandreeks-kampioen, en die maklike oorwinning wat hy verlede week oor Noord-Transvaal behaal het, het gewys dat hy moeilik van dié titel afstand sal doen.



Henry Fotherlngham

Die berekende professionele benadering van die OP ontbreek, maar die Vrystaat se geesdrif en aggressie vergoed hiervoor.

Die Vrystaat is die enigste span wat vanjaar met die OP in die Nissanskildreeks kon afreken, en was ietwat ongelukkig om hul beslissende derde wedstryd teen Kepler Wessels-hulle te verloor.

Die twee spanne het mekaar reeds in die aandreeks gepak, en die Vrystaat was in 'n baie gunstige posisie toe die wedstryd weens reën gestaak moes word.

Natal, met 'n briljante Henry Fotheringham aan die spits, het die OP twee weke gelede in 'n B & H-wedstryd geklop, maar sy taak is baie vergemaklik deur 'n reënbui wat sy teikentotaal verminder het.

Dit was egter nie die Piesangboere se enigste sukses nie; hulle het verlede week ook met die WP afgereken, en op dié manier verseker dat hulle na afloop van die rondomtalie-liga stewig in die prentjie sal wees.



Rod McCurdy

# Rod bly lekker, dankie

TINUS HORN

ROD McCURDY treur nie oor die feit dat hy sy kans om vir Australië toetskrieket te speel, kwyt is nie. Hy bly lekker in die Baai, dankie, en het geen begeerte om na Australië terug te keer nie.

"Ek voel tuis in Port Elizabeth en ek het my krieket nog nooit meer geniet as nou nie," sê dié bonkige snelbouler wat verlede jaar 'n groot aandeel in die OP se triomf in die Curriebeker-reeks gehad het en vanjaar nog groter welslae behaal.

McCurdy het nooit 'n volwaardige toets vir Australië gespeel nie, maar sy land wel in 13 eendagwedstryde verteenwoordig. Hy is 'n skitterende eendagspeler, wat die lopietempo met onberispelike lyn en lengte laag hou.

Van negatiewe boulwerk is daar egter geen sprake nie; hy val die paaltjies met mening aan en het vanjaar al 12 kolwers in die reeks om die Nissanskild laat terugstap paviljoen toe. Hy wil môre en dalk Sondag nog vyf paaltjies by sy totaal voeg, wat aan hom 'n Nissanskild-rekord sal besorg.

Sy kaptein, Kepler Wessels, sê McCurdy is by uitstek 'n span-speler; die OP se welslae weeg by hom veel swaarder as sy eie boulsyfers. McCurdy meen dat hy nie die enigste OP-speler is wat sy krieket so benader nie. Alles is 'n spanpoging. Dít is die OP se eenvoudige wenresep.

"'n Mens sal ver soek na 'n meer professionele benadering. Ons is beslis nie voortvarend nie, maar ons glo in ons eie vermoëns. Welslae lei tot verdere welslae," meen hy.

Daar was vandeesweek sprake dat McCurdy, wat albei rebelletoere na Suid-Afrika saam met Kim Hughes se span meegemaak het, dalk kwalifiseer om vir die Springbokke te speel omdat hy homself nou as 'n Suid-Afrikaner beskou.

Hy sê hy kan nie daaroor opgewonde raak nie, omdat dit vir hom heeltemal onwaarskynlik lyk.

"Dit is ook nie vir my vreeslik belangrik nie. Ek geniet die provinsiale reekse en dit is vir my genoeg."

Anders as die meeste snelboulers in Suid-Afrika kry McCurdy nie net op die harde binnelandse kolfblaaie paaltjies nie. Hy vaar ook uitstekend aan die kus - juis omdat hy bereid is om vir sy paaltjies te werk.

Hy sien nietemin baie uit daarna om dié naweek op Centurionpark te boul, waar 'n groen blad waarskynlik voorberei is vir die tweede en derde wedstryde in die eindronde van die reeks om die Nissanskild.

"Ek sal nooit kla oor 'n blad wat die snelboulers bevoordeel nie. Die Noorde meen hul boulaanval is beter as ons s'n, maar ek is nie so seker nie. Ons is reg vir hulle."

# Geveg teen Volbrecht bly Madikane se grootste mikpunt

THABO DANIELS

PHUMZILE "SWEETBOY" MADIKANE, wat in Julie onverwags deur Nika Khumalo uitgeslaan is, moet môre bewys dat hy geen nagevolge van dié nederlaag oorgehou het nie wanneer hy Dario Hernandez van die Dominikaanse Republiek in Port Elizabeth in 'n geveg in die weltergewig-afdeling pak.

Sy nederlaag teen Khumalo het hom nie net sy SA junior weltergewig-titel gekos nie, maar ook sy kanse bederf om 'n kontrak by 'n oorsese promotor los te slaan.

Boonop het 'n geveg om Harold Volbrecht se SA weltergewigkroon vir Madikane gewink. Dié is hy ook nou kwyt. Khumalo gaan nou waarskynlik 'n kans kry om Volbrecht te onttroon voordat laasgenoemde uittree.

Hernandez spog met 'n indrukwekkende vertoningslys. Hy het 16 van sy 19 gevegte gewen - vyf daarvan met uitklophoue.

Een van die drie gevegte wat hy verloor het, was teen Nino la Rocca, 'n Italiaan met blitsige vuiste wat 'n paar jaar gelede ook vir Volbrecht oortuigend in 'n wêreldtitel-uitdungeveg geklop het.

Volgens Hernandez wou hy eers nie die uitdaging aanvaar om in Suid-Afrika te kom boks nie, omdat hy gehoor het "die wittes hier hou nie van swartmense nie."

Die besoeker kan nie juis van oordrewe beskeidenheid beskuldig word nie. "Ek wil nie voorspel of dit met punte of 'n uitklophou gaan wees nie, maar ek weet hy staan nie 'n kans teen my nie. Wen gaan ek wen."

Dit sal Madikane se eerste internasionale geveg as volwaardige weltergewig wees. As junior welter het hy met Hernandez se landgenoot, Eduardo Luciano afgereken, maar teen Ephraim Brown van Amerikika verloor.

Madikane se bestuurder, Chief Masemola, sê Madikane se grootste droom bly 'n titelgeveg teen Volbrecht.




Van die dae toe daar nog vakmanne was

Office Furniture Traders

Ons spesialiseer in soliede houtsoorte

-NUUT en GEBRUIK-

Byron Andrews

337-2567/8

Commissionerstraat 161 (h/v Delvers)

Nog sport op bl 23:
WP kry weer slae
Madikane se eer op die spel
Rod McCurdy bly lekker, dankie

# Groot geld op die spel in Skins

DIT is beter dat mense wat vir 'n salaris werk, liewer nie weet hoeveel geld in Trustbank se skins-gholftoernooi wat môre en Sondag by die Transkeise Wildekus plaasvind, op die spel is nie.

Dit is nie goed vir die moreel om te verneem dat David Frost, Sandy Lyle, Scott Hoch en Chip Beck by 'n enkele putjie meer kan verdien as mindere sterflinge in 'n jaar nie. Of dat 'n volmaakte gelukhou op die sesde, agtste of sewentiende putjies 'n kwartmiljoen dollar werd is nie.

(Die feit dat dié ou toernooitjie eintlik net 'n oefenlopie is vir die toernooi om 'n miljoen dollar by Sun City 'n week later, moet 'n mens liefs verswyg).

Skins-gholf is gewild by die publiek omdat die spelers by elke putjie 'n klomp geld in die sak steek. Anders as houespel-toernooie, wat vir die leek net by die agtiende putjie van die laaste ronde opwindend is, is elke putjie hier belangrik.

Die vier deelnemers het voor die voet 'n redelik goeie jaar beleef.

Frost, 'n Suid-Afrikaner wat nou in Amerika bly, het onlangs die Wêreldgholfreeks ingepalm en Hoch 'n groot uitdaagtoernooi in Las Vegas. Hoch se beste prestasie was egter 'n tweede plek in die Amerikaanse Meesterstoernooi.

Lyle, wat al die Britse Ope en Amerikaanse Meesters gewen het, het al beter gevaar as vanjaar, maar was darem tweede in twee groot toernooie - die Bob Hope Classic en die Los Angeles Ope - en derde in 'n toernooi by Pebble Beach.

Beck spog met tweede plekke in die Spelerstoernooi en die Phoenix Ope. Laasgenoemde het ook verskeie ander goeie vertonings gelewer en vanjaar reeds byna $700 000 verdien. Hy was ook een van die beste spelers in die toernooi om die Ryderbeker.

Die naweek se toernooi word oor agtien putjies beslis - nege môre en nege Sondag. Die prysgeld word al meer hoe verder die toernooi vorder.

Op elk van die eerste ses putjies is daar $10 000 op die spel, op die volgende ses $20 000 en by die laaste ses $36 000.

Watwo lees en skryf. Gee vir die kinders gholfstokke.

Vrye Weekblad

* Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannseburg.
* Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.
* Die telefoonnommer is 836-2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
* Die blad word gedruk deur Caxton Bpk van Commandoweg, Industria.



## Groen baanblad wag op die OP

# Noord-Transvaal se hoop is op Sylvester

**Berigte deur TINUS HORN**

DAAR is net een groot struikelblok tussen die krieketspan van die Oostelike Provinsie en die Nissanskild: die grofgeskut van Sylvester Clarke.

Dié venynige Noord-Transvaalse snelbouler het die OP verlede naweek op St Georgepark in die eerste van hul drie wedstryde in die eindronde vroeg laat steier toe hy in sy eerste skof goedkoop van Kepler Wessels en Philip Amm ontslae geraak het.

Hy kon dit nie opvolg nie en die draaiers Willie Morris en Rodney Ontong het uiteindelik 'n groter rol gespeel.

'n Mens kan egter aanvaar dat die Noorde se kaptein, Lee Barnard, gevra het dat 'n lewendige baanblad op Centurionpark vir die tweede wedstryd voorberei word om die tuisspan se snelaanval te bevoordeel.

Op so 'n blad is Clarke verwoestend. Selfs die OP se lang kolflys waarborg nie 'n hoë telling nie.

Die OP kan nie te gerus voel ná verlede naweek se naelskraapse oorwinning nie. Met 'n klein bietjie geluk kon die Noorde gewen het.

Wessels en Amm, wat albei reeds meer as 300 lopies in dié reeks aangeteken het, sal probeer vergoed vir verlede Saterdag se mislukking, toe hulle onderskeidelik vir 10 en 1 uitgehaal is.

Amm is vanjaar Suid-Afrika se bestendigste kolwer. Die briljante 136 wat hy Woensdag teen die WP geslaan het, was waarskynlik die beste van sy loopbaan. As hy op dié trant aanhou, is 'n Springbokbaadjie sy voorland.

Mark Rushmere is ook 'n gesoute aanvangskolwer wat maar onlangs na nommer drie afgeskuif is. Dit maak die OP se voorste linie bitter moeilik om te knak.

Sedert Wessels ses wedstryde gelede met Rushmere plekke op die kolflys geruil het, was daar nog nie 'n enkele beurt waarin die OP se eerste drie kolwers almal misluk het nie.

Op nommer vier sal die OP die Springbok Kenny McEwan egter mis. Dave Callaghan skuif op in die kolforde en Vlam Michau kry sy plek terug. Albei kan vinnig lopies aanteken, maar die OP boet beslis 'n bietjie stewigheid in.

Die druk bly nietemin op die Noorde. Hy moet môre wen om die beslissende derde wedstryd af te dwing en loop self die gevaar dat sy voorste kolwers op 'n groen blad kan sukkel.



Lee Barnard

Rod McCurdy lei die besoekers se snelaanval. Op sy beste staan hy nie 'n enkele tree vir Clarke terug nie. Sy puik boulwerk in die Noorde se laaste paar boulbeurte was verlede naweek die OP se redding.

McCurdy se Australiese landgenoot John Maguire het soos Clarke vanjaar reeds 13 kolwers in dié reeks uitgehaal maar moes sy paaltjies duurder koop.

Die feit dat die OP die eerste wedstryd gewen het, tel beslis in sy guns. Dit beteken hy kan bekostig om te waag, en in eendagkrieket kan dié luukse 'n span se grootste bondgenoot wees.

## Puriste moet 'n slag gaan krieket kyk

**DIE probleem met puriste is dat hulle nie van krieket hou nie. In elk geval nie genoeg om 'n kaartjie te koop en te gaan kyk nie.**

**Dít is die enigste gevolgtrekking wat 'n mens kan maak as jy die bywoningsyfer van Castle se Curriebekerreeks met dié van die twee eendagreekse vergelyk; wedstryde wat oor beperkte boulbeurte beslis word, trek groot skares, terwyl die stadions leeg bly vir eersterangse wedstryde.**

**Sedert die instelling van eendagreekse was daar spelers, beamptes en toeskouers wat dié soort krieket as 'n noodsaaklike euwel beskou het; die vinnige pas waarteen alles gebeur, prikkel wel belangstelling in die spel, maar regte krieket is dit darem nie, of hoe?**

**Waar is die marathon-boulskofte, die kolfbeurte wat met groot geduld gebou word en die fyn strategie wat meerdaagse wedstryde kenmerk? Dit het saam met die verveling en die alewige onbesliste uitslae in die slag gebly.**

**Eersterange wedstryde kán opwindend wees. Elke nou en dan hoor 'n mens van so 'n wedstryd wat in die laaste boulbeurt beslis word. Ongelukkig is dit die uitsondering eerder as die reël, terwyl eendagwedstryde byna altyd vuurwerk oplewer.**

**Dit is jammer dat Adrian Kuiper deesdae so sukkel. Enigiemand wat hom al in eendagwedstryde op dreef gesien het, sal die hardlywige gekrap wat 'n mens soms in eersterangse wedstryde sien, net met groot moeite kan verduur.**

**'n Mens kan met reg sê dat die Nissanskildreeks deesdae ons vernaamste kompetisie is. Die skares trek in hul duisende daarheen op, die borge kry hope blootstelling en, soos verlede week se eerste wedstryd in die eindronde gewys het, is dit boonop dekselse goeie krieket.**

VRYDAG
Bylaag tot Vrye Weekblad, 1 Desember 1989

Onder redaksie van ANDREA VINASSA

# Konka 'n drom met gate in?

Marita van der Vyver

'N KONKA is 'n drom met gate in die kante waarin vuur gemaak word waar daar nie die luukse van elektriese verwarmers of selfs 'n vuurherd is nie. Dis 'n "werkersklastoestel" wat warmte verskaf en waarom mense gemoedelik kan sit en gesels.

So het Ampie Coetzee, lektor in Afrikaans aan UWK en stigterslid van die nuwe kulturele groep Konka, verlede naweek die groep se naamkeuse verduidelik. Hy het die openingstoespraak gelewer tydens die eerste "kulturele werkswinkel" wat Konka met die samewerking van Idasa by die Daljosafat-kunsstigting naby die Paarl gereël het.

"Konka bestaan uit 'n groep wit mense - wit vanweë die verdelings van apartheid - wat in die kulturele sfeer betrokke is. Ons word saamgebind deur ons strewe om vir 'n nie-rassige, verenigde Suid-Afrikaanse kultuur te werk. As kunstenaars, skrywers, uitvoerende kunstenaars besef ons dat dit noodsaaklik geword het om die verdelings af te breek wat deur staatstrukture geskep is, en om geleenthede vir kulturele interaksie en die uitruil van vaardigheid te skep."

Aangesien twee van die handvol stigterslede, Bo Petersen en Johan (Piekniek-by-Dingaan) Esterhuizen, vir 'n staatstruktuur soos Kruik werk, kan dié bepaalde "konka" dalk dien as ontmoetingspunt vir die establishment en die Mass Democratic Movement, 'n bymekaarkomplek waar hande warm gemaak word om die vuur van 'n gemeenskaplike strewe. Konka kan help om 'n brug te bou tussen die onderdrukkers se "bourgeois-kultuur", soos Ampie Coetzee dit gestel het, en die onderdruktes se "people's culture".

Maar dat dit makliker gesê as gedaan is, het Marlene van Niekerk van Wits se Departement Afrikaans en Nederlands later die dag uitgewys in haar antwoord op Coetzee se toespraak. Sy het 'n paar indringende vrae gevra en die honderdtal teenwoordiges uit 'n potensiële ons-stem-almal-saam-inskiklikheid geruk, 'n gemoedstoestand wat besonder verleidelik kan word na 'n uitgerekte middagete in 'n idilliese Bolandse omgewing.

Wat ís die verenigde kultuur waarna gestrewe word? Wat is die verskil tussen die (toekomstige) kultuur en die (huidige) kultuur gegrond op "etnisiteit, godsdienstige, taalkundige en rasse-identiteit" waarna die openingstoespraak verwys het? Wat word van "people's culture" wanneer dit die heersende kultuur word? Wat word van die tradisie van verset wanneer die onderdruktes die heersers word?

Daar was baie ander vrae en verskille. Volgens Ian Steadman van Wits se dramadepartement is daar iewers tussen bourgeois-kultuur en "people's culture" ook iets wat hy "populêre kultuur" noem, soos versinnebeeld deur Johnny Clegg en Savuka. "People's culture" kan tradisioneel, landelik of volks wees, het hy gesê, maar "populêre kultuur" is 'n moderne, stedelike kultuur. Jonathan de Vries van MAPP (Musical Action for People's Power) het die kompleksiteit van sulke onderskeidings verder uitgelig: Abdullah Ibrahim (Dollar Brand) is 'n held van die townships, ondanks die feit dat hy al jare lank in 'n luukse-hotel in New York woon. Andersyds is daar jongmense uit 'n wit, bevoorregte agtergrond wat sukkel om 'n bestaan in die kunswêreld te maak en nie sonder meer "bourgeois" genoem kan word nie.

Wat nodig is, het Marlene van Niekerk opgesom, is heelwat meer kompleks as om eenvoudig die tegnieke van elite-kuns op 'n meer populêre kuns oor te plaas. Die "retoriek van verset" waarin 'n "people's culture" maklik kan vasval, behoort verander te word in 'n nuwe visie vir die toekoms.

Dit is juis die belangrikste - en die moeilikste - doel wat die Konka-groep vir hulself opgestel het: "Om nuwe oplossings te stimuleer wat tot 'n nuwe visie vir almal sal lei."



"Salaam Bombay!" het in 1988 die Cannes-Filmfees se Camera D'Or-prys vir die beste debuutprent gewen. Die prent is ook aangewys as die gewildste prent by die Fees (en met die Prix du Publique bekroon). Daarna het die prent 'n Jurie-prys, die Spesiale Algemene Jurie-prys en die Air Canada-prys by die Montreal-Filmfees gewen. Mira Nair het "Salaam Bombay!" in die strate en bordele van Bombaai verfilm. Dit handel oor die stad se skemerkinders. Die kinders - na 'n paar sessies in 'n teaterwerkwinkel - speel die meeste van die rolle self. "Salaam Bombay!" begin vandag in die Rosebank Mall draai.

# Jennifer is terug

**Jennifer Ferguson tree van Dinsdag tot 10 Desember saam met Moses Molelekwa in die Black Sun, Orange Grove op. (Vertonings begin saans om 8.30.) AMANDA LEE HORWITZ het met haar gesels oor haar onlangse ervaringe in die buiteland**



Foto: Ruphin Coudyzer

"IN Kajaani het jy hierdie pragtige rivier. En elke oggend het ek gaan hardloop en aspris verdwaal. Ek het toe van Benjamin se goed gelees, en hy het hierdie filosofie dat dit vir die reisiger noodsaaklik is om verlorenheid te ervaar." Sy lag. "En dit was interessant om dit te doen. Die enigste kere dat ek gehuil het, was wanneer ek 'n padkaart gevolg het om by 'n plek uit te kom en dit nie kon kry nie."

Ferguson is terug. Sy sluk Earl Grey-tee in haar kombuis wat onder Coetzee se "Confessions" en PW se "Concessions" toegegooi is. "Die boonste echelons van mag stink soos melaatses. Dis amper of etter uit hulle uitloop en hulle dit nie weet nie. Ek bedoel, ek is seker elke land in konflik het sy moordbendes. Orals vind jy korrupsie. Maar hier, waar jy jou parlement met gebed open en jou TV-stasies met gebed afsluit, en jy het God op jou vlag... Dis wat dit des te meer afstootlik maak." Jennifer is terug.

"Finland is beeldskoon. Die woud, alles is skoon. En die plek is soos 'n vrou se liggaam... die land se mos. Daar's 'n sagtheid daaraan. Hier is dit hard, alles njaps jou. Daar's 'n asimmetrie aan Afrika. Finland is bitterlik koud. Die gees van die plek is koud - hier is die gees warm en ru. Ek het vyfuur een oggend hierdie pragtige rivier gevind en die mis - die duifgrys oggendmis - wat rol oor die meer waarin die see invloei. Dis soos die sprokies wat jy gelees het toe jy klein was. En jy het 'n sterk sin van God daar, soos jy in die Drakensberg het. God is ook in my boompie wat buite groei, met die vinke.

"In die hotel waar ek tuisgegaan het, in Kajaani, was daar 'n verblyf van twee weke vir die oorlogveterane. En daar was mans wat rondgeloop het met hierdie instrumente teen hul stemme, omdat hulle stembande uitgeblaas is; mans met een been, met een arm. En toe hou hulle 'n dans vir hierdie mense. En in die middestad is daar hierdie buitengewone beeld van hierdie beeldskone jong man met 'n masjiengeweer in sy hand - hierdie beeld van jeugdigheid en viriliteit en heldemoed. En 1989, vyftig jaar daarna, het jy hierdie verrotte mense wat deur hulle oorlog opgefok is."

Sy is die waarnemer en sy word waargeneem. "Ek is beskou as hierdie wit Suid-Afrikaanse vroue-kunstenaar teen apartheid. Hulle begrip vir ons situasie is baie simplisties, hulle sien net omtrent twee persent van die sensasionele nuusdekking wat daar uitkom. Ek het myself seker as 'n informant beskou. Wanneer jy hier uitgaan, is jy 'n storieverteller van jou land."

Byvoorbeeld, PUNT International (Performers and Artists for Nuclear Disarmament) het Jennifer genooi om op te tree in 'n konsert wat landwyd op TV gebeeldsaai sou word. Alle winste sou gaan aan kinders in aanhouding. "So, toe ek daar aankom, was dit nogal vreemd omdat, as sodanig, wat die statistieke betref, was daar geen kinders meer in aanhouding nie - amptelik. Ek het besef dat ek die fokus so bietjie moet verbreed en die konsert het 'n konsert geword vir kinders wat ly onder apartheid."

Natuurlik, die kunstenaar het die relevante stof byderhand gehad. "Ek het heelwat liedjies oor kinders geskryf 'When roses cease to fill the eye with red for red that's split upon the ground...' en 'What times are these when children's eyes turn away in shame/ What men are these, self-righteous ones, causing suffering in Christ's name'. En daar is 'Suburban Hum' en 'Slow Motion-Hokaai', die Afrikaanse liedjie wat ek oor 'n gesinsmoord geskryf het."

En daar was "Eye for Africa". "'Let's lose and eye for Africa", is deur Finse kunstenaars en musikante opgeneem. Dit was interessant, die kamer waar ons die video vir die liedjie opgeneem het was in die 'House of Kights' waar daar hierdie reuse olieverfskildery hang waarin tsaar Alexander die sleutels van die Finse parlement oorhandig en al die vroue staan bo-op die balkonne en kyk op die mans af. Die is 'n met geskiedenis-bedekte plek. Nie op dieselfde manier as die res van Europa nie. Dis 'n koue, geïsoleerde geskiedenis." Sy voeg by "Gorbatsof was daar toe ek daar was."

En dan is daar Swede. "Ek het saam met ander Sweedse musikante in Stockholm in 'n konsert ten behoewe van Swapo opgetree. Ek is deur die maatskappy wat my plate versprei uitgenooi. Ek het daar meer gemaklik gevoel as in Finland waar alles homogeen is. Swede vat ander mense in, so dis gemeng. Die enigste swartes wat ek in Finland gesien het, was twee ANC-studente."

En Rome. "Die klavier was kak. Ek dink nie hulle het verstaan of was vreeslik geïnteresseerd in wat ek sing nie. Hulle was baie self-behep - jy kry sulke kulture. Hulle sit met soveel kak en daar is iets soos 14 politieke partye en hulle verskil nie juis van mekaar nie... en hulle kan nie plek kry om hulle motors te parkeer nie en kan nie van die hondekak op die sypaadjies ontslae raak nie. Die beelde is swart... die marmer word gevreet. Europa sterf. Dis dood."

"Sad? Wat bedoel jy? Nee ek geniet die feit dat almal gaan sterf. Ek is verlig." Gelag.

Maar nie so vinnig nie. Daar is nog 'n plaat om te sny en 'n klomp reise om te onderneem. Dis net van die onmiddellike toekoms waarvan ons praat. "As lid van Sama neem ek in Januarie saam met Thembi Mtshali aan 'n vrouefees deel. In Februarie hoop ek om my nuwe album, "White Woman", te begin opneem. Die titel laat my bang en opgewek voel. Maar dis omdat ek 'n wit vrou is."

Sy tel die koerant op: "Jy weet, ek kom terug met 'n baie sterk oortuiging, nie in 'n negatiewe sin nie, dat hierdie wêreld tot 'n einde kom. Maar dis nutteloos om daaroor te praat, want ons weet dit. So what you can is the best you can on the piece of land you stand on. That's what its about."

ETE EN DRINKE



# 'n Onbeskofte objektiewe resensie

**Gersons, In die Wine Cafe, Stanleylaan, Richmond, Johannesburg**

VANDAG wil ek sommer met die intrap onbeskof wees en sê moenie by Gersons gaan eet nie. Dié restaurant doen homself voor as "Gersons: Gourmet Restaurants" - klaarblyklik 'n restaurantketting - maar dit is allesbehalwe 'n gourmet-restaurant. As dit 'n gourmet-restaurant is, is ek 'n slang.

Kom ons begin voor. Ek en Jak en Max wou een aand iets gaan eet, en een van hulle sê hy het nog nie by die Wine Cafe geëet nie.

Ons stap 'n kroegie binne wat smaakvol gemeubileer is en waar jongmense - Raukies? - sit en wyn en bier drink. In die hoek sit 'n man en ghitaar speel en sing. Die musiek is swak; seker daarom dat die volume so groot is.

Ons stap deur die kroeg by trappe af na 'n netjiese restaurant waaraan daar klaarblyklik 'n groot klomp geld bestee is. Die nuwe stoele is van eikehout en op 'n paar plekke in die restaurant en gange staan ou eikehoutmeubels. Die plek is met liefde (en geld) gemeubileer.

Ons maak die fout om aan die kroegkant van die restaurant te gaan sit. Die kombuis is tussen die kroeg en die restaurant, en elke keer as die kombuisdeur oopgaan onderbreek die luidrugtige musiek ons gesprek. Op meer as een geleentheid moes ons self die deur gaan toemaak.

Toe kyk ons na die wynlys. Jak, wat 'n paar kursusse in wynproe en heelwat in wyndrink gevolg het, sê dis 'n goeie wynlys maar die winsgrens is omtrent 300 persent. Ons het drie wyne bestel wat nie beskikbaar was nie - die wynlys lyk baie goed maar die wyn is nie daar nie. Ons bestel toe 'n botteltjie wit.

Uiteindelik kom die sjef uit die kombuis - die meeste goeie sjefs wys glad nie hul gesigte in 'n restaurant nie - om ons bestellings te neem.

Hy beveel koningsklip vir Jak aan bo geelbek (Cape salmon), wat 'n baie beter vis is. Toe ek hom vra hoekom hy dit doen, kon hy nie verstaan waarom ek die vraag vra nie. Ek vra hom toe: Is die geelbek oud en die koningsklip vars? maar nog steeds verstaan hy nie. Die sjef verstaan nie.

Ons bestel net hoofgeregte. Ek bestel hoenderborsies in "a mild curry cream sauce" met mielies, Max gebraaide eend met kersiesous en Jak koningsklip in 'n ligte sjampanjesous.

My "mild cream curry sauce" was witsous - ek is so moeg vir witsous ek kan myself ophang - waarin daar 'n bietjie kerriepoeier ingeroer is. Van 'n regte kerriesous was daar geen sprake nie.

Max se kersiesous was geblikte, suur kersies wat opgewarm is en oor die eend gegooi is. Is dit 'n kersiesous?

Jak se sogenaamde sjampanjesous was weer witsous, waarin daar geen vonkelwyn was nie, om van sjampanje nie te praat nie. Daar is moontlik 'n bietjie swak witwyn ingegooi. Dié sous was 'n bedrogspul.

Die hoenderborsie was eetbaar, so ook die eend (as ons die souse uitsluit). En nou wil ek by Jak se vis kom. Jak het 'n goeie tong waar dit by wyn kom en gewoonlik ook by kos, maar daardie aand het sy smaak hom in die steek gelaat.

Nadat hy klaar geëet het, het hy 'n stukkie vis vir my gelos. Ek het naar geword toe ek dit proe en die ou reuk in my neus voel opstuif. Ek wonder hoe lank daardie vis in die yskas gelê ... en gelê ... en gelê het. Het die sjef die koningklip aanbeveel om van die vis ontslae te raak? Daardie vis moes lankal in 'n asblik gewees het.

Soos die aand aanstap is ons lus vir nog 'n botteltjie wyn en besluit toe - anders as in die Nuwe Testament - om die swak wyn laaste te drink. Ons kry toe 'n kraffie bokswyn, wat nie meer as 750 ml was nie, en soos karton gesmaak het.

Die prys, vind ons later uit, is R14.95. As 'n 4,5 liter boks R16 rand kos, moes hulle omtrent 500 persent wins daarop gemaak het.

Die koffie was drinkbaar, maar die diens vir 'n leë restaurant swak. Daar is geen verskoning om lank vir wyn te moet wag nie.

En nou 'n laaste juweeltjie. Ons rekening kom en dis R105.56. Die basiese rekening was R81 enkele sente, waarop die sjef en die persoon agter die geldkas omtrent R25 verkoopbelasting gehef het.

Ek weet nie, miskien is ek 'n Rip van Winkel, maar ek dink nie koopbelasting is al 30 persent nie.

Ons moes drie keer met die sjef redekawel, en elke keer kon hy nie verstaan nie. Die sjef verstaan nie.

Uiteindelik is ons kwaad daar weg. Dis 'n week later en ek is nie meer kwaad nie. Daarom lees julle nou 'n objektiewe onbeskofte resensie.

'n Paar wenke vir die restauranteienaars:

1 Mense, julle het soveel geld aan jul restaurant bestee, maar julle gaan al jul geld verloor as julle nie jul kombuis in orde kry nie. Julle sjef is sover ek onthou Duits, maar dit sê niks. Ons kry die oorskiet van Europa. Baie min goeie Europese sjefs kom Suid-Afrika toe - die sjef en eienaar van Les Marquis is 'n uitsondering.

2 Skei die kroeg en restaurant ten volle. Geen klanke uit die kroeg moet die restaurant binnekom nie.

3 Verbeter julle diens.

4 Julle het klaarblyklik die fout gemaak om al jul aandag aan die drank te gee (maar hoekom is wyne op die wynlys nie beskikbaar nie?) en geen aandag aan die kos nie. Dit sal julle ondergang beteken. Jul kospryse is in die prysklas van 'n restaurant soos Harridans, maar julle gehalte oneindig swakker.

KOOS COETZEE


DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE

OESJAAR 1979 VINTAGE

Na tien jaar is dié dekade se wyn gereed.

1989 blyk die jaar te wees waarin versamelaars 'n sekere Pinotage gaan opraap. Die Pinotage? Douglas Green of Paarl se '79.

Dié wyn word beskryf as een van die "betroubaarste en genoeglikste pinotages in die mark" en is besig om swier te verleen aan menige tafel en kelder.

Pinotage is Suid-Afrika se eie kultivar — 'n kruising tussen die Pinot Noit en Hermitage variëteite.

Om die vereiste volmaaktheid te bereik, gebruik Douglas Green of Paarl net uitgesoekte druiwe van 'n enkele oesjaar. Daaruit word 'n wyn geskep — deur middel van sorgvuldige wynmakerskuns en noukeurige veroudering — met 'n voortreflike afronding, soepelheid en volrondheid, gepaard met 'n onvergeetlike boeket.

Dit kom tot sy volle reg in die '79, met sy suurgehalte van 5,37 g/ℓ, 'n alkohol-volume van 12,02 en 'n pH van 3,58.

Maar feite beskryf die genot van die wyn nie voldoende nie. Veral as dit die eerste keer dié dekade geniet kan word.






Ons wyne sê al's.

DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE

BERNSTEIN, LOXTON, GOLDING & KLEIN 4409/A


# Wyn in die diamantklas

**BJ LANKWARDEN skryf oor Rietvallei Chardonnay**

DAAR is 'n landgoed in Robertson wat bekend staan vir sy rooi muskadel.

Ons muskadels kry nie die aandag wat dit verdien nie, maar Rietvallei Red Muscadel word hoog aangeslaan onder 'n paar volgelinge.

Dié stand van sake sal gou verander, aangesien die nuwe wyn wat hierdie landgoed vrygestel het 'n nuwe groep volgelinge sal skep.

Johnny Burger is die eienaar en wynmaker van Rietvallei en hy het die goeie insig gehad om chardonnay en ander gewilde druifsoorte te plant.

Die interessante grond op die plaas is baie ryk aan kalk - 'n toestand waaroor ander wynboere, veral dié in Stellenbosch, net kan droom. Dit help die natuurlike suurheid in die wyn aan en die resultate is merkwaardig. Johnny het nou 'n intelligente chardonnay gemaak wat baie plesier verskaf.

Daar is soveel chardonnays met te veel hout dat alle elegansie verlore gaan. Dit is nie die geval met die Rietvallei Chardonnay nie aangesien ons hier 'n wyn het wat die tegniese data amper tot leuenaar maak.

Alkohol van 13,3 persent dui gewoonlik op 'n groot sterk wyn en dertien maande in eik laat jou wonder waarom mens hoegenaamd wyn drink en nie vloeibare hout nie.

Wel, hier is 'n aangename verrassing. Dis 'n goeie wyn met 'n effens skaam geur en 'n goeie bleek kleur.

Die smaak toon 'n goeie kombinasie van vrugte en elegansie, en die hout domineer nie.

Jy proe lemmetjies en perskes saam met roosterbrood en botter, en die wyn het 'n lieflike struktuur. Hierdie wyn sal kommentaar uitlok: dit is 'n wyn wat 'n plek tussen ons heel beste wyne verdien.

Daarom is dit ook gekies deur 'n internasionale paneel vir die SAL se diamantklas wynlys. Dit is duidelik dat meer en meer goeie witwyne buite Stellenbosch gemaak word, terwyl Stellenbosch nog steeds die beste rooiwyne maak.

Een ding is egter duidelik: die oorheersing van ons tradisionele wynproduksiegebiede soos Stellenbosch en die Paarl is stadig besig om weg te kalwe. Nuwe en hoogs interessante wyne verskyn. 'n Ekstra bonus is die verbruikersvriendelike prys van hierdie uitstekende wyn. Mooi so Johnny!

**Oor kookboeke**

# En waar is Hilda Gerber?

VAN Hilda Gerber weet ek baie min, behalwe dat sy 'n goeie kok was.

Ek besit lank reeds haar "Traditional Cookery of the Cape Malays", en het later haar "Cape Cookery - Old and New" in die hande gekry.

ID du Plessis sê in sy voorwoord van haar boekie oor Maleise kos: "In het short life, Hilda Gerber did much to stimulate interest in this subject." Ons weet dus dat sy nie lank geleef het nie.

Toe ek 'n paar jaar gelede in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad gaan rondkrap het in die kookboeke wat Leipoldt vir die biblioteek nagelaat het, het ek ook op 'n groot klomp kookboeke afgekom wat Hilda Gerber nagelaat het. Sy het 'n deeglike studie van kos gemaak.

Hilda se boekie oor Maleise kos is 'n juweel. Sy het die hele Kaap platgery en in Maleierhuise geëet en hul resepte gekook. Sy beskryf die kos met liefde - mense wat nie met liefde oor kos skryf nie, moet ophou skryf en ophou kook - en sy beskryf die mense met liefde.

Sy sê waar sy elke resep kry: Mrs Galiema Salie, Claremont; Mrs Roja Hendricks, 9 Hemlock St, Cape Town; Old Miss Jacobs, off Vineyard Road, Claremont; Mrs M Gazant; Mrs M Philander, Morgenzon ens.

Haar inleiding tot die boekie het die opskriffie: "We cook in the old Dutch style", wat daarop dui dat dit is soos die setlaars aan die Kaap geëet het. Dit was klaar nie meer die Maleise kos uit Maleisië of waar dié mense vandaan gekom het nie: dit was 'n versmelting met die kos van Holland, wat soms nie baie verbeeldingryk is nie. Die Maleiers het verbeelding aan hierdie kos gegee en 'n nuwe soort kos (sal ons dit 'n cuisine noem?) het aan die Kaap ontstaan: Kaaps-Maleis of Hollands-Maleis.

Vriende, as julle wil weet waar die wortels van eg Suid-Afrikaanse kos lê, koop hierdie boekie.

Wat ons vandag as Boerekos beskou, is niks minder en niks meer nie as 'n kombinasie van swak Engelse en Amerikaanse kookgewoontes waarby suiker gevoeg is.

Hier en daar kry ons vandag nog 'n verdwaalde bobotie - swak gaargemaak - op ons tafels, maar ons weet hoegenaamd nie waar ons wortels lê nie. Laat ons terugkeer na ons agtergrond, en ons agtergrond lê by die Maleiers: die mense wat die beste kookgewoontes die land binnegebring het.

Hilda het 'n hoofstukkie oor die godsdienstige dae van die Maleiers en wat hulle op daardie dae eet. Sy het 'n hoofstukkie oor daaglikse kos en familiegeleenthede, en dan volg haar afdeling resepte onder verskillende opskrifte.

As julle wil weet hoe ons geestelike ouers - wat kos betref - denningvleis maak, of sosaties of begrafnisbredie of buriyani of pienangkerrie of patatkoek of suikerbolletjies, koop Hilda Gerber se boek.

Ek wil nie veel sê oor haar boek oor Kaapse kos nie behalwe dat ons strate beter af sou wees as ons dié boek gebruik het pleks van Kook en Geniet, wat ons volk die woestyn ingelei het.

Die boekie oor Maleise kos is deur AA Balkema uitgee en die boek oor Kaapse kos deur Howard Timmins.

KOOS COETZEE

HAKKIES
CHARLES LEONARD

# David is groter as Goliat

**Rei Momo - David Byrne (10)**

'n Wonderlike vriend was so gaaf om dié regte vakansiemusiek vir my van Holland af saam te bring. Dit is bloot toevallig van dié laagland af, want David Byrne het New York toe gegaan en saam met Latyns-Amerikaanse groepe daar musiek gaan opneem wat hom weer die mantel van "die denkende persoon se rockster" op sy krismiswurm-skouers kan laat hang.

Byrne het onder leiding van Steve Lillywhite - die produksieleier van vooraanstaande mense soos U2 en The Pogues - sy eie flirtasie met World Music op viniel vasgelê. En wat 'n jolige flirtasie is dit nie.

Dit is onweerstaanbare dansmusiek - gul koperblaasinstrumente en rambas en sambas en mambos en gelukkig géén rambos nie. Eerder so 'n lui sensuele dans wat saamgevat word in Independence Day se openingstrofe "Now and then I get horny/ At night you do".

Die musiek pas by wat Byrne saam met Talking Heads gedoen het. Dié keer net saam met musikante van die groepe van Ruben Blades, Celia Cruz, Tito Puente en Wilfredo Vargas.

Tog is die lirieke nie ligsinnig nie. Wat dit besonder treffend maak, is die ironiese kwaliteit daarvan. Dirty Old Town se karnavalmusiek kan misleidend wees as na die lirieke geluister word: "Well, there are 16 people in Danny's apartment/ 16 people are living in there/ Remember the days of rent control/ Grandpa remembers rent control."

Soms is Byrne die briljante idioot. 'n Rol wat hy so goed kan speel en wat hy wonderlik in sy rolprent "Stop Making Sense" uitgebeeld het. Op Call Of The Wild wissel hy amper lawwe lirieke soos "What made Mona Lisa smile", "God told Noah 'build an ark'", en "And the call of the wild is not a difficult song" af met 'n Latyns-Amerikaanse koor wat in Spaans sing.

Die immerteenwoordige Kristy MacColl doen ook haar nimlike ding op agtergrondvokale en ondersteun Byrne se sonderlinge skoppelmaai- en bollemakiesie-stem.

Hoewel die musikante en musiek wortels in die Suid-Amerikaanse vasteland het, kyk Byrne tog deur 'n New Yorkse bril. Die plaat sluit so stemmig soos 'n wiegelied af met Byrne se stem, 'n harmonium, padda-, voël- en insekgeluide en "I know sometimes I can be wrong/ I'll be wrong until you're next to me".

Byrne bly een van die invloedryke meesters van rock. As hy iets opneem, kan 'n mens nie anders as om ore te spits nie. Die afgelope paar keer het hy, veral saam met Talking Heads, die ore laat hang. Rei Momo is 'n briljante, oor-spronklike uitsondering en lei hopelik 'n nuwe era van opwinding in.



David Byrne... regs

# Gee my meer al maak dit seer




Victor Munnik

VIR die ouens wat in ses jaar van totale aanslag nie genoeg kon kry nie, is daar oologspeletjies te speel tussen die murasies, sweerlik iewers buitekant Pretoria.

Die ouens (as hulle nie val en hulle enkels verswik nie, eina mamma) kruip in die rooigras rond en skiet mekaar met verf. Rooi en geel blertse, maar nie wit nie, want sê-nou net 'n aasvoël was die grens deeske dae moes verlaat, vlieg oor en kan dit nie meer hou nie, dan sal die wit span mos deurmekaar raak as hulle hulle slagoffers se wonde tel.

Dit was Graffiti wat die smaaklike dokumentêrtjie aangebied het, maar ek sien my held, Speurder A Nartjie, het dit nie daar naby gewaag om te hoor waaroor die oorlog gaan nie.

Al gaan dit ook oor niks, dié hearts en minds-veldtog werk. Soos die een oorlogslagoffer sê: "As hulle jou skiet is dit seer, maar dan pomp die adrenalien en jy wil dit net weer en weer doen."

Ek sweer dis nog 'n deel van die internasionale wapenhandelaars-komplot - met sy wortels in Amerika - wat ons TV-skerms ontsier.

## Amerikaanse pes

Ja-a, 'n mens moet nie sommer enige gedagterigting in ons fragiele ideologiese ekosisteem laat grondvat en aanmoedig nie.

Netnou word die ding 'n pes.

In baie Amerikaanse polisieprogramme is daar deesdae toneeltjies - soos in láasweek se Simon en Simon - waarin burgerregte afgemaak word as sommer net 'n verskoning vir die skelms.

Hulle kan dit miskien in Amerika bekostig waar mense klein fortuintjies uit hul burgerregte maak in die howe. Maar hier, waar regter Olivier elke nou en dan van voor af op die skerm moet verduidelik wat 'n handves van menseregte nou eintlik is?

## Hardehout

Vreeslik inheems was weer aan die ander kant oom Koos Meyer se verjaarsdag saam met Spies en Plessie en al die ander grapjaste.

Die ou hardehout waaronder hulle braaivleis gehou het, staan seker baie ver van die see af, want daar was nie 'n daarkie naby nie. Maar hulle is darem in die grappies wat vertel word.

Hulle is mos die ouens wat oom Koos se Jan Schoeman van Vaalwater se selfdoen-helikopter vir hom aanmekaar skroef. En die supermarkveër wat die mêrrim so vasvra toe sy die hoenders een vir een tussen die bene kyk. En seker maar ok die ouens wat Tolla se grenspasiënt so vol gate geskiet het (dis net deesdae dat daar so baie wit Swapo's is).

Vir al wat ons weet sit hulle nog voor die TV ook en lag.

## Boeppens

Nee, nie mev Tucker nie. Boeppens Starbuck het anderaand weer 'n groot skelm vasgetrek, die keer 'n konsertpianis wat een van die beoordelaars vermoor het om te kon wen. Die moordenaar se probleem was dat hy slim en talentvol maar sonder gevoel is. Dit kan jy nie sê van die meeste kunstenaars op Teletreffers nie.

Teletreffers was juis weer vol pragtige Afrikanerdogters wat enige dag die komende Boerestaat by die mej Wêreldkompetisie met trots kan verteenwoordig.

## Flinkveria

So van blink politieke gedagtes gepraat, daar is 'n gerug dat Nuustak 'n front is vir die Republiek van Flinkveria... dié dat dit al hoe snaakser word.

Die ander aand, ha, ha, sê hulle die goudprys gaan op en die rentekoers kom nie af nie. Nuustak is ook mos die ouens wat die nuwe R2 eerste die escudo genoem het...

TRUK TONEEL

**DALK**
Deur Pieter J Swanepoel
Regie: Ilse van Hemert
*"Verfrissende eenvoud" - Star*
Staatsteater, Pta: tot 25 Nov

**ANTJIE SOMERS AND I**
deur Harry Kalmer
Regie: Jacqui Singer
*"Ek kan net 'rave'" - Transvaler*
Windybrow, Jhb: tot 25 Nov

**STILLE NAG**
Geskryf en geregisseer deur
DEON OPPERMAN
Staatsteater, Pta: tot 2 Des

Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry, Sat, Son — Light Years
Di, Wo, Do — School of Love

Tel: 836-6002/838-1769

Out of the ashes of hatred rose the phoenix of friendship




HOLD MY HAND I'M DYING

A BURLINGTON ENTERPRISES PRODUCTION "HOLD MY HAND I'M DYING"
STARRING CHRISTOPHER CAZENOVE · EDITH BRYCHTA · PATRICK SHAI · HENRY CELE
WITH OLIVER REED AS BALLINGER MUSIC COMPOSED BY PATRICK VAN BLERK SCREENPLAY BY MARK EZRA
BASED ON THE BOOK "HOLD MY HAND I'M DYING" BY JOHN GORDON DAVIES
ASSOCIATE PRODUCER DORREN MERRIMAN PRODUCED BY MARK CASSIDY DIRECTED BY TERENCE RYAN
EXECUTIVE PRODUCER LES ARLOW ASSISTED BY THREE'S COMPANY

NOU BY: METRO HILLBROW • NU METRO CITY • METRO BEDFORDVIEW
SHAREWORLD • VILLAGE PRETORIA

# Portugese maak die beste koffie



**CHRIS PRETORIUS skryf oor die plaas, PG en Deon Opperman**



DAAR is iets omtrent Suid-Afrika wat my op die oomblik so pissed-off maak dat ek kan skreeu. Eintlik is dit nie iets spesifieks nie, dis oor die algemeen. Nou is die tyd om werklik volks-vreemd te wees. Nie romanties volks-vreemd nie, maar 'n volks-vreemdheid wat sê ek is nou net mooi gatvol en ek wil in Spanje of Portugal gaan bly. Blykbaar is eiendom nog baie goedkoop in Portugal.

So gepraat van Portugal, onder in die stad, daar in die omgewing van Pritchard en Troye, is die wonderlikste Portugese restaurants. Hulle maak ook die lekkerste koffie. Hierdie bohaai oor daardie koffieplek onder in die Rosebank Mall is sommer bullshit. Die diens is ook swak. Daar is 'n nuwe Portugese plek tussen Pritchard en Kerk, aan die linkerkant as jy Hillbrow toe ry, wat die beste koffie maak, veral op 'n Sondagoggend. Ook het hulle sulke stukkies steak wat ongelooflik is. Hulle chips is ook van die beste in die stad.

Anyway, dan is daar hulle kreef, groen sop, prawns, ens, ens. Daardie deel van die stad laat my aan New York dink. Veral in die aande of Sondae. Al die Portugese wat op die sypaadjies oor en weer staan en perde bespreek tussen al die swartmense wat van balkonne af skree. Dis skielik of die stad weer lewe gekry het. Miskien verstaan swartmense en Portugese hoe om in 'n stad te bly. Kan jy jou 'n Sondagoggend in Pretoria voorstel? En verder uit in die voorstede die kantgordyntjies wat wapper in die ons-is-tog-die-uitverkore-volk-en-dus-verontwaardig-dog-verdraagsaam-briesie.

Om terug te keer down-town Jhb toe, gaan sit 'n bietjie op 'n Sondagoggend en koffie drink in een van die Portugese plekkies en jy sal skielik soos 'n mens voel. Eerder die geluid van 'n besig exspresso-masjien as die geluid van sprinklers en grassnyers. Vergeet van Hillbrow, gaan probeer bietjie onder in die stad.

En terwyl bogenoemde alles aan die gang is, sing die Afrikanertjies oor plase en skape en beeste en whatever mens nog moontlik op 'n plaas mag aantref. Dis om van siek te word. Ek verwys nou na Teletreffers en Anton Goosen en ek weet nie wat nog alles nie. Noudat ek daaraan dink, 80 persent van ons digkuns handel oor die landbou. "Groot Verseboek" lees soos die Landbou Weekblad. Eienaardig. Die nuwe Afrikaner staan met sy een voet in 'n miskoek en met sy ander voet in Westdene. Ek was in my lewe nog nooit op 'n plaas nie. Mind you, ek lieg. Ek het eenkeer op so 'n plaas naby Stellenbosch saam met Guillaume van die Harbour Café getrip.

Daar het ek en Guillaume en Chrissie Sharp angsbevange deur die wingerde gestorm met hande wat na ons gryp en monsters wat agter die gewel skuil. Wat 'n plesier. Guillaume is natuurlik nog iemand met wie ek 'n interview wil voer. Watter self-respecting leftie het nog nie dronk in die Harbour Café rondgeval nie?

Wag, ek dwaal van die punt af. Ek wil nog eintlik sê waarom ek so pissed-off is. Na my vorige interview het verskeie mense my aangeval, oor kombuistafels, in die straat, orals. Dit pla my nie. As hulle my ernstig wil opneem - dis hulle probleem. Ek kan nie eers onthou wat ek geskryf het nie. My vrou het anyway die Weekly Mail in plaas van die Vrye Weekblad gekoop so ek het nog nie eers my ou interviewtjie gesien nie. Wat my wel pla oor al hierdie aanvalle was dat intellegente mense my verwyt het as volksvreemd. Ek is beskryf as iemand wat nie in touch met my roots is nie. Fuck me gently.

Een aand oor 'n wonderlike skaapboud het hierdie nuwe Afrikaanse "joernalis" histeries geraak omdat ek heeltyd verwys na Andy Warhol. Ek is mos Afrikaans. Kultuur, kultuur, kultuur, jy weet. Ek is nie "eg" Afrikaans nie. Lyk ek vir hom soos PG of Deon Opperman? Hoekom moet ek worstel met "Afrikaans wees"? Dit klink vir my na kitsch. Ek hou van kitsch, maar dan moet dit Italiaanse designer kitsch wees, nie boere-kitsch nie. Die boere is ver te sentimenteel.

My probleem is natuurlik dat ek te ordentlik grootgemaak is anders het ek aan hom verduidelik dat Samuel Beckett sy belangrikste werk in Frans geskryf het, Neruda skryf meestal in Engels, Nabokov skryf in Engels, ens. Dis genoeg, want ek is eintlik nou te dronk om heen en weer na my boekrak te hardloop. Who cares anyway, we're living in the late twentieth century, and if you don't like it, go back to your farm. Go and eat a mealie or whatever they do on farms. The point is, cookie, you should have been a Sestiger. Jo'burg belongs to the blacks and the Portugese. You didn't know what to do with it, they did. Pretoria belongs to Strydom. You had fifteen seconds, time's up.

Ek moet sê, hierdie lekker-gesels-ek-is-mos-Afrikaans is die ultimate kitsch. Die potjiekos-idioom. En terwyl die een klomp handjies vashou en plaas toe hardloop, is die intellectuals besig om te de-construct. My ouma se naam was de-construct. Dan Roodt se middelste naam is de-construct. Dit beteken niks. Rembrandt het ge-de-construct.

Die hele ding gaan om 'n beheptheid met Afrikaans. Of miskien twyfel almal 'n klein bietjie. Wie weet. Een ding is seker, Afrikanertjies is bang. The good news is... jy kan altyd dronk word en maak asof jy alles ernstig opneem.

Gaan bly in New York en almal is besig om uit te fok op crack en ice en jy hou nie van wat jy om jou sien nie want dit is tog nie hoe dinge veronderstel is om te wees nie. Welcome to the twentieth century. Daar woon twintig mense in jou gebou wat beter kunstenaars is as jy. Perspektief het niemand nog kwaad gedoen nie. Niemand is special nie, nie eers sensitiewe Afrikanertjies nie.

In my laaste interview wou ek nog iets kwytgeraak het oor Afrikaanse meisies, maar miskien maak dit nou nie meer saak nie. Daar is baie ander meisies in die wêreld.


**dié week by die MARK-TEATER**

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
SMALLHOLDING
Deur Paul Slabolepszy
"Witblitz-on-raw-comedy"

UPSTAIRS-TEATER

SPEED THE PLOW - Regie deur Malcolm Purkey. "Alles wat jy van Hollywood wou weet en meer."
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER

SOMDAKA - deur Gcina Mhlope
Ma tot Sa: 8.30nm. Sat: 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK

HOUT CUISINE - Di tot Sat: 7nm vir 8.30nm. Son: 6nm vir 7.30nm
"Fast and Loose"

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 9nm
Zanusi

MARKGALERYE

Groot Galery
Khula Udweba - 'n tentoonstelling deur die kinders van Alexandra, Soweto en Katlehong
Klein Galery - The Rainy Season - Fotos van Namibia deur John Liebenberg

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm tot 4.00 nm.



PAMMA KEDS

787-7987/4

ONDER
Vry : Delia Layton
Sat : Delia Layton
So: Larry Amos and the Naughty Boys

BO
Vry: Larry Amos
Sat: Larry Amos
Wo: Positive
Do: Diamond Dogs

BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER
Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg
787-7987/4




**Nicky Rebelo is as dramaturg en toneelspeler in die nuus: hy speel 'n sentrale rol in Paul Slabolepszy se "Smallholding" (bo) wat nou in die Mark-Teater op die planke is. Intussen voer Jennifer Steyn drie van sy monoloë onder die oorkoepelende titel "Apparently... or So I Heard" in die Black Sun op. Raadpleeg die gidse op bl 6 vir verdere besonderhede.**

# Sekoto veertig jaar later

**JOHAN BRUWER**

VIER dekades nadat Gerard Sekoto Suid-Afrika verlaat het om hom uiteindelik in vrywillige ballingskap in Frankryk te vestig, word die 75-jarige skilder nou in die Johannesburgse Kunsmuseum met 'n omvangryke oorsigtentoonstelling vereer vir sy meesterlike bydrae tot die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse kuns.

Dis 'n tentoonstelling wat 'n mens met 'n stilweg intense plesier vervul, maar jou ook weemoedig laat. Die een oomblik word jy vervul met die digterlike lewensvreugde waarmee Sekoto in sy beste jare - 1939 tot 1947 - die geskakeerde skouspel van die daaglikse lewe in Sophiatown, Distrik Ses en Eastwood, Pretoria, in stralend stemmingsvolle komposisie vasgevang het.

Die volgende oomblik onthou jy dat die meeste van die plekke en lewenskragtige gemeenskappe wat Sekoto in sy lewende kleure met soveel geesdrif uitgebeeld het nie meer bestaan nie. Die jaar nadat Sekoto op sy pelgrimsreis as kunstenaar na Parys vertrek het, het die Nasionale Party aan bewind gekom en met die beleid van volslae apartheid begin om die kleurryke tapisserie van die lewe wat die skilder op doek weergegee het, te versnipper met die gedwonge verskuiwings van mense.

'n Mens sou woede en bitterheid daaroor kon voel, pleks van weemoed, maar woede en bitterheid pas nie by die deernisvolle stemming van Sekoto se werk nie. 'n Mens wonder net wat dit aan hom sou gedoen het as hy dié vernietiging van sy geliefde omgewings met sy eie oë aanskou het. Sou dit sy besieling en lewensdrif as kunstenaar gesmoor het - soos die eensaamhied van sy verblyf in die vreemde aanvanklik wel gedoen het? Of sou hy die sensitiwiteit vir maatskaplike onreg wat uit enkele kragtige werke soos "Song of the Pick" (1947), "The Waiting Room" (1940) en sy afbeeldings van gevangenes in Kaapstad spreek, uitgebou het om straks een van die kragtigste politieke kommentators van ons tyd te word? 'n Mens kan maar net bespiegel.

Soos sake staan, gee die vreugdevolle werke van sy bloeityd ons iets baie waardevols. Terwyl dramatiese gebeurtenisse en groot omwentelings hier en wêreldwyd die aandag vestig op die vloeibare strominge van die groot geskiedenis, herinner Sekoto se sensitiewe skilderye 'n mens aan die eintlike sin van die lewe: die klein stiltes van liefde en vriendskap; die klein harmonieë van menslike samesyn wat die veranderlikheid van die tyd in oomblikke van gestolde geluk weerspreek, en daarom nooit in die geskiedenisboeke opgeteken sal word nie.

Sekoto se werke van 1939 tot 1947 spreek van 'n oneindige liefde vir sy medemens. Hy vind sy geluk in die gedeelde plesier, die band van gemeenskaplikheid wat mense verbind. Sy geliefkoosde onderwerp is die intieme groep: vriende wat skaak speel, vroue wat saam was of stryk, bure wat op straat of oor die heining staan en skinder, 'n skare wat saam 'n vermaaklike skouspel geniet, en so meer.

In haar uitstekende katalogus vol kleurfoto's wat die tentoonstelling vergesel, wys die kurator Lesley Spiro uit dat Sekoto in sy groeptonele selde die individue se gesigte in detail skilder. Dit gaan vir hom in dié werke nie om die afsonderlike enkeling nie, maar om die gemeenskaplike verband: die kyker - soos Sekoto - vereenselwig hom met almal in die groep.

En tog is geeneen van Sekoto se "gesiglose" mense sonder 'n herkenbare persoonlikheid nie - hy het 'n meesterlike (en dikwels lighartig satiriese) vermoë om 'n tipiese houding en 'n sprekende gebaar in fyn vereenvoudigde buitelyne vas te vang.

Daar is in Sekoto se beste werke, soos "Portrait of the Artist's Mother", "Watching the Dancers, Eastwood" en so meer, 'n meesterlike subtiele ewewig tussen sy liefde vir die mense wat uitgebeeld word en sy liefde vir die selfstandige komposisionele waardes van kleur, lyn, lig en skadu. In dergelike werke word 'n mens natuurlik oorweldig deur die emosionele stemming wat deur sy ekspressiewe en vernuftig gebalanseerde kleure oorgedra word, maar die ruggraat van die komposisies is telkens die onderbeklemtoonde, verfynde en soms baie komplekse linieêre struktuur. Sekoto, wat as kleuter met klei gemodelleer en leer teken het voor hy leer skilder het, wys in sy bloeityd 'n fyn begrip vir die gevoelswaardes wat deur liniêre spanninge oorgedra kan word - reguit teenoor gegronde lyne, kalm vertikale en horisontale lyne teenoor lewenskragtige diagonale lyne, stadige ritmes gebalanseer deur vinnig dartelende hale.

Die ewewig tussen lyn en kleur gaan egter verlore in talle van Sekoto se latere werke, nadat die naelstring afgesny is waarmee die gemeenskapslewe in Suid-Afrika sy kuns gevoed het. Dis asof die lewe saam met die kleur uit sy werk dreineer ná sy vertrek oorsee. Werke soos "Head with Beads" (1951), "Walking Home" (1963) en so meer verval in 'n oppervlakkige dekoratiwiteit waarin die serebrale lynstruktuur oorheers en die kleur weinig gevoelswaarde oorhou.

Slegs sporadiese werke, soos die meesterlike "Dancing in Senegal" (1971), wat deur 'n besoek aan Noord-Afrika in die laat sestigerjare besiel is, bereik weer die oorrompelende lewenskrag van ouds.

In talle ander van sy latere werke keer Sekoto terug na die onderwerp van die Suid-Afrikaanse gemeenskaplewe wat sy vroeëre meesterstukke besiel het, asof hy die naelstring wil herstel, maar vergeefs. Die verwydering - in tyd sowel as afstand - van geboorteland het 'n ontsettende tol van dié liefdevolle meester geëis. Werke soos "Dancing in Senegal" en sommige van sy studies van vrouekoppe wys egter dat dit sy besieling is wat gekwyn het, nie sy talent nie. 'n Mens durf hoop dat hy sal terugkeer na Suid-Afrika indien sy kragte dit toelaat.

As dit kan gebeur, kan 'n mens 'n opwindende hergeboorte van hom as kunstenaar verwag - selfs nou nog, in dié laat stadium van sy leeftyd. Maar hy het ons reeds oorgenoeg gegee om voor dankbaar te wees - meer as heelparty kunstenaars wat hier te lande al met erepennings, pryse en medaljes bekroon is.



**"Women in the Country"**




*prices exclude gst*

**HILTON WEINER**

# TEATER

**JOHANNESBURG**

Janice Honeyman se JACK AND THE BEANSTALK is tot 20 Januarie by die Alexander-Teater te sien. Beslis nie net vir kinders nie.

By die Dalro, Windybrow kan Pieter J. Swanepoel se bekroonde DALK gesien word. Met Ronel Kriel, Pieter Brand en André Odendaal. Kort seisoen.

By die Adcock-Ingram, Windybrow is Paul Slabolepszy se UNDER THE OAKS/ OVER THE HILL van Maandag tot Vrydag om 8nm en Saterdae om 5.30 en 9nm te sien.

SOMDAKA deur Gcina Mhlope en met Connie Chume, Glenn Gabula en Daphne Hlomuka is in die Laager by die Mark te sien. Open 5 Desember.

Paul Slabolepszy se SMALLHOLDING is by die Markteater te sien. Met Nicky Rebelo, Paul Slabolepszy en Kate Edwards.

By die Mark se Upstairs-Teater is Gogol se DIARY OF A MADMAN, verwerk deur Karoly Pinter, te sien. Met Ron Smerczak. Tye: Daagliks om 8nm en Saterdae om 6.15 en 9.15nm. Laaste naweek. SPEED THE PLOW, met Dawid Minnaar, Andrew Buckland en Megan Kruskal open 12 Desember. Voorskoue van 6 tot 11 Desember.

Black Sun: (Louis Bothalaan, Orange Grove). NOT THE CARPENTERS EN DEFINITIEF NIE GROEP 2 NIE deur Andy Miller is elke aand om 9.30 te sien. Met Kevin Gibson en Christene en Graham Weir. HEESHOO/ BEESHOO, 'n Marimba-groep van Kaapstad is nog net die naweek om 10.30nm te sien. APPARENTLY...OR SO I HEARD is drie monoloë deur Nicky Rebelo wat deur Jennifer Steyn opgevoer word. Dinsdae tot Sondae om 10nm. EDMOND deur David Mamet, met Robert Colman, Zane Maes, Dan Robbertse, Megan Wilson en Melinda Ferguson. Tye: Dinsdag tot Sondag: 8.15nm. Kyk onder films wat wys by die nuwe CINE SUN.

Pieter Toerien: AIN'T MISBEHAVIN' met Sam Marais en Natalia Da Rocha open Saterdagaand om 9-uur by die André Huguenet. M. BUTTERFLY by die Alhambra-Teater, met Sean Taylor en Jeremy Crutchley. Maandae tot Vrydae om 8nm en Saterdae om 5.45 en 9nm. JO'BURG FOLLIES met Malcolm Terry, Jonathan Taylor, Odile Rault en Keavin Feather is by die Leonard Rayne te sien.

**PRETORIA**

TRUK se CAMELOT met Michael Richard, Kate Normington en Robert Finlayson is by die Staatsteater te sien. Tot 30 Desember.

**KAAPSTAD**

Baxter-Teater, Mainstraat: Hoofteater: A WALK IN THE WOODS deur Lee Blessing en met Michael Atkinson en Michael McGovern is tot 2 Desember te sien. DAVID KRAMER se vertoning open hier op 7 Desember en duur tot 6 Januarie. Daagliks om 8nm. In die Concert Hall kan LAVENDER HILL BLUES deur Itumeleng Wa-Lehulere gesien word. Die produksie word aangebied deur die Gemeenskapsteater en duur tot 15 Desember. In die Studio kan THE COLOSSUS OF BROOKLYN met Bill Flynn tot tot 15 Desember gesien word. Daagliks om 8.15 en Saterdae om 6.15 en 9.15nm.

Nico Malan, Strandgebied: In die Operahuis kan drie verskillende produksies tot 6 Januarie gesien word. Hulle is THE MERRY WIDOW, en die twee balletopvoerings THE CHRISTMAS CAROL en ORPHEUS IN THE UNDERWORLD.
Nataniel is in KALEIDOSCOPE wat in die Arenateater opgevoer word, te sien. Tot 6 Januarie.
In die Teater is die komedie KINKELS INNIE KABEL met Antionette Kellerman en Neels Coetzee van 1 Desember tot 6 Januarie te sien.

Theatre on the Bay, Kampsbaai: WE AND THEM met Lena Ferugia tot 2 Desember, daagliks om 8nm. WHO DONE IT met Tobie Cronje open 11 Desember en duur tot 13 Januarie.



**Gcina Mhlope (middel), die skrywer van "Have You Seen Zandile?", se "Somdaka" word tot 27 Januarie in die Laager van die Mark-Teater op die planke gebring. Daphney Hlomuka (links) en Connie Hlomuka (regs) speel twee van die karakters in die verhaal van 'n jong man van die Transkei wie se lewe omvergegooi word wanneer hy hoor sy pa is dood. Somdaka besluit om nie, soos sy pa, stad toe te gaan nie, maar om op sy landelike dorpie te bly.**


**NU METRO THEATRES**
NOW SHOWING 1-7 DECEMBER. BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Safe parking at Jack Mincer
BLACK RAIN — Michael Douglas, Kate Capshaw (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
COOKIE — Peter Falk, Dianne Wiest (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HALLOWEEN 4 — Danielle Harris, Ellie Cornell (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NITTI-THE ENFORCER — Michael Moriarty, Anthony La Paglia (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HOLD MY HAND I'M DYING — Christopher Cazenove, Henry Cele (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE JANUARY MAN — Kevin Kline, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE DREAM TEAM — Michael Keaton, Peter Boyle (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HYDE PARK METRO 447-3091
SCANDAL — John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BALFOUR PARK METRO 887-8548
DEAD POETS SOCIETY — Robin Williams (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BLACK RAIN — Michael Douglas, Kate Capshaw (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

ALBERTON METRO 907-2362
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SCANDAL — John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SCANDAL — John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROADHOUSE — Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 BATMAN — Michael Keaton, Jack Nicholson (PG2-12) MON-FRI: 6.00 and 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 ROADHOUSE — Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

HILLBROW METRO 724-2511 1-7 (Parking in basement)
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEAD POETS SOCIETY — Robin Williams (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SCANDAL — John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HOLD MY HAND I'M DYING — Christopher Cazenove, Henry Cele (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NITTI-THE ENFORCER — Michael Moriarty, Anthony La Paglia (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROADHOUSE — Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BETRAYED — Tom Berenger, Debra Winger (2-19) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

BEDFORDVIEW METRO 616-6828 1-6
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SCANDAL — John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HOLD MY HAND I'M DYING — Christopher Cazenove, Henry Cele (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ERNEST SAVES CHRISTMAS — Jim Varney, Douglas Seale (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NITTI-THE ENFORCER — Michael Moriarty, Anthony La Paglia (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BETRAYED — Tom Berenger, Debra Winger (2-19) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

RANDBURG METRO 787-0340
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

7 ARTS NORWOOD 483-1680
THE RAINBOW — Glenda Jackson, Sammi Davis (2-19) DAILY: 2.15, 5.30, 7.45, 10.00

SHARE THEATRES 494-1137 1-8 ALL ADMISSIONS R2,50
BLACK RAIN — Michael Douglas, Kate Capshaw (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HOLD MY HAND I'M DYING — Christopher Cazenove, Henry Cele (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LETHAL WEAPON 2 — Mel Gibson, Danny Glover (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FUNNY FACE — Alain D. Woolf, Patricia Lewis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROADHOUSE — Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRISON — Lane Smith (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE PICASSO TRIGGER — Harold Diamond (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SUN DRAGON — Bill Chong (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
1 THE SIEGE OF FIREBASE GLORIA — Wings Hauser, R. Lee Ermey (2-18)
3 ERNEST SAVES CHRISTMAS — Jim Varney, Douglas Seale (A)
2 ROADHOUSE — Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 LETHAL WEAPON 2 — Mel Gibson, Danny Glover (2-18) SUNDAY: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Dennis Quaid GREAT BALLS OF FIRE MUSICAL (A)

**NU METRO THEATRES PRETORIA**
Now Showing 1-7 December

OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
SCANDAL — Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
FUNNY FACE — A side-splitting comedy (A) Alain D. Woolf, Patricia Lewis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VILLAGE 44-6096
1 Hold My Hand I'm Dying — A powerful drama (2-18) Christopher Cazenove, Henry Cele DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 THE SIEGE OF FIREBASE GLORIA — Action Thriller (2-18) Wings Hauser, R. Lee Ermey DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 BLACK RAIN — Action (2-16) Michael Douglas, Kate Capshaw DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 DEAD POETS SOCIETY — A Stirring Drama (A) Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
3 FUNNY FACE — A side-splitting comedy (A) Alain D. Woolf, Patricia Lewis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 BATMAN — Action (PG2-12) Michael Keaton, Jack Nicholson MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 Roadhouse — Action Drama (2-19) Patrick Swayze, Kelly Lynch DAILY: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

BOOK AT COMPUTICKET

**NU METRO THEATRES**
NOW SHOWING 1-7 December

STUTTAFORDS METRO 26-1818 TOWN SQUARE
1 FUNNY FACE — A side-splitting comedy (A) Alain D. Woolf, Patricia Lewis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 SCANDAL — Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 Ernest Saves Christmas — Great Holiday Fun (A) Jim Varney, Douglas Seale DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

FISH HOEK METRO 82-2404 TOWN SQUARE, MAIN STREET
1 BLACK RAIN — Action (2-16) Michael Douglas, Kate Capshaw DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 FUNNY FACE — A side-splitting comedy (A) Alain D. Woolf, Patricia Lewis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 BETRAYED — A powerful drama (2-19) Tom Berenger, Debra Winger DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

SEA POINT METRO 44-7951 MAIN ROAD
1 BLACK RAIN — Action (2-16) Michael Douglas, Kate Capshaw DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 FUNNY FACE — A side-splitting comedy (A) Alain D. Woolf, Patricia Lewis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 DEAD POETS SOCIETY — A Stirring Drama (A) Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
4 SCANDAL — Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BRACKENFELL METRO 901-8100 CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 BLACK RAIN — Action (2-16) Michael Douglas, Kate Capshaw DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 FUNNY FACE — A side-splitting comedy (A) Alain D. Woolf, Patricia Lewis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 BETRAYED — A powerful drama (2-19) Tom Berenger, Debra Winger DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
4 DEAD POETS SOCIETY — A Stirring Drama (A) Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

OSCAR Adderley St. 45-2585
LETHAL ATTRACTION — Comedy Thriller (2-16) Wynona Ryder, Christian Slater DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

RONDEBOSCH METRO 685-4569
FUNNY FACE — A side-splitting comedy (A) Alain D. Woolf, Patricia Lewis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 BLACK RAIN — Action (2-16) PLUS THE DREAM TEAM — Comedy (2-10) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00
2 Siege of Firebase Gloria — Action Thriller (2-18) PLUS Funny Face — A side-splitting comedy (A) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN


# MUSIEK

**JOHANNESBURG**

**Jameson's Bar**, Commissionerstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. Wye verskeidenheid van mbaqanga tot rock. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Jazz elke dag van 12 tot 2nm en Saterdae van 2 tot 6nm. LIGHT YEARS speel die naweek en van volgende week is dit SCHOOL OF LOVE, 'n nuwe groep. Onthou vir husky Aletta? Sy was die voorsanger van The Believers. Wel, sy's terug, met rock en roll!
**Roxy Rhythm Bar**, Mainstraat, Melville: Vanaand: AFRICAN JAZZ PIONEERS. Saterdag: JACK'S BAND. Maandag: GREEN - 'n Nuwe groep uit Kaapstad wat glo 'energetic pop-rock' speel. Dinsdag: LITTLE SISTER. Woensdag: DIAMOND DOGS. Donderdag: THE JIVE.
**Kippies**, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.) ZANUSI speel tans hier tot 10 Desember.
**The Junction**, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en pool-kamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior is soms Saterdagaande die platejoggies. Vir "denkende" jollers. Die groep BAND OF GYPSEYS is tans hier te sien.
**Rumours**, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.
Late Nite Duke's, Melville: Laatnag-alternatief vir middelstedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**KAAPSTAD**

Base: Sondagaand is Jazz Denn soos altyd en Woensdag weer reggae.
Cafe Royal, Kerkstraat, Kaapstad: Vanaand and Saterdag speel THE LOW DOWN BLUES BAND en elke Woensdagaand is daar lewendige musiek.

# GALERYE



**"The Rainy Season" - Foto's van die mense van Namibia tydens die oorlog, 'n uitstalling van die persfotograaf John Liebenberg is in die Mark-Galery te sien.**

**JOHANNESBURG**

**Fuba-Galery** stal werke van hulle studente uit.
**Kim Sacks-Galery**: Uitstalling van keramiekwerke deur Kim Sacks. Ook werk uit Guatemala, Zaïre en Gazankulu. Tot 16 Desember.
**Gallery on the Market**, Newtown: Diek Grobler en Marna Schoeman stal werke tot einde Januarie uit.
**Johannesburgse Kunsgalery**: Duitse Ekspressioniste tot 10 Desember. Gerard Sekoto stal tot 10 Februarie uit.
**Karen McKerron-Galery**, Bryanston: Diana Graham en Annette Loubser stal saam tot 6 Desember uit.
**African Magic**: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.
**Zona** Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.

**KAAPSTAD**

**Baxter-Galery**: Galery uitstalling.
**Art Scene**, Seepunt: Gemengde uitstalling van skilderye, keramiek en glaswerk.
**Daljosafat-kunsstigting, Non Pareille, Daljosafat, Paarl**: Someruitstalling tot 18 Desember. Met Gavin Younge, Barend de Wet, Pippa Skotnes, Hardy Botha en Sue Williamson. Tel: (02211) 624924
**Gallery 709**, Adderleystraat: Verskeie beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars van onder andere: Naama Nothmann, en Lukas van Vuuren.

# FILMS

*****Voortreflik
****Sterk aanbeveel
***Sien gerus
**So-so
*Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

*****BAGDAD CAFE - 'n Verfrissende, fabelagtige moderne mite met genoeg straatmeriete en komiese oomblikke om die mees rebelse punk 'n traan te laat wegpink. Met Jack Palance en Marianne Sägebrecht.

*****LAWRENCE OF ARABIA - David Lean se klassieke sage oor TE Lawrence.

****CINEMA PARADISO - 'n Skreeusnaakse en ontroerende storie oor vriendskap en 'n huldeblyk aan "verbode" soene in ou flieks. Met die "cute" kinderster Salvatore Cascio en Philippe Noiret.

***BETRAYED - Costa-Gavras se boeiende drama oor regse geweld in Amerika. Ietwat van 'n preek, maar moet dit nie misloop nie. Met Debra Winger en Tom Berenger in die hoofrolle.

***LETHAL WEAPON II - 'n Aksieriller met Mel Gibson en Danny Glover in die rolle van twee speurders.

***WIZARD OF LONELINESS - Die storie van 'n 12-jarige seun se siniese uitkyk op die lewe, hoe hy grootword en toe aanvaar dat hy 'n mens is.

***WAR REQUIEM - Derek Jarman se popvideo na die dodemis van Ben Britten.

***THE RAINBOW - 'n Ken Russell-fliek wat glo nie sy aanhangers baie bly sal maak nie (maar dan het almal dieselfde gesê van die briljante "Salome's Last Dance"). Baie romanties na die roman van DH Lawrence.

***SCANDAL - Bridget Fonda en Joanna Whalley-Kilmer in die skandaal oor die minister, die model en die Russiese spioen.

***THE JANUARY MAN - Kevin Kline (Wie sal Wanda ooit vergeet) en Susan Sarandon speel die hoofrolle in dié komedie oor 'n speurder en 'n kunstenaar.

***HAIRSPRAY - 'n Fliek wat in die vroeë jare sestig afspeel, toe mense jou nog skeef aangekyk het omdat jy met 'n bruin vel oorgetrek is (selfs in ou "liberale" Amerika). Met Divine (in sy laaste rol voor sy dood), Debbie Harry en ander interessante mense.

**ROADHOUSE - Partick Swayze in 'n baie gewelddadige fliek (met sekstonele boonop) oor 'n deeltydse uitsmyter - hy is eintlik 'n filosoof - by 'n nagklub wat in die moeilikheid beland.

**DEAD POETS SOCIETY - Die storie van 'n Engelse onderwyser (Robin Williams) wat met sy individualistiese idees sy studente inspireer om hulle persoonlike ideale na te streef. Baie gewild by die loket en veral by party van VW se getroue lesers.

**HALLOWEEN 4 - Michael Myers is terug om een en almal weer baie bang te maak.

**PINK CADILLAC - Bernadette Peters en Clint Eastwood in 'n baie vervelige fliek.

**AND GOD CREATED WOMAN - Die 1989-weergawe van Roger Vadim se gelyknamige fliek van 30 jaar gelede waarin Briget Bardot die hoofrol vertolk het. Albei het intussen oud geword... maar Roger Vadim is nog die regisseur terwyl Bardot vervang is deur Rebecca DeMornay.

*THE GOD'S MUST BE CRAZY II - Jamie Uys is terug met 'n fliek waaraan hy vier jaar lank gewerk het oor mense wat ongelukkig is met situasies waarin hulle hulself bevind, en alewig deur omstandighede (en boelies) gehinder word om te wees waar hulle WIL wees. Nîxay, Hans Strydom en Lena Farugia speel die hoofrolle.

*SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL - Met Gene Wilder en Richard Pryor in 'n baie simpel komedie.

COOKIE - 'n Komedie met Peter Falk in die hoofrol wat te veel herhinner aan die lomp televisiereeks-speurder, Columbo.

FUNNY FACE - Gedink die klomp snert in "You're Famous" was erg, hierdie een is erger. Alain D Woolf is vir ALLES verantwoordelik.

LOVERBOY - Patrick Demsey speel die rol van 'n jongman wat nie net die lekkergeid van pizzas ontdek nie, maar ook kennis maak met huisvroue wat baie daarvan hou as hy die 'lekkerny' by hulle huise aflewer.

*Vervolg op bl 8*



**So lyk Mel Gibson (links) van agter. Diegene wat hom van voor wil sien, gaan kyk "Lethal Weapon II". Patsy Kensit is pasella. Regs is die regisseur, Richard Donner.**



**Peter Falk en Emily Lloyd as pa en dogter in the komedie "Cookie".**


## Kaapstad

**ROLPRENTE** — WORD NOU VERTOON VRYDAG en SATERDAG 1 en 2 DESEMBER 1989
KONSESSIE PRYSE VIR STUDENDE EN SKOLIERE BY ALLE VERTONINGS
**TEATERS** VOORUITBESPREKING BY COMPUTICKET (NAVRAE (021) 21-4715)

**Maynard Mall Wynberg**
HOOFWEG, TEL. 761-0131
DAAGLIKS: 9 45, 12.15, 2.30, 5 15, 8 00, 10 30 nm • MICHEAL DOUGLAS • **BLACK RAIN** AKSIE RILLER — 'n MOET SIEN FLIEK (2-16)
DAAGLIKS 9 45, 12.00, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 nm RICHARD PRIOR • GENE WILDER **SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL** SKREEUSNAAKSE VOLWASSE KOMEDIE (2-18)
DAAGLIKS: 9.45, 12.00, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 nm • JAMIE UYS • **THE GODS MUST BE CRAZY II** SPELERS N!XAM — LENA FARUGIA (Almal)
DAAGLIKS. 9 45, 12 00, 2.30, 5.30, 8.00, 10 15 nm JIM VARNEY • DOUGLAS SEALE **ERNEST SAVES CHRISTMAS** GROOT PRET VIR ELKEEN (Almal)

**Protea Claremont**
HOOFWEG, TEL. 61-7979
DAAGLIKS 9 45, 12.15, 2 30, 5 15, 8 00, 10 30 nm • MICHEAL DOUGLAS • **BLACK RAIN** AKSIE RILLER — 'n MOET SIEN FLIEK (2-16)
DAAGLIKS. 9 45, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.30 nm • ROBIN WILLIAMS • **DEAD POETS SOCIETY** HY MAAK HULLE LEWENS BUITENGEWOON (Almal)
DAAGLIKS: 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 nm PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON KIRSTIE ALLEY **LOVERBOY** ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
★ SATERDAG om 10.00 vm ★ **WILLOW**

**Constantia Rosebank**
HOOFWEG, TEL. 686-6649
DAAGLIKS: 9.45, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.30 nm CANNES FILMFEES TOEKENNING **CINEMA PARADISO** ITALIANSE DRAMA — SUB-TITELS (Almal)
DAAGLIKS: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm ANNE BANCROFT • MATTHEW BRODERICK **TORCH SONG TRILOGY** Dit verg moed en baie humor. Volwassenes Geen 2-19
DAAGLIKS: 9 45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10 15 nm MARIANNE SÅGEBRECHT • CCH POUNDER JACK PALANCE in Percy Adlons **BAGDAD CAFE** 'n KOMEDIE-FABEL — HOOGAANGESKREWE! (2-16)

**Elite Seepunt**
SEEPUNT, TEL. 44-6941
DAAGLIKS: 2.30 and 8 30 nm RICHARD PRIOR • GENE WILDER **SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL** SKREEUSNAAKSE VOLWASSE KOMEDIE (2-18)
DAAGLIKS: 5 30 nm ALLEEN MICHAEL BIEHN • MAUREEN MUELLER • PATRICK DEMPSEY • **IN A SHALLOW GRAVE** 'n WARE LIEFDESVERHAAL (2-18)
★ SATERDAG om 10.00 vm ★ **WHO FRAMED ROGER RABBIT**

**Tygervallei**
Tygervalleisentrum, Bellville Tel. 948-6710
DAAGLIKS: 9 45, 12.15, 2 30, 5.15, 8.00, 10 30 nm • MICHEAL DOUGLAS • **BLACK RAIN** AKSIE RILLER — 'n MOET SIEN FLIEK (2-16)
DAAGLIKS: 9 45, 12.00, 2 30, 5 30, 8.00, 10 15 nm PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON • KIRSTIE ALLEY • **LOVERBOY** ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
DAAGLIKS: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm • JAMIE UYS • **THE GODS MUST BE CRAZY II** SPELERS NIXAM — LENA FARUGIA (Almal)
DAAGLIKS: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10 30 nm • ROBIN WILLIAMS • **DEAD POETS SOCIETY** HY MAAK HULLE LEWENS BUITENGEWOON (Almal)

**Kine Parow**
Sanlamsentrum, Parow Tel. 92-5126
VRY-SAT: 9 45, 12.15, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 MAAN-DON: 9.45, 12 15, 2.30, 5.30, 8 30 • MICHEAL DOUGLAS • **BLACK RAIN** AKSIE RILLER — 'n MOET SIEN FLIEK (2-16)
VRY-SAT 9 45, 12 00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 MAAN-DON: 9.45, 12 00, 2 30, 5.30, 8.30 • JAMIE UYS • **THE GODS MUST BE CRAZY II** (Almal)

**Goue Akker**
MIDDESTAD, TEL. 25-2720
DAAGLIKS: 9 45, 12 15, 2.30, 5 15, 8.00, 10.30 nm • MICHEAL DOUGLAS • **BLACK RAIN** AKSIE RILLER — 'n MOET SIEN FLIEK (2-16)
DAAGLIKS: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10 15 nm PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON - KIRSTIE ALLEY - **LOVERBOY** ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
DAAGLIKS: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm • JAMIE UYS • **THE GODS MUST BE CRAZY II** STARRING NIXAM — LENA FARUGIA (ALL)

**Monte Carlo**
STRANDGEBIED, TEL. 25-3052
DAAGLIKS: 10 vm, 2.30, 8.00 nm NUUT — GEREDIGEER — DOLBY STEREO **LAWRENCE OF ARABIA** Peter O'Toole, Alel Guiness, Anthony Quinn. (ALMAL)
VRY. 10.30, 2.30, 5.30, 8 00, 10.30 SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5 30, 8 00, 10.30 MAAN-DON: 10.30, 2.30, 5 30, 8.30 TOM BERENGER • DEBRA WINGER **BETRAYED** DRAMA — VOLWASSENES ALLEEN (2-19)

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
VRY: 2.00, 4.15, 6.30, 8 45 nm SAT: 11.00, 2 00, 4.15, 6.30, 8.45 nm MAAN-DON: 2.00, 4.15, 6 30, 8 45 nm • PATRICK SWAYZE • **ROADHOUSE** SEKS — AKSIE BELAAI! (2-19)
★ ★ MAANDAG 4 DESEMBER ★ ★ ★ 8.45 — PREMIÈRE ★ **OH SHUCKS ... ITS SCHUSTER**
VRY. 2 00, 4.30, 6.45, 9.00 nm SAT: 11 00, 2 00, 4.30, 6.45, 9.00 nm MAAN-DON: 2.00, 4.30, 6.45, 9 00 nm MEL GIBSON • DANNY GLOVER **LETHAL WEAPON 2** VINNIGE GEEN-STOP AKSIE (2-18)
★ SATERDAG om 11.00 vm ALLEEN ★ **3 MEN AND A BABY**
VRY. 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 nm SAT: 11 00, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 MAAN-DON: 2 00, 4 15, 6.30, 8.45 nm PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON • KIRSTIE ALLEY **LOVERBOY** ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
VRY: 2,00, 4.30, 6.45, 9.00 nm SAT: 11.00, 2.00, 4 30, 6.45, 9.00 nm MAAN-DON: 2.00, 4.30, 6.45, 9,00 nm MARIANNE SÅGEBRECHT • CCH POUNDER — JACK PALANCE — IN Percy Adlons **BAGDAD CAFE** 'n KOMEDIE-FABEL — HOOGS AANGESKREWE! (2-16)

**Somerset-Wes**
TEL. (024) 51-5581
VRY: 2.15, 4.45, 7.15, 9.30 nm SAT: 11 00, 2.15, 4.45, 7 15, 9.30 nm MAAN-DON: 3 00, 6.00, 8.30 nm • MICHEAL DOUGLAS • **BLACK RAIN** AKSIE RILLER — 'n MOET SIEN FLIEK (2-16)
VRY. 2 00, 4.30, 7 00, 9.15 nm SAT. 10.30, 2.00, 4.30, 7.00, 9.15 nm MAAN-DON: 2 30, 5.30, 8.00 nm • ROBIN WILLIAMS • **DEAD POETS SOCIETY** HE MAAK HULLE LEWENS BUITENGEWOON (Almal)
★ SATERDAG om 10.30 vm alleen ★ **THE FOX AND THE HOUND**

**IN-RY** ★ SAANS om 8.30 nm ★ R10,00 per Motor, Kombi of Bakkie vir 2 Rolprente
**Goodwood - Tel 54-4339** • MICHEAL DOUGLAS • **BLACK RAIN** AKSIE RILLER — 'n MOET SIEN FLIEK (2-16) • PATRICK SWAYZE • **ROADHOUSE** SEKS — AKSIE BELAAI (2-19)
**Seabreeze - Tel 701-3309** • ROBIN WILLIAMS • **DEAD POETS SOCIETY** HY MAAK HULLE LEWENS BUITENGEWOON (Almal) • CLINT EASTWOOD **PINK CADILLAC** KOMEDIE/RILLER (Almal)
**Skyvue - Tel 903-5130** • JAMIE UYS • **THE GODS MUST BE CRAZY II** SPELERS NIXAM, LENA FARUGIA (Almal) • TOM BERENGER • CORBIN BERNSEN — CHARLIE SHEEN — **MAJOR LEAGUE** 'n GROOT KOMEDIE (2-14)

• ADGRAPHICS •



**STER-KINEKOR** 1 DES – 7 DES VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM
# ROLPRENTE
PRETORIA COMPUTICKET NAVRAE (012) 322-7460

## SENTRAAL

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Daagliks: 9 45, 12 15, 2 30, 5 20, 8 00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.45, 5.30, 8.00, 10 30 nm BETRAYED (2-19)
Daagliks. 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm LOVERBOY (2-14)
LETHAL WEAPON 2 (2-18) VOORSKOU – WOENS 6 NOV 7.45 nm HONEY, I SHRUNK THE KIDS
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
ROADHOUSE (2-19)
BRUTAL GLORY (2-12)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
Daagliks 9 45, 12.15, 2.30, 5 30, 8 00, 10 30 nm DEAD POET'S SOCIETY (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A) 8 Des – BACK TO THE FUTURE 2 (A)
MISS HILLBROW-FINALE Sondag 3 Des 7.00 nm
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134**
Daagliks 9 45, 12.15, 2 30, 5 20, 8 00, 10 30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Daagliks. 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 nm LETHAL WEAPON 2 (2-18) MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN AKSIE!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18) GENE WILDER & RICHARD PRYOR!
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**DIE MEKKA VAN GEHALTE FILMS**
Pensioenarls konsessies slegs geldig Maan tot Don om 10.00 vm, 12.15 & 2.30 nm by Constantia en The Mall
VOLGENDE AANBIEDINGS GONE WITH THE WIND / THE SANDWICH YEARS / THAT SUMMER OF WHITE ROSES / AUTUMN MILK

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daagliks: 10.00, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm CINEMA PARADISO (A) (Italiaanse dialoog – Engelse byskrifte)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 SALAAM BOMBAY (2-12)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm TORCH SONG TRILOGY (2-19)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm BAGDAD CAFE (2-16)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm HAIRSPRAY (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm WIZARD OF LONELINESS (2-12)

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daagliks: 10 00, 2.30, 8.00 nm LAWRENCE OF ARABIA (A) (LW: DRAAITYD 226 MINUTE)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm DEAD POET'S SOCIETY (A)
Onderdak parkering beskikbaar by ingang agter Constantia-sentrum

**STER-KINEKOR INRYE 1 Des – 7 Des**
DIE TREFFER KOMEDIE NOU BY DIE INRYE! JAMIE UYS SE ... THE GODS MUST BE CRAZY 2
Velskoen • Atlas • Top Star Sterlig • Kinander (Evander)

**GERMISTON 816-1444/902-1607/8**
MEL GIBSON EN DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER LETHAL WEAPON 2 (2-18) HER ALIBI (A) 8 Des: WALT DISNEY SE – HONEY, I SHRUNK THE KIDS

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129**
MICHAEL DOUGLAS IN DIE SUPER AKSIE RILLER! BLACK RAIN (2-16) PLUS DIE SKOKKENDE FILM ... THE ACCUSED (2-18) 8 Des: GHOSTBUSTERS 2

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
ROBIN WILLIAMS IN DIE TREFFER KOMEDIE-DRAMA WAT U NIE MOET MISLOOP NIE! DEAD POET'S SOCIETY (A) DISORGANISED CRIME (A) 8 Des: Stephen Spielberg se LAND BEFORE TIME

## NOORD

**SANDTON CITY 1-9 783-4430/1**
Daagliks 9 45, 12.15, 2.30, 5.20, 8 00, 10 30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Daagliks 10 00, 2 30, 5 30, 8.00, 10.30 nm BETRAYED (2-19)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)
LOVERBOY (2-14)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
LETHAL WEAPON 2 (2-18) VOORSKOU – WOENS 6 NOV 7.45 nm HONEY, I SHRUNK THE KIDS
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18) Sat 2 Des 10 00, 12 15 nm THE CARE BEARS – THE MOVIE 2 (A)
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.15 nm ROADHOUSE (2-19)
Daagliks 9 45, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.30 nm DEAD POET'S SOCIETY (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A) 8 Des – BACK TO THE FUTURE 2 (A)

BINNEKORT BY 'N TEATER NABY U ... 8 DESEMBER GHOSTBUSTERS 2 'n Kersfees Aksie Komedie met BILL MURRAY • SIGOURNEY WEAVER
HONEY, I SHRUNK THE KIDS 'n Lagwekkende komedie met ... RICK MORANIS

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 nm LOVERBOY (2-14) 'N ROMANTIESE KOMEDIE!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18) GENE WILDER & RICHARD PRYOR!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) VOORSKOU – WOENS 6 NOV 7.45 nm HONEY, I SHRUNK THE KIDS
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Daagliks 9 45, 12.15, 2 30, 5 20, 8 00, 10 30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Daagliks 9.45, 12 15, 2 30, 5 30, 8 00, 10.30 nm DEAD POET'S SOCIETY (A) ROBIN WILLIAMS IN DIE ROERENDE KOMEDIE/DRAMA!
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daagliks 9 45, 12.15, 2 30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
DEAD POET'S SOCIETY (A) ROBIN WILLIAMS IN DIE ROERENDE KOMEDIE/DRAMA!
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877**
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) GREAT BALLS OF FIRE (A) THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
LW: 3de Vertoning – Slegs Vry & Sat! WEES AANGERAAI – KOM VROEG! HEKKE EN KAFETERIA MAAK 6 nm OOP. VERTONING BEGIN 7.15 nm

**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131**
'N SKOKKENDE RILLER MET TOM BERENGER EN DEBRA WINGER! BETRAYED (2-19) THE JANUARY MAN (2-18) 8 Des: BACK TO THE FUTURE 2

**VEREENIGING 816-1444/12-3211**
DIE KOMEDIE SPAN VAN DIE JAAR IN DIE PRET KOMEDIE! GENE WILDER & RICHARD PRYOR! SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18) SKIN DEEP (2-18) 8 Des: THE GODS MUST BE CRAZY 2

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**
ROBIN WILLIAMS IN DIE TREFFER KOMEDIE DRAMA WAT U NIE MOET MISLOOP NIE! DEAD POET'S SOCIETY (A) DISORGANISED CRIME (A) 8 Des: THE GODS MUST BE CRAZY 2

**KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117**
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) FIELA SE KIND (A) HEKKE EN KAFETERIA MAAK 6 nm OOP. VERTONING BEGIN 7.15 nm

## OOS

**EASTGATE 1-6 622-3617/8**
Daagliks: 9 45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Daagliks 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm LOVERBOY (2-14)
LETHAL WEAPON 2 (2-18) VOORSKOU – WOENS 6 NOV 7.45 nm HONEY, I SHRUNK THE KIDS
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
Daagliks 9 45, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.30 nm DEAD POET'S SOCIETY (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A) 15 Des – OH SHUCKS, IT'S SCHUSTER (A)

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Maan-Don 9 45, 12 15, 2 30, 5 20, 8.00 nm Vry-Sat 9 45, 12 15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Maan-Don. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45 nm Vry-Sat 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 nm THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 15 Des – OH SHUCKS, IT'S SCHUSTER (A)

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Maan-Don 12 15, 2 30, 5 20, 8 00 nm Vry: 12.15, 2 30, 5 20, 8 00 10 30 nm Sat 9 45, 12.15, 2 30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY BENONI PLAZA
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**350 BOKSBURG 52-4631**
Maan-Don 12 15, 2 30, 5 30, 7 45 nm Vry: 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 nm Sat: 10.00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 nm THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER!
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – BACK TO THE FUTURE 2 (A)

**PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223**
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45 nm Vry-Sat: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 nm LOVERBOY (2-14) 'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY!
Maan-Don 9 45, 12.15, 2 30, 5 30, 8 00 nm Vry-Sat: 9 45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm DEAD POET'S SOCIETY (A)
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**POTCH**

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daagliks 9 45, 12.15, 2 30, 5 20, 8 00, 10 30 nm BLACK RAIN (2-16)
Daagliks. 10 00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm BETRAYED (2-19)
Daagliks 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 nm THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 15 Des – OH SHUCKS, IT'S SCHUSTER (A)

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) THE BEAR (VV2-8) THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
LW: 3de Vertoning – Slegs Vry & Sat! WEES AANGERAAI – KOM VROEG! HEKKE EN KAFETERIA MAAK 6 nm OOP. VERTONING BEGIN 7.15 nm

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963**
(LW. NUWE INGANG IN BOUNDARYWEG, VOLG DIE PYLE IN HONEYDEWWEG) ROADHOUSE (2-19) PET SEMETARY (2-18) 8 Des HONEY, I SHRUNK THE KIDS

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) THE BEAR (VV2-8) WEES AANGERAAI – KOM VROEG! HEKKE EN KAFETERIA MAAK 6 nm OOP. VERTONING BEGIN 7.15 nm

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
DIE MEESTER STEPHEN SPIELBERG BIED AAN DIE AVONTUUR FILM VIR DIE HELE FAMILIE! THE LAND BEFORE TIME (A) K-9 (VV2-8) 8 Des: BACK TO THE FUTURE 2

**KRUGERSDORP 412-1843/953-1959**
DIE STER VAN "DIRTY DANCING" EN "NORTH AND SOUTH" .. PATRICK SWAYZE! ROADHOUSE (2-19) THE JANUARY MAN (2-18) 8 Des: ERNEST SAVES CHRISTMAS

## WES

**WESTGATE 1-6 764-2530**
Daagliks: 9 45, 12.15, 2 30, 5.20, 8 00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 30 nm LOVERBOY (2-14)
LETHAL WEAPON 2 (2-18) VOORSKOU – WOENS 6 NOV 7 45 nm HONEY, I SHRUNK THE KIDS
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
Daagliks: 10.00, 12 15, 2 30, 8 00 nm ERNEST SAVES CHRISTMAS (A) Daagliks 5 30, 10.15 nm BETRAYED (2-19)
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A) 8 Des – BACK TO THE FUTURE 2 (A)

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daagliks. 9 45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16)
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 nm SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 15 Des – OH SHUCKS, IT'S SCHUSTER (A)

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013** Kaartjies: Volwassenes R5,50, Skoliere R3.50
Daagliks 9 45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16)
Daagliks: 9 45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm BETRAYED (2-19)
Daagliks 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm LETHAL WEAPON 2 (2-18)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18) Sat 2 Des: 10 00, 12.15 nm BLACK EAGLE (A)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A) 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**KINE KRUGERSDORP 665-5330**
Daagliks: 9 45, 12 15, 2.30, 5.20, 8 00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16)
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**VAAL △**

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 nm ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm LOVERBOY (2-14)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017**
LAASTE WEEK! THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) CHANCES ARE (A) 8 Des: GHOSTBUSTERS 2

**KEMPTON PARK 816-1444/976-4905**
DIE FILM WAT SA STORMLOOP! MET PATRICK SWAYZE (DIRTY DANCING)! ROADHOUSE (2-19) FLETCH LIVES (A) 8 Des: Stephen Spielberg se LAND BEFORE TIME

**BRAKPAN 816-1444/918-3907**
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR! LETHAL WEAPON 2 (2-18) DEAD BANG (2-18) 8 Des: THE GODS MUST BE CRAZY 2

**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4130**
CLINT EASTWOOD ... PINK CADILLAC (A) DISORGANISED CRIME (A) 8 Des: BLACK RAIN/THE ACCUSED

**NIGEL 816-1444/739-6016**
MEL GIBSON EN DANNY GLOVER IN DIE AKSIE-BELAAIDE FILM! LETHAL WEAPON 2 (2-18) DISORGANISED CRIME (A) 8 Des: Stephen Spielberg se LAND BEFORE TIME

## PRETORIA

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Daagliks: 10.00, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 nm BETRAYED (2-19)
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 nm SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
LOVERBOY (2-14)
BRUTAL GLORY (2-12)
ROADHOUSE (2-19)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
THE BEAR (VV2-8)
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**SUNNYPARK 1-3 44-4069**
Daagliks. 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm LETHAL WEAPON 2 (2-18) VOORSKOU – WOENS 6 NOV 7.45 nm HONEY, I SHRUNK THE KIDS
Daagliks. 9.45, 12.15, 2 30, 5 30, 8.00, 10.30 nm DEAD POET'S SOCIETY (A) ROBIN WILLIAMS IN DIE ROERENDE KOMEDIE/DRAMA!
Daagliks: 9 45, 12 00, 2.30, 5 30, 8.00, 10.30 nm CINEMA PARADISO (A) (ITALIAANSE DIALOOG – ENGELSE BYSKRIFTE)
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**TRANSVALIA 26-8387**
Maan-Don: 2.30, 8 00 nm Vry-Sat: 10.00, 2.30, 8 00 nm LAWRENCE OF ARABIA (A)

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Maan-Don: 9 45, 12 15 2 30 5 20, 8 00 nm Vry-Sat. 9.45, 12 15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm BLACK RAIN (2-16) 'N AKSIE RILLER MET MICHAEL DOUGLAS!
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45 nm Vry-Sat: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
VOLGENDE AANBIEDING 8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIEK SKAATS MAANDAE – SATERDAE 1ste Sessie: 10.00-12.30 nm 2de Sessie: 2.00-5.00 nm Sat. 2.00-5.00 nm – 7.30-10.30 nm

**Sun City Teaters 014651-21174**
WORD TANS VERTOON: OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3: GHOSTBUSTERS 2 (A) TWO MOON JUNCTION (2-18)
CINE 1: BARE BEHIND BARS (Volwasse) TRINITY BROWN (Volwasse) LAS VEGAS MANIACS (Volwasse)
CINE 2: PRETTY PEACHES (Volwasse) COVER GIRL (Volwasse) THE BLOND NEXT DOOR (Volwasse)

**STER-KINEKOR PRETORIA INRYE**
VOLGENDE AANBIEDINGS: 8 Desember GHOSTBUSTERS 2 BACK TO THE FUTURE 2 HONEY, I SHRUNK THE KIDS Skakel asb. Ster-Kinekor Navrae 44-5253 vir besonderhede

**FOUNTAINS 44-2454**
MICHAEL DOUGLAS IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE RILLER WAT U NIE MOET MISLOOP NIE! BLACK RAIN (2-16) THE PRESIDIO (2-16)

**SWARTKOPS 374-4902**
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY, KIRSTIE ALLEY, KATE JACKSON EN BARBARA CARRERA! LOVERBOY (2-14) CRIMINAL LAW (2-18)

**WONDERBOOM 57-1108**
JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE WAT SA STORMLOOP! THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) THE KARATE KID 3 (A)

**LYNNWOOD 87-1633**
'N KERSFEES KOMEDIE VIR DIE HELE FAMILIE! ERNEST SAVES CHRISTMAS (A) PLUS CORBIN BERNSEN (LA LAW) IN ... DISORGANISED CRIME (2-12)

**UITSPAN 7-2515**
PATRICK SWAYZE (DIRTY DANCING) IS MET SAM ELLIOT TERUG IN DIE AKSIE FILM ... ROADHOUSE (2-19) PET SEMETARY (2-18)

**JAKARANDA 54-9115 9**
HULLE IS TERUG OP DIE GROOT SKERM! MEL GIBSON & DANNY GLOVER TERUG IN AKSIE! LETHAL WEAPON 2 (2-18) TEQUILA SUNRISE (2-18)

**WITBANK 01351-81054**
JAMIE UYS SE ... THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A) ROXANNE (A)

**RUSTENBURG 01421-29358**
'N AVONTUURVERHAAL VIR DIE HELE FAMILIE! THE BEAR (VV2-8) PLUS RALPH MACCHIO IN ... THE KARATE KID 3 (A)

FILMS

# Onafhanklike rolprentteaters

**KAAPSTAD**
LABIA - Oranjestraat 68: Vanaand: 6.00 Two Moon Junction 8.15 When the Wind Blows 10.00 Pascali's Island.
Saterdag: 10.15vm en 2.15nm: An American Tail. 4.15 Red Kiss. 6.30 When the Wind Blows. 8.15 Pascali's Island. 10.15 Two Moon Junction.
Maandag: 6.00 Chances Are. 8.00 The Bear. 10.00 When the Wind Blows.
Dinsdag: 6.00 When the Wind Blows. 7.45 Red Kiss 10.00 Pascali's Island.
Woensdag: 6.00 The Bear. 8.00 Chances Are. 10.00 When The Wind Blows.
Donderdag: 4.00 The Bear. 6.00 When the Wind Blows 7.45 Pascali's Island. 10.20 Red Kiss.

**JOHANNESBURG**
CINE CORLETT - Louis Bothalaan 600, Bramley: SLEEPING BEAUTY deur die Kirov-Ballet vanaand om 8nm, Saterdag om 2.30, 6 en 9nm en Sondagmiddag om 2.30.
NUTCRACKER deur die Royal Ballet Maandag om 8nm, 5 en 6 Desember om 2.30 en 8nm.
NATASHA deur die Bolshoi-Ballet 7 tot 10 Desember.

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. NIGHT OF THE PENCILS wys vandag en môre om 3, 6, en 9nm. Volgende week wys HAIR. Spesiale dubbeldoor-midder-nagvertoning vannag: Bruce Lee in ENTER THE DRAGON en Al Pacino in SCARFACE.

CINE SUN - Orange Grove. DUCK SOUP van die Marx Brothers. Maandag tot Vrydag om 6 en 8nm. Saterdae om 2.30, 6 en 8nm.

7 ARTS, Norwood: Ken Russell se THE RAINBOW.



**Hector Olivera, die regisseur van "The Official Version", se tweede prent, "Night of the Pencils", draai nog vanaand en môre-aand in die Mini Cine in Hillbrow. Dié aangrypende verhaal speel af in 1976 in 'n Argentynse tronk en handel oor die aanhouding en moord op 'n groep studente.**

## DIE WEEK SE TV

### VRYDAG 1 DESEMBER

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
4.55 Pink Panther and Sons
5.05 Rockbottom and Company
5.25 Bible Story
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
9.50 Lili Marleen - kyk onder hoogtepunte
11.40 Oordenking

**TV2**
5.00 Lingisa
5.32 T & T - (Engels op Radio 2000)
7.00 Public Affairs
7.19 News
7.39 Naboke Ubomi - volwasse drama
8.09 Sidlale Intsha - musiek

**TV3**
5.00 Centurions - (Engels op Radio 2000)
5.32 T & T - (Engels op Radio 2000)
7.00 Nuus
7.19 Public Affairs
7.39 Lapologa

**TV4**
6.03 TopSport
9.04 Night of the Generals
11.31 MASH
11.58 Summer is Fun

**M-NET**
10.30 A Night in Heaven
11.50 60 Minutes
12.05 West 57th
12.15 60 Minutes
2.30 Telygames
3.00 Off Beat
4.30 Marvin
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Full House
Intekenare
7.05 Program sal aangekondig word
9.00 Aids: The Global Explosion
9.55: 48 Hours: Aids Valley
10.45 Boks

### SATERDAG 2

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 TopSport
1.00 Bill en Boel
1.05 Eier-Manie
1.10 Die Robinsons
1.35 Noem my net Lamprecht
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 J J Starbuck
8.00 News
8.35 Magnum
9.30 Private Benjamin - kyk onder hoogtepunte
11.20 The Best of British
11.55 Epilogue

**TV2**
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
5.00 Meriteng
7.00 Public Affairs
7.19 News
7.39 Shell Road to Fame
8.26 Thabure

**TV3**
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
5.00 Meriteng
7.00 News
7.19 Public Affairs
8.26 Thabure

**TV4**
6.03 Check it Out
6.30 Learning the Ropes
9.03 Murphy Brown
9.32 Baby Boom
9.59 Knots Landing
10.42 Cover Story
11.09 Soko 5113
11.59 TopSport

**M-NET**
1.00 Beach Boys
1.45 West 57th
2.00 The Making of Honey, I Shrunk the Kids
2.30 West 57th
3.00 Thank God it's Friday
4.25 Pedal vs Steam
4.30 Ysskaats
Oop Tyd
6.00 Houston Knights
Intekenare
7.05 Iron Eagle
9.00 Nothing in Common
11.00 The New Dr Ruth Show
11.30 Perfect
1.30 Hot Hits

### SONDAG 3

**TV1**
11.30 TopSport: Die Wildekus Skins-putjiespel
2.30 One Upon a Time
3.00 Galapagos
3.45 Collage
4.45 Love Leads the Way (finaal)
5.45 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network
9.00 The Rat Race - kyk onder hoogtepunte
10.40 Impetus
10.10 Insight

**TV2**
12.00 Kickers kinderprogram
12.30 Unqambothi
1.00 TopSport
7.00 Public Affairs
7.16 News
7.33 Imibono
7.57 Masakhane Godsdiensprogram
8.14 Ukholo Lunje

**TV3**
12.00 Dokumentêr
12.30 Ke Tsona
1.00 TopSport
7.00 News
7.16 Public Affairs
7.33 Le Reng/ La Reng?
7.55 Ho Lla Noto - Koorsang
8.13 Mahlasedi A Tumelo

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 North and South
10.00 Kate and Allie
10.27 Sing Country
10.53 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
10.30 Portugese diens begin
Intekenare
1.30 The adventures of Teddy Ruxpin
2.00 Storybreak
2.30 Bushfire Moon
3.00 The Heavenly Kid
4.30 Steven Spielberg
4.45 West 57th
5.00 Motorsport
5.30 Sokker
Oop Tyd
6.00 Sokker
Intekenare
7.15 Tennis
11.00 Stardust Memories

### MAANDAG 4

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.30 Throb
5.00 Sylvanian Families
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Bible Story
5.30 Bravestarr
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 Murder She Wrote
8.00 Netwerk
9.00 Sterretjie
9.40 Woord en Kontrei
10.00 TopSport
11.00 Op die drumpel van die dood
11.50 Oordenking

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Home and School Safety
5.10 Moving On Again
5.30 Ngenxa Yothando - Jeugdrama
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Police File
8.14 Igagasi
8.42 Ezodumo

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Home and School Safety
5.10 Moving On Again
5.30 Voltron (Engels op Radio 2000)
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Police File
8.14 Di A Rora - Musiek

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Head of Class
9.30 Dynasty
10.23 Wiseguy
11.19 The Forum Presents

**M-NET**
10.30 Perfect
2.30 Telygames
3.00 Tin Men
4.50 Earthfile
5.00 G I Joe
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 A Night in Heaven
8.25 Six feet of the Country - kyk onder hoogtepunte
9.00 Making Mr Right
10.35 Kick Start
11.00 The Natural

### DINSDAG 5

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Huispaleis
5.00 Die wonderwêreld van kleiman
5.10 Wielie Walie
5.30 Roep van die visarend
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Potpourri
7.00 Oorlewing
7.30 Vleuels
8.00 Network
9.00 Noble House
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Animal Family
5.10 Dealing with Dogs
5.20 Getting it Together
5.30 GI Joe
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Ezasempuma Koloni
8.27 Ikapa Lodumo

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Animal Family
5.10 Dealing with Dogs
5.20 Getting it Together
5.30 Lesoka Mphe Batho
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Diwetse

**TV4**
6.03 Reaching for the Skies
9.04 Gorky Park - kyk onder hoogtepunte
11.08 She's the Sheriff
11.33 The Big Valley

**M-NET**
10.30 A Wedding
2.30 Telygames
3.00 Comeback
4.40 60 Minutes
5.00 My Little Pony
5.30 Dino Riders
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.00 Captain James Cook
8.45 60 Minutes
9.00 Sokker
10.00 Boks
11.00 Thank God it's Friday

## Aids vandag op M-Net

M-Net bied vandag 'n reeks programme oor Aids aan. Die eerste, Dangerous Liaisons, 'n aanbieding van die program 60 Minutes, is om 11.50vm te sien. Die oggend-uitsending eindig met 'n kort insetsel oor Switzerland se Needle Park. Om 9-uur vanaand kan AIDS: The Global Explosion gesien word en net daarna sluit die aanbieding af met 48 Hours: AIDS Alley, waarin daar gekyk word na die onskuldige slagoffers teen die virus te beskerm.

'n Spesiale program oor die merkwaardige oorlogsliedjie wat die wêreld tydens die Tweede Wêreldoorlog gaande gehad het, LILI MARLEEN, wys vanaand op TV1. Die rolprent is deur die bekende Duitse rolprentmaker, Rainer Werner Fassbinder vervaardig.

'n Sukkelende prokureur besluit om die onregverdige regsbeleid te verwerp wanneer hy 'n regter, wat weens verkragting aangekla word, moet verdedig.

...AND JUSTICE FOR ALL wys Donderdagaand op M-net met Al Pacino en John Forsythe in die hoofrolle.

GORKY PARK, 'n meesleurende moorddrama wat in Rusland afspeel, wys Dinsdagaand op TV4. 'n Speurder ondersoek die saak waarin drie lyke in Gorky Park opgegrawe word. Met William Hurt, Brian Dennehy en Johanna Pacula.

SAMARITAN: THE MITCH SNYDER STORY, wat Woensdagaand op M-Net wys, is gegrond op die ware verhaal van 'n Viëtnam-veteraan (Martin Sheen) wat hom beywer vir die behoud van daklose Amerikaners. Ook met Roxanne Hart.

Maandagaand word die rolprentweergawe van Nadine Gordimer se kortverhaal SIX FEET OF THE COUNTRY op M-net vertoon.

Net daarna wys die satire MAKING MR RIGHT, 'n fliek oor 'n sakevrou wat onder andere spog met 'n ongelukkige liefdeslewe en toe verlief raak op 'n 'android' wat sy moet bemark.

Op TV1 Sondagaand kan 'n BAIE jonger Tony Curtis en Debby Reynolds in THE RAT RACE gesien word.

### WOENSDAG 6

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Foxtales
5.10 ZAPMAG
5.25 Bible Story
5.30 Garfield and Friends
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Starting from Scratch
8.00 Netwerk
9.05 Formule 1
9.35 Diagonal Street
10.00 TopSport
11.00 Die ma-plotters
11.30 Oordenking

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Bimbo
5.10 Career Awareness
5.20 Famous Fables
5.30 Voltron (Engels op Radio 2000)
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Deliwe
8.27 Imali Noma Ibhokisi

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Bimbo
5.10 Career Awareness
5.20 Famous Fables
5.30 Re A Aga
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Ntome Tsebe

**TV4**
6.03 The New Leave it to Beaver
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
10.01 Geluksdal
11.38 9 to 5

**M-NET**
10.30 A Change of Seasons
12.10 Into Africa
2.10 Telygames
2.40 The Natural
5.00 The Diplodos
5.30 Robocop
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.05 Captain James Cook
8.45 60 Minutes
9.00 Samaritan: The Mitch Snyder Story - kyk onder hoogtepunte
10.35 Kick Start
11.00 Off Beat

### DONDERDAG 7

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
11.30 TopSport: Sun City Miljoen dollar-golftoernooi
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Huispaleis
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Hardcastle en McCormick
8.00 Network
9.00 Hill Street Blues
10.00 Topsport
11.00 The Seduction
12.50 Face to Face

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Fat Albert and the Cosby Kids
5.15 Music and Me
5.30 Ezabasha
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Isigqi
8.30 Sizungeza Izwe

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Fat Albert and the Cosby Kids
5.15 Music and Me
5.30 Sabre Riders (Engels op Radio 2000)
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Jazz Jazz Jazz
8.26 Mopheme

**TV4**
6.03 Toyota Top 20
6.30 Muzik A la Carte
9.04 21 Jump Street
9.58 Movie Focus
10.32 Night Court
11.01 Die Valeurs van Montreal
11.54 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Stardust Memories
12.00 Six Feet of the Country
2.30 Telygames
3.00 A Night on Heaven
4.20 60 Minutes
4.35 West 57th
5.00 Worzel Gummidge Down Under
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Boks
9.00 ...And Justice for All - kyk onder hoogtepunte
11.00 Perfect

Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS

CHRIS PRETORIUS OOR PORTUGESE KOFFIE - 4